

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en  
Toerisme

# Jaarlikse Prestasieplan

vir 2024/25

# Verklaring van die Uitvoerende Gesag

---

Ons strewre daarna om 'n florerende ekonomie te bewerkstellig wat teen 2035 met koerse van tussen 4% en 6% groei. Ons strewre daarna om honderdduisende nuwe werksgeleenthede te skep en mense uit armoede te lig. Ons strewre na 'n ekonomie waar besighede, hetsy groot, klein of informeel, oor die krag, water, infrastruktuur, vaardighede en tegnologie beskik wat hulle benodig om te groei en suksesvol te wees.

Die grondbeginsel wat hierdie waagmoedige doelwit dryf, is die oortuiging dat die private sektor werksgeleenthede skep, terwyl die staat markgroei stimuleer deur 'n omgewing te bevorder wat geleenthede vir 'n beter toekoms moontlik maak.

Groei vir Werk (G4J) noodsaak 'n omvattende, dwarslopende regeringsbenadering, met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) as 'n koördinerende departement aan die spits van drie van die sewe prioriteitsfokusgebiede (PFG's).

In die eerste plek is die stimulering van groei deur middel van uitvoere en die uitbreiding van plaaslike markte noodsaaklik vir Suid-Afrika se ekonomiese herstel. Ons benadering is duidelik en volg 'n uitvoergeleide groeistrategie, wat fokus op navorsing om logistieke uitdagings die hoof te bied, sowel as samewerking met sleutelbelanghebbendes en die benutting van toerisme om die Wes-Kaap as 'n gesogte bestemming te posisioneer.

In die tweede plek is dit van uiterste belang om geleenthede vir groei deur middel van investering te bevorder. Die optimalisering van aktiwiteite rakende investeringbevordering en -ontwikkeling, tesame met 'n grondige begrip van die investeringslandskap, sal die Wes-Kaap se veerkragtigheid ten opsigte van kwesbaarhede versterk en moontlikhede vir nuwe geleenthede skep.

Laastens behels die verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid die ontwikkeling van die arbeidsmag en entrepreneurskap, wat die jongmense in ons ekonomie teiken. Ons is gereed om deur middel van ervaringsleer, doelgebonde vaardigheidsprogramme en innoverende projekte die skep van duisende werksgeleenthede moontlik te maak, digitale geletterdheid te versterk en die bande tussen opvoedkundige kurrikulums en bedryfsbehoefes te verbeter.

Onderliggend aan die DEOT se benadering is die drie ekonomiese instaatstellers – die gemak van sake doen en rompslompvermindering, ekonomiese intelligensie en die ontwikkeling van die Wes-Kaapse ekonomiese handelsmerk – wat deurslaggewend is vir die bereiking van die G4J-doelwitte.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme geniet my volle steun rakende die implementering van die G4J-strategie, soos uiteengesit in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2024/25, wat in die proses 'n inklusiewe en voorspoedige toekoms behels wat almal tot voordeel strek.

Me. Mireille Wenger  
Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede  
29 Februarie 2024

# Verklaring van die Rekenpligtige Beampte

---

Die Departement se visie is steeds 'n Wes-Kaap met 'n dinamiese, innoverende en volhoubare ekonomie, wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en werksgeleenthede. Ons respons hierop is 'n verbondenheid tot kwalitatiewe leierskap ten opsigte van die Wes-Kaapse ekonomie deur middel van die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer, en sy bydrae tot die regering se ekonomiese prioriteite.

Die Provinsie het die Groei vir Werk- (G4J-)strategie as die provinsiale ekonomiese strategie aanvaar, met die strewe om 'n instaatstellingsomgewing te skep vir 'n inklusiewe ekonomie van R1 triljoen, wat jaarliks tussen 4% en 6% groei.

Die kern van hierdie waagmoedige doelwit is die oortuiging dat die private sektor werk skep en die staat markgroei stimuleer deur 'n omgewing te skep waar mense en besighede toegelaat word om geleenthede te ontgin vir die bou van 'n beter toekoms, om te groei en om alles te word wat hul kan wees.

G4J is op sewe hoofprioriteitsfokusgebiede (PFG's) gegrond, naamlik:

- bevordering van groei deur investering;
- stimulering van markgroei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte;
- versterking van energieverkragtigheid en bevordering van die oorgang na netto-nul koolstof;
- bevordering van watersekerheid en -veerkragtigheid;
- tegnologie en innovasie;
- infrastruktuur en die gekoppelde ekonomie; en
- verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid.

Met die bevestiging van 'n departementele respons ten opsigte van G4J, sal die DEOT 'n belangrike rol speel in drie van die PFG's soos hier bo vermeld, naamlik die stimulering van groei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte, die bevordering van geleenthede vir groei deur investering, en die verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid. Daarbenewens sal drie ekonomiese instaatstellers (tematiese gebiede wat die suksesvolle implementering van PFG's beïnvloed) ook aangepak word, naamlik die gemak van sake doen deur rompslompvermindering, ekonomiese intelligensie en die verbetering van kommunikasie, en die ontwikkeling van die Wes-Kaapse ekonomiese handelsmerk.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan vir 2024/25 neem die G4J-strategie deeglik in ag en maak voorsiening vir die planne en aksies wat die Departement hierdie boekjaar vir die voortgesette implementering daarvan sal bied. Nou meer as ooit vereis dit die versterking en uitbreiding van samewerking oor die provinsiale regering heen, sowel as sinergistiese samewerking met die private sektor om gebiede vir ekonomiese groei te stimuleer en werksgeleenthede vir inwoners van die Wes-Kaap te skep. Die Departement gee ook toe dat hierdie behoefte veral deur vroue, die jeug en persone met gestremdhede (VJPG) ondervind word en neem dit in ag in die bereiking van ons strategiese doelwit van 'n provinsiale ekonomie wat suksesvolle ekonomiese groei bewerkstellig, wat lei tot voldoende indiensneming en geleenthede, sowel as 'n ekonomie wat volhoubaar, veerkragtig, divers en florerend is – wat vertroue, hoop en voorspoed vir almal tot gevolg het.

Die Departement bly verbind tot sy dienslewingsmandaat en ek wil graag ons ondersteuningsagentskappe, belanghebbendes en ons kliënte bedank – die besighede wat steeds toegewyd en optimisties is oor hul bydrae tot 'n gedeelde ekonomiese visie vir die Wes-Kaap. Ons word bemoedig deur die vooruitsigte van groter betrokkenheid, sterker vennootskappe en beter samewerking met ons belanghebbendes om die gesamentlike visie vir die Wes-Kaapse ekonomie te verwesenlik.

Mnr. Velile Dube

Rekenpligtige Beampte van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

27 Februarie 2024

# Amptelike aftekening

---

Hiermee word verklaar dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- deur die bestuur van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder leiding van minister Mireille Wenger ontwikkel is;
- al die tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme verantwoordelik is, in aanmerking neem; en
- 'n akkurate weerspieëling is van die uitkomstes en uitsette wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme van voorneme is om in die 2024/25-periode te behaal.

Goedgekeur deur:

John Peters

Programbestuurder: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

Ilse van Schalkwyk

Programbestuurder: Handel- en Sektorale Ontwikkeling

Programbestuurder: Toerisme, Kunste en Vermaak

Ashley Searle

Programbestuurder: Sakeregulering

Nezaam Joseph

Programbestuurder: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie

Mymoena Abrahams

Programbestuurder: Administrasie

Hoof- Finansiële Beampte

Rashid Toefy

Adjunkdirekteur-generaal: Ekonomiese Werkzaamhede

Jo-Ann Johnston

Programbestuurder: Ekonomiese Beplanning

Adjunkdirekteur-generaal: Strategiese Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling

Hoofbeampte: Beplanning

Velile Dube

Rekenpligtige Beampte

Mireille Wenger

Uitvoerende Gesag

# Inhoud

---

VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE GESAG	2
VERKLARING DEUR DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE	3
AMPTELIKE AFTEKENING	4
Lys van afkortings en akronieme	6
<b>DEEL A: ONS MANDAAT</b>	<b>9</b>
Grondwetlike mandaat	10
1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate	10
2. Bywerkings tot institusionele beleide en strategieë	12
3. Tersaaklike hofbeslissings	14
<b>DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS</b>	<b>17</b>
4. Bygewerkte situasie-ontleding	18
4.1 Ontleding van die eksterne omgewing	18
4.1 Ontleding van die interne omgewing	26
<b>DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE</b>	<b>37</b>
5. Program 1: Administrasie	38
6. Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste	48
7. Program 3: Handel- en Sektorale Ontwikkeling	65
8. Program 4: Sakeregulering en -Bestuur	77
9. Program 5: Ekonomiese Beplanning	86
10. Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak	106
11. Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie	120
12. Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die Strategiese Plan	129
13. Openbare entiteite	129
14. Infrastruktuurprojekte	129
15. Openbare-private vennootskappe	129
<b>DEEL D: BESKRYWINGS VAN TEGNIESE AANWYSERS</b>	<b>131</b>
Program 1: Administrasie	132
Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste	143
Program 3: Handel- en Sektorale Ontwikkeling	164
Program 4: Sakeregulering en -Bestuur	175
Program 5: Ekonomiese Beplanning	181
Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak	194
Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie	213
<b>BYLAES BY DIE JAARLIKSE PRESTASIEPLAN</b>	<b>221</b>
Bylae A: Wysigings aan die Strategiese Plan	222
Bylae B: Voorwaardelike toelaes	222
Bylae C: Gekonsolideerde aanwysers	222
Bylae D: Distriksontwikkelingsmodel	222

## Lys van afkortings en akronieme

ACSA	Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika
AGB	Alternatiewe geskilbeslegting
ASES	Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone
BBO	Bestemmingbemarkingsorganisasie
BBP	Bruto binnelandse produk
BDI	Buitelandse direkte investering
BWT	Bruto waarde toegevoeg
DBI	Direkte binnelandse investering
DEOT	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
die dtic	Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging
DLBV	Departement van Landbou, Bosbou en Visserye
DOSOB	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
DPME	Departementele prestasie-monitoring en -evaluering
DvdP	Departement van die Premier
DvL	Departement van Landbou
DvT	Departement van Toerisme
ECEP	Program vir die verbetering van uitvoermededingendheid
G4J	Groei vir Werk
GDMB	Gesamentlike distrik- en metrobenadering
GEM	Globale Entrepreneurskapsmonitor
GOB	Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning
GvSD	Gemak van sake doen

IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
IMF	Internasionale Monetêre Fonds
IPRO	Investeringsprojekte gereed vir aanbod
IRV	Departementele interregeringsverhoudings
KH	Kaapstad-hawe
KI	Kunsmatige intelligensie
KMMO	Klein, medium en mikro-ondernemings
KVB	Kantoor van die Verbruikersbeskermer
M&E	Monitering en evaluering
MEOV	Munisipale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig
MEV	Munisipale energieveerkragtigheid
MTSR	Mediumtermyn-strategieraamwerk
NBAP	Nywerheidsbeleidaksieplan
NDOO	Nie in diens, onderwys en/of opleiding
NIP	Nasionale Infrastruktuurplan
NISED	Nasionale Geïntegreerde Kleinsakeontwikkeling
NKR	Nasionale Kredietreguleerder
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NTSS	Nasionale Toerismesektorstrategie
OBO	Oordragbetalingsooreenkoms
OO	Ondernemingsontwikkeling
OPV	Openbare-private vennootskap
OSB	Onderneming in staatsbesit

PEO	Plaaslike ekonomiese ontwikkeling
PEOV	Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig
PFG	Prioriteitsfokusgebied
PSIP	Provinsiale Strategiese Implementeringsplan
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
QLFS	Kwartaallikse arbeidsmagopname
REIPPPP	Program vir onafhanklike produsente van hernubare energie
RTRU	Eenheid vir Rompslompvermindering
SARB	Suid-Afrikaanse Reserwebank
SBNOS	Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone
SEDA	Kleinsake-ontwikkelingsagentskap
SEFA	Kleinsake-finansieringsagentskap
SGMI	Strategiese geïntegreerde munisipale interaksies
SPEO	Streeks- en plaaslike ekonomiese ontwikkeling
SVI	Sakevertroueindeks
TEA	Totale vroeëstadium-entrepreneursaktiwiteitskoers
TGCSA	Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika
VIP	Visiegeïnspireerde prioriteit
VOD	Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit
WKHP	Wes-Kaapse Ekonomiese Herstelplan
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering



# Deel A: Ons mandaat

## Grondwetlike mandaat

### Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Bylae 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lys funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid. Die gebiede wat verband hou met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) is die volgende:

- Verbruikersbeskerming;
- Nywerheidsbevordering;
- Toerisme; en
- Handel.

Bylae 4B van die Grondwet identifiseer plaaslike toerisme as 'n plaaslike regeringsaangeleentheid van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid, soos uiteengesit in artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet.

## 1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate

Verskeie wette speel 'n rol in die werk van die Departement. Die belangrikste wette en beleide is die volgende:

### Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)

Hierdie wet is transversale wetgewing met normale nakomingsverpligtinge van toepassing op alle departemente. Dit maak voorsiening vir 'n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging, bemagtig die nasionale minister om kodes van goeie praktyk uit te reik en om handveste vir transformasie te publiseer, stel die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

### Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)

Hierdie wet maak voorsiening vir die lisensiering en bedryf van besighede en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

### Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van hierdie wet is om voorsiening te maak vir die Wes-Kaap se aandeelbesit in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum-maatskappy, vir die befondsing wat deur die Provinsie aan die maatskappy voorsien word en vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

### Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)

Hierdie wet bevorder 'n billike, toeganklike en volhoubare markplek vir verbruikersprodukte en -dienste en vir daardie doel bepaal dit nasionale norme en standaarde met betrekking tot verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike bemarking- en sakepraktyke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag, bevorder 'n niestrydige wetgewings- en afdwingingsraamwerk wat betref verbruikerstransaksies en -ooreenkomste en stel die Nasionale Verbruikerskommissie in.

### Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005)

Hierdie wet erken, onder andere, die behoefte aan die registrasie van koöperasies in ooreenstemming met die Grondwet, internasionale konvensies en verdrae, nasionale, provinsiale en plaaslike regering se transversale beleid

en statutêre regulatoriese raamwerke, sowel as die behoefte aan die ontwikkeling van 'n lewensvatbare, outonome, selfstandige en selfvolhoubare koöperatiewe beweging om gemeenskapsontwikkeling en entrepreneurskap te bevorder, werk en suksesvolle ondernemings te skep, armoede uit te roei en die sosio-ekonomiese welstand van die lede van koöperasies te verbeter in ooreenstemming met koöperatiewe beginsels.

#### [Nasionale Kleinsakewet, 1996 \(Wet 102 van 1996\)](#)

Hierdie wet maak voorsiening vir die daarstelling van die Adviesliggaam en die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap en verskaf verder riglyne vir staatsorgane ten einde klein ondernemings in die Republiek te bevorder en vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

#### [Wet op die Saldanhaabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy, 2016 \(Wet 1 van 2016\)](#)

Die doel van hierdie wet is om die werking van die Saldanhaabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. te reël, om voorsiening te maak vir die aandeelhouding deur die Wes-Kaapse Regering in die Saldanhaabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk., om voorsiening te maak vir die oogmerke, werksaamhede en bestuur van die Saldanhaabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

#### [Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 \(Wet 16 van 2014\)](#)

Die doel van hierdie wet is om voorsiening te maak vir die aanwysing, bevordering, ontwikkeling, werking en bestuur van spesiale ekonomiese sones, die stigting, aanstelling van lede en funksionering van die Adviesraad vir Spesiale Ekonomiese Sones, die stigting van die Fonds vir Spesiale Ekonomiese Sones, werksaamhede van die operateur van spesiale ekonomiese sones, om die aansoek, uitreiking, opskorting, terugtrekking en oordrag van operateurspermitte vir spesiale ekonomiese sones te reguleer, om voorsiening te maak vir oorgangsmaatreëls en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

#### [Wet op Toerisme, 2014 \(Wet 3 van 2014\)](#)

Hierdie wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme tot voordeel van die Republiek, sy inwoners en besoekers, maak voorsiening vir die voortbestaan van die Suid-Afrikaanse Toerismeraad en die stigting van die Toerismegraderingsraad, reguleer die toergidsbedryf en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Dit maak spesifiek voorsiening vir die registrasie, bevoegdheid en 'n gedragskode en etiese kode vir toergidse, prosedures vir die aanmelding van oortredings en indiening van klagtes en tugmaatreëls teen toergidse.

#### [Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake \(Onbillike Sakepraktyke\), 2002 \(Wet 10 van 2002\)](#)

Hierdie wet maak voorsiening vir die ondersoek, verbod en beheer van onbillike sakepraktyke en die instelling van die Kantoor van die Verbruikersbeskermer en Verbruikersaketricibunale.

#### [Wes-Kaapse Wet op Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 \(Wet 12 van 2013\)](#)

Die doel van hierdie wet is om voorsiening te maak vir die Provinsiale Regering se lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap MSW, om die oordrag van fondse na die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap MSW te reguleer en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

#### [Wet op die Wes-Kaapse Maatskappy vir Spesiale Ekonomieseontwikkelingsinfrastruktuur, 2019 \(Wet 3 van 2019\)](#)

Hierdie wet stel 'n regs persoon in wat bekend staan as die Wes-Kaapse Maatskappy vir Spesiale Ekonomieseontwikkelingsinfrastruktuur MSB Bpk., magtig die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering in die

maatskappy, maak voorsiening vir die bevoegdheids en pligte van die maatskappy, maak voorsiening vir die bestuur, bestuurstoelig, befondsing en finansiële beheer van die maatskappy en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.


**Wet op die Wes-Kaapse Toerisme-, Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996)**

Hierdie wet maak voorsiening vir die stigting, aanstelling, bevoegdheids en werksaamhede van die Wes-Kaapse Toerisme-, Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (“Wesgro”) ten einde die ekonomiese groei en ontwikkeling van die provinsie te bevorder en te ondersteun, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

## 2. Bywerkings tot institusionele beleide en strategieë

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme sal die WKR se inisiatiewe ondersteun om die bereiking van uitkomstes na te strew, soos uiteengesit in die globale, nasionale en provinsiale beleidskonteks (sien figuur 1 hier onder).

Figuur 1: Globale, nasionale en provinsiale beleidskonteks<sup>11</sup>



### Ander toepaslike nasionale beleide en strategieë

- Nywerheidsbeleidaksieplan (NBAP)
- Nasionale Ewalueringsbeleidsraamwerk, 2011
- Nasionale Toerismesektorherstelplan, 2021
- Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS)

<sup>1</sup> Mediumtermyn-begrotingsbeleidverklaring 2023, bladsy 72

- IKT-sektorontwikkelingsplan, 2012
- Witskrif oor die Nasionale Geïntegreerde IKT-beleid, 2016
- Nasionale e-Strategie, 2017
- Strategie oor Digitale Vaardighede, 2018
- Presidensiële Kommissie oor die Vierde Industriële Rewolusie – Aanbevelingsverslag, 2020
- Nasionale Strategie oor Digitale en Toekomsvaardighede, 2020
- Meesterplan vir Nasionale Geïntegreerde Kleinsakeontwikkeling (NISED), 2022
- Meesterplan vir IKT en die Digitale Ekonomie, 2021/2023
- Nasionale Infrastruktuurplan vir 2050 (NIP2050), 2022
- Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan, 2020

## Provinsiale en departementele beleide en strategieë

### Vyfjaarstrategie van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, 2020-2025

Die DEOT se vyfjaarstrategie (2020-2025) is goed belyn met die Provinsiale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan. Dit bestaan uit vyf fokusgebiede, naamlik:

- investering deur bevordering en katalitiese infrastruktuur;
- bevordering van uitvoere;
- oorbrugging van vaardigheidsleemtes;
- versnelling van die gemak van sake doen; en
- hulpbronveerkragtigheid.

Hierdie departementele fokusgebiede en hul onderskeie uitkomstes vorm die hoeksteen van die DEOT se vyfjaarstrategie.

### Groei vir Werk- (G4J)-strategie

Ekonomiese groei is noodsaaklik om vinnige en volgehoue werkskepping te genereer, sowel as vinniger groei in lewenstandaarde en meer hulpbronne ter beskikking van die samelewing. Die Wes-Kaapse Regering het die behoefte aan 'n strategie geïdentifiseer om die provinsiale ekonomiese groeikoers dramaties op te hef en, in die mate wat groei in Suid-Afrika bly wankel, om die provinsie se groeitrajek van dié van die res van die land te ontkoppel. Die G4J-strategie sit 'n omvattende, uitdagende en ambisieuse doelwit vir die Wes-Kaap uiteen vir ekonomiese groei van 4% en 6% teen 2035.

Die strategie maak dit duidelik dat die manier van ons ekonomiese groei net so belangrik is soos die groei self. Op hierdie manier word daar tussen die G4J-strategie en vorige strategieë onderskei deur 'n langtermynperspektief met duidelike teikens te verskaf, wat binne gedefinieerde beginsels geformuleer is. Dit fokus op sistemiese oplossings wat belangrike bindende beperkings onder die loep neem en 'n instaatstellingsomgewing vir die private sektor wat ons ekonomiese groei versnel.

Die formulering van die G4J-strategie is datagedrewe, bewysgebaseerd en het omvattende konsultasie behels. Dit is gebaseer op 'n provinsiale groeidiagnostiek wat in 2022 voltooi is en het 'n span amptenare en onafhanklike kundiges betrek, wat met belanghebbendes in die private en openbare sektore geskakel het, sowel as verteenwoordigers uit die burgerlike samelewing en akademiese wêreld.

Met inagneming van die feit dat die Wes-Kaapse Regering (WKR) nie 'n eiland is nie, is die G4J-strategie in oorleg met vennote in die regeringsektor, private sektor, burgerlike samelewing en akademiese wêreld geformuleer. Die G4J-strategie is 'n hele-regering-, hele-samelewing-strategie waarvan die sukses daarvan die krag, verbondenheid en toewysing van hulpbronne van die hele regering, die private sektor en die burgerlike samelewing vereis.

Raadpleeg deel B van hierdie JPP vir die Departement se respons ten opsigte van die G4J-strategie.

### EenKaap2040

EenKaap2040 is 'n doelbewuste poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing, eerder as 'n plan van die regering, alhoewel al drie regeringsfere noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van die provinsie of munisipaliteite vereis word nie. Dit word eerder bedoel as 'n verwysingspunt en riglyn vir alle belanghebbendes:

- om nuwe denke en kritieke dialoog oor die toekoms aan te moedig;
- om 'n gemeenskaplike agenda vir samewerking tussen die private en openbare sektor en die burgerlike samelewing te verskaf;
- om te help om regeringsoptrede en investeringsbesluite te bely;
- om die nodige veranderinge te fasiliteer wat ons moet maak om by ons (vinnig) veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas; en
- om ons imperatiewe vir ontwikkeling, volhoubaarheid, inklusiwiteit en mededingendheid die hoof te bied.

### Provinsiale Strategiese Plan (PSP), 2019-2024

Die PSP (2019-2024) is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit vyf visiegeïnspireerde prioriteite, naamlik:

- Visiegeïnspireerde prioriteit 1: Veilige en samehorige gemeenskappe
- Visiegeïnspireerde prioriteit 2: Groei en werksgeleenthede
- Visiegeïnspireerde prioriteit 3: Bemagtiging van mense
- Visiegeïnspireerde prioriteit 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie
- Visiegeïnspireerde prioriteit 5: Innovasie en kultuur

### Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)

Die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP) dien as die implementeringstrategie vir die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024), die Herstelplan en belangrike provinsiale prioriteite. Die G4J-strategie, as die provinsie se oorkoepelende ekonomiese strategie, sal die werksprioriteit van die PSIP en Herstelplan vervang.

Die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan fokus op kernintervensies en -aanwysers oor die WKR heen, wat sy drie prioriteite ondersteun: 1) werksgeleenthede; 2) veiligheid; 3) welstand; sowel as die instaatsteller van innovasie, kultuur en bestuurstoetsing. Soos nuwe strategiese inisiatiewe na vore kom en nuwe verbintenisse aangegaan word, sal dit by die PSIP gevoeg word, terwyl voltooide of ondoeltreffende inisiatiewe geskrap sal word. Die PSIP word as 'n lewende dokument beskou.

Tabel 1: Prioriteite en fokusgebiede van die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan

Prioriteite en fokusgebiede van die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan					
Werskepping: Vaardighede en indiensneembaarheid en werskepping in die openbare sektor	Instaatstellingso mgewing	Sektorontwikkeling en -mededingendheid	Investering	Hulpbronveer kragtigheid	Infrastruktuur

### Wes-Kaapse Groen-Ekonomie- Strategiese Raamwerk

Die doel van hierdie raamwerk is om die Wes-Kaap te posisioneer as die provinsie met die laagste koolstofvlakke in Suid-Afrika sowel as die toonaangewende sentrum vir groen-ekonomie op die Afrika-vasteland, wat sal lei tot volhoubare groei en ontwikkeling.

## 3. Tersaaklike hofbeslissings

Waar uitsprake verband hou met die Departement se werksaamhede, word regsadvies ingewin, noukeurig bestudeer en geïmplementeer waar nodig.

# Deel B: Ons strategiese fokus

## 4. Bygewerkte situasie-ontleding

### 4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

#### Globale ekonomiese vooruitsig

Die Internasionale Monetêre Fonds verwag globale groei van 3,1% vir 2023 en vir 2024.<sup>2</sup> Die IMF waarsku oor die risiko's vir die globale ekonomie wat uit 'n verskerping van die oorlog in die Oekraïne en uiterste weerverwante gebeurtenisse voortspruit.

Hoër groei kan in 2024 meer haalbaar wees met sentrale banke oor die wêreld heen wat na verwagting monetêre beleid sal verslap, wat rentekoerse sal verlaag. Die konsensus is dat die Amerikaanse Federale Reserwebank (Fed) klaar is met sy aggressiewe rentekoersverhogings (wat bedoel was om inflasie te vertraag) en verlagings word iewers in 2024 verwag om ekonomiese groei moontlik te maak.<sup>3</sup> Die Fed se aksies sal na verwagting dui op 'n globale verskuiwing ten opsigte van die verlaging van die koste van krediet, wat wêreldwye groei in investering en effekte sal bevorder.

Daarbenewens veroorsaak scenario's in verband met die Russies-Oekraïense oorlog en Amerikaans-Chinese mededinging 'n toename in geopolitieke risiko's, wat daartoe lei dat internasionale firmas voorsieningskanale en beleggingsbeleide heroorweeg.<sup>4</sup> Die BRICS-beraad wat in 2023 deur Suid-Afrika aangebied is, het enorme aandag in die media getrek, wat die impak van hierdie ontwikkelende ekonomieë op 'n globale skaal beklemtoon asook hoe hierdie vennootskap die globale magsbalans kan verander, wat 'n multipolêre wêreldorde in plaas van Amerikaanse hegemonie noodsaak.<sup>4</sup> Die integrasie van voorsieningskanale en ander samewerkende pogings kan ontwikkeling in die ekonomieë van BRICS+ meebring.<sup>5</sup> Globale skeepvaart loop die risiko om verder ontwig te word deur die voortslepende Israel-Palestynse oorlog, met kommer oor verskepingskoste wat kan styg indien skepe die langer roete om Afrika neem in plaas van om die Suez-kanaal te gebruik.

Ten laaste plaas El Niño-weergebeurtenisse opwaartse druk op globale voedselpriese.<sup>2</sup> Die Wêreld- Meteorologiese Organisasie het Julie 2023 as die warmste maand op rekord verklaar.<sup>6</sup> Onlangse droogtes in die VSA is toegeskryf aan die 50%-daling van jaar tot jaar in durumkoringproduksie en die 33%-afname van jaar tot jaar in garsopbrengs. Sojabone, mielies en sorghum het ook 'n 50%-daling in opbrengs gehad.<sup>7</sup> Hierdie tekens moet dien as waarskuwingsligte vir globale voedselvoorsiening. Daarbenewens het Rusland aan 'n belangrike ooreenkoms onttrek wat deur die Verenigde Nasies bemiddel is om die veilige deurgang van graan en oliesaad uit die Oekraïne te verseker. Hierdie ooreenkoms – die Swartsee-graaninisiatief – het gehelp om globale voedselpriese met tot 20% te verlaag tydens die implementering daarvan.<sup>8</sup>

Aan die positiewe kant kan inflasie vinniger daal as wat verwag word, wat die behoefte aan streng monetêre beleid verminder, en plaaslike aanvraag kan weer meer veerkragtig word. Indië word verder as 'n ligbaken vir die globale ekonomie beskou, tesame met China wat tot 50% van 2023 se globale groei bydra.<sup>9</sup> Die risiko's soos uiteengesit in

---

<sup>2</sup> Internasionale Monetêre Fonds. Januarie 2024. *World Economic Outlook Update*.

<sup>3</sup> Reuters. 2023. *With rate hikes likely done, Fed turns to timing of cuts*.

<sup>4</sup> Raad op Buitelandse Betrekkinge. 2023. *The BRICS Summit 2023: Seeking an Alternate World Order?*

<sup>5</sup> Lede van BRICS+ met ingang van 1 Januarie 2024: Brasilië, Rusland, Indië, China, Suid-Afrika, Argentinië, Egipte, Ethiopië, Iran, Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate.

<sup>6</sup> Wêreld- Meteorologiese Organisasie. 2023. *July 2023 confirmed as hottest month on record*.

<sup>7</sup> Die Observatorium vir Ekonomiese Kompleksiteit. 2023. *A Climate Catastrophe. El Niño Meets the Great U.S. Drought: A Global Food Crisis Looms*.

<sup>8</sup> News24. 2023. *Russia kills key grain deal: What it could mean for SA shoppers*.

<sup>9</sup> Internasionale Monetêre Fonds. 2023. *Global economy to slow further amid signs of resilience and China re-opening*.

globale markte beïnvloed Suid-Afrika en die Wes-Kaap direk deur plaaslike stygings in inflasie, depresiasie van die rand en hoër rentekoerse. Die dissipasie van hierdie risiko's sal vooruitsigte vir groei verbeter.

## Suid-Afrikaanse ekonomiese vooruitsig

Suid-Afrika se ekonomiese landskap word steeds gekenmerk deur 'n kombinasie van positiewe en negatiewe faktore. Die tendens vir die afgelope jaar weerspieël 'n delikate balans tussen hoopvolle tekens van verbetering en 'n komplekse web van uitdagings. Uitdagings behels dat kragvoorsiening steeds onbetroubaar is en logistieke ondoeltreffendheid beperk ekonomiese aktiwiteite en verhoog kostes. Eksterne finansieringsbehoefte is aan die toeneem weens 'n groeiende tekort op die lopende rekening wat deur dalende uitvoerkommoditeitspryse gedryf word. Die Suid-Afrikaanse rand het in 2023 'n algemene verswakking getoon, met ongeveer 5% gedefesieer en hoë onbestendigheid getoon. Inflasie, gedryf deur brandstof-, elektrisiteit- en voedselpryse, is rede tot kommer, en die sentrale bank het die terugkoopkoers op 8,25% gehandhaaf om dit te bestuur, hoewel sommige komiteede 'n koersverhoging verkies.<sup>10</sup>

Volgens die IMF word Suid-Afrika se ekonomiese groei vir 2023 op 0,6% geraam en in 2024 sal die land se BBP-groei na verwagting 1% wees. Suid-Afrika se amptelike werkloosheidskoers het tot 31,9% gedaal en die getal werkende individue het in die derde kwartaal van 2023 met 399 000 gestyg, in vergelyking met die tweede kwartaal, tot 16,7 miljoen.<sup>11</sup> Dit dui op 'n effense verbetering in die toestand vir indiensneming.

Die potensiaal is ook daar om die ekonomiese rol wat KMMO's in Suid-Afrika speel uit te brei.<sup>12</sup> Die OECD raam dat Suid-Afrika ongeveer 2,6 miljoen KMMO's het.<sup>13</sup> Na raming is 54% daarvan mikrobesighede. 37% van KMMO's is in die formele sektor en 63% in die informele sektor. Na raming is 85% in stedelike gebiede geleë en 15% in landelike gebiede. Na raming het 66% van Suid-Afrikaanse KMMO's niemand in diens nie (behalwe die eienaar) en 32% het 1-10 werkers in diens. Ongeveer 9,3 miljoen – of 59% van aktiewe werkende Suid-Afrikane – is in diens van KMMO's.<sup>14</sup> KMMO's dra ongeveer 45-50% by tot die BBP in Suid-Afrika. In ander middelinkomstelande dra KMMO's egter onderskeidelik 95% tot indiensneming en 70% tot BBP by.

## Wes-Kaapse ekonomiese vooruitsig

Die Wes-Kaapse ekonomie het na raming met 0,9% in 2023 gegroei en sal na verwagting met 1,3% in 2024 groei. Die Wes-Kaapse ekonomie was in 2023 veerkragtig ten spyte van die uitdagings wat deur hoë inflasie, beurtkrag en die streng monetêre toestand gestel is.

Die resultate van die 2022-sensus het bevind dat die Wes-Kaapse bevolking altesaam 7 433 020 mense beloop – wat 12% van die land verteenwoordig – wat agter Gauteng is met 24,3% en KZN met 20%.<sup>15</sup> Vanaf 2011 tot 2022 was die Wes-Kaap die vinnigste groeiende provinsie met 27,7%, gevolg deur onderskeidelik Mpumalanga met 27,3% en dan Gauteng met 23%.

Figuur 4.1: Bevolkingsgroei volgens provinsie (2011 en 2022)

Bron: *Statistieke Suid-Afrika, DEOT*

---

<sup>10</sup> SARB. 2023. *Verklaring van die monetêre beleidskomitee*.

<sup>11</sup> *Statistieke Suid-Afrika. 2023. Kwartaallike arbeidsmagopname (QLFS) K3:2023*.

<sup>12</sup> Matekenya, W., en Moyo, C. 2022. *Innovation as a driver of SMME performance in South Africa: a quantile regression approach*.

<sup>13</sup> OECD. 2023. *South Africa: Key facts on SME financing*.

<sup>14</sup> *Die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap. 2023. SMME Quarterly Update, K3:2023*.

<sup>15</sup> *Statistieke Suid-Afrika. 2023. Census 2022 Statistical Release*.



Op plaaslike munisipale vlak het Overstrand in die tydperk 2011 tot 2022 met 64,9% gegroei – die vinnigste groeiende munisipaliteit sedert die laaste sensus. Mosselbaai (56,6%), Saldanhaabaai (55,9%) en George (52,3%) het gevolg. Witzenberg en Langeberg was die enigste twee wat met onderskeidelik 10,5% en 3,8% gekrimp het. Oor die algemeen kom die hoogste distriksbevolkingsgroei langs die Tuinroete voor,<sup>16</sup> wat ook as 'n belangrike groeidistrik in die G4J-strategie geïdentifiseer is.

Figuur 4.2: Wes-Kaapse plaaslike munisipaliteite se groei (2011-2022)

Positiewe sensustendense dui daarop dat die Wes-Kaap die laagste persentasie ongeskoolde individue in Suid-Afrika het (2,3% van die totale bevolking) met die hoogste persentasie individue van 20 jaar en ouer met naskoolse opvoeding (17,6%). Die Wes-Kaap het die hoogste toegang tot leidswater in wonings gehad (85,5%) en het die minste waterverwante onderbrekings ervaar. Die Wes-Kaap het boonop die beste vullisverwyderingsdienste gelewer, met 88,7% wat gerapporteer dat hul vullis minstens een keer per week verwyder is in vergelyking met die nasionale gemiddelde van 66%.

Uitdagings in bevolkingstendense dui dat 11% van huishoudings in die Wes-Kaap steeds in informele behuisingstrukture woon – ondanks die nasionale gemiddelde wat tot 8,1% gedaal het. Dit dui op 'n moontlike simptoom van migrasietendense in die provinsie. Die provinsie het die tweede grootste getal haweloses in die land, wat 17,5% van die nasionale totaal behels. Die Wes-Kaap het egter 6% van die land se hawelose bevolking in skuilings, wat die grootste getal in die land is. Kaapstad het die derde grootste hawelose bevolking van alle metropole in Suid-Afrika (11,9% van die nasionale totaal).

Die Wes-Kaapse Sakevertroueindeks (SVI) het met 2 indekspunte gestyg vanaf 35 in K3:2023 tot 37 in K4:2023.<sup>17</sup> Hierdie toename in die provinsiale SVI word toegeskryf aan relatiewe laer vlakke van beurtkrag, wat ondersteuning aan firmas gebied het. Ondanks die effense verbetering in die provinsiale SVI, bly dit onder die neutrale punt van 50. Dit dui aan dat besighede 'n gebrek aan vertroue ervaar weens nablywende saketoestande.

Figuur 4.3: BEO-sakevertroueindeks (SVI) – SA vs. WK, K4:2018-K4:2023

*Bron: BEO, 2023*

Volgens die Wêreldbank se houershawe-prestasieindeks vir 2022 is Kaapstad in die 344ste plek uit die 348 hawens wat ondersoek is en onder die top 20 wat gemiddelde aankomstye verbeter het.<sup>18</sup>

Figuur 4.4: Wes-Kaapse totale uitvoere, 2019-2023

*Bron: Quantec, 2024*

Die Wes-Kaap se totale uitvoere was R203 biljoen in 2023, wat tussen 2019 en 2023 met 58,35% gegroei het. Die provinsie het hoë groei in uitvoere van onderskeidelik 12,76% en 8,9% in 2022 en 2023 ervaar. Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) verwag na raming 'n styging van 0,8% in die omvang van globale goederehandel vir 2023. Die vooruitsig vir 2024 is egter steeds relatief positief, met geprojekteerde groei van 3,3%, wat byna onveranderd vanaf die vorige skatting is. Hierdie aanpassing kan die vraag na uitvoere uit die Wes-Kaap affekteer.

---

<sup>16</sup> Statistieke Suid-Afrika. 2023. *Census 2022 Provinces at a Glance*.

<sup>17</sup> Buro vir Ekonomiese Ondersoek. 2023. *RMB/BEO-sakevertroueindeks*.

<sup>18</sup> BusinessLIVE. 2023. *Port nightmare: MEC warns of 'export crisis' at Cape Town harbour*.

Tabel 4.1: Wes-Kaap se top-6-handelsvennote (2023)

Handelsvennoot	Randwaarde van uitvoere	% van totale WK-uitvoere	
Europese Unie	37 574 424 964	18,55%	53,81%
China	16 122 661 585	7,96%	
Verenigde State	15 802 103 661	7,80%	
Botswana	13 505 387 954	6,67%	
Verenigde Koninkryk	13 264 563 544	6,55%	
Namibië	12 730 541 050	6,28%	
Wêreld	202 580 463 160	100,00%	

Bron: Quantec, 2023

Die toerismesektor toon indrukwekkende vordering ná die COVID-19-pandemie. Die Wes-Kaap het 'n positiewe tendens ervaar met ACSA-data vir Desember 2023 wat 'n merkwaardige 17,56%-groei van jaar tot jaar in internasionale aankomstgetalle toon. Daarbenewens oorskry die totale internasionale aankomste vir 2023 die pre-pandemiese vlakke in 2019 met 9%. Hierdie groei kan toegeskryf word aan die inwerkingstelling van verskeie direkte vlugte wat Kaapstad met belangrike internasionale markte verbind. Voorts het die swakker rand die Wes-Kaap se mededingendheid verbeter, wat dit vir toeriste meer aantreklik maak. 'n Toename in internasionale besoekers bevoordeel die plaaslike ekonomie, aangesien dit 'n hupstoot vir die gasvryheid- en toerismesektore beteken.

Figuur 4.5: Groei in toerisme soos getoon deur internasionale aankomste by die Kaapstad Internasionale Lughawe

Die kwartaallike arbeidsmagopname het getoon dat die Wes-Kaapse arbeidsmarkresultate in die derde kwartaal van 2023 positief was. Die provinsie het tekens van sterk veerkragtigheid getoon, met die laagste werkloosheidskoers van 20,2% oor die hele land in K3:2023. Die provinsie het 'n afname van 4,3% van jaar tot jaar in die werkloosheidskoers ervaar. Die Wes-Kaap het in K3:2023 die getal werkende persone met 'n noemenswaardige 305 000 van jaar tot jaar uitgebrei.

In K3:2023 was die proporsie totale werkloos sonder matriek 57,2%. Diegene met matriek het 34,7% van werkloos uitgemaak en individue met 'n tersiëre opvoedingsvlak het 6,8% van werkloos uitgemaak.

Figuur 4.6: Verdeling (%) van werklose bevolking volgens opvoedingsvlak (K3:2023)

Na raming is 57,2% van werkloos tussen 15 en 34 jaar oud. Individue van 35 tot 44 jaar oud maak 29,7% van werkloos uit. 13% van werkloos is tussen 45 en 64 jaar oud.

Figuur 4.7: Verdeling (%) van werklose bevolking volgens ouderdomsgroep (K3:2023)

Bron: Quantec, Statistieke Suid-Afrika, DEOT

Figuur 4.8: Indiensneming volgens sektor in die Wes-Kaap: 2018 vs. 2023

Bron: Statistieke Suid-Afrika

In die derde kwartaal van 2018 was daar 1 883 000 mense in diens in die formele sektor en 281 000 in die informele sektor. Die formele en informele sektors het oor 'n vyfjaartydperk met onderskeidelik 4,7% en 28,5% gegroei. In K3:2023 was daar 1 972 000 mense in diens in die formele sektor en 361 000 in die informele sektor.

Die Wes-Kaap is die derde grootste bydraer tot die aantal KMMO's in die land, wat 11,6% van KMMO's nasionaal behels, wat agter Gauteng (37,5%) en KwaZulu-Natal (14%) is. Dit kom neer op ongeveer 301 600 KMMO's in die provinsie. As Wes-Kaapse KMMO's elk gemiddeld 3,7 werksgeleenthede skep (1 vir die eienaar plus 2,7 per besigheid), dra dit na beraming 1 115 920 werksgeleenthede tot die provinsiale ekonomie by.<sup>19</sup> Na raming is 56,2% van die provinsie se KMMO's in die formele sektor, 40,9% is informeel en 2,9% is in die landbousektor en private huishoudings.

Figuur 4.9: Wes-Kaapse bruto vaste kapitaalvorming (2018-2022), lopende

*Bron: Quantec, 2023*

Die Wes-Kaap se bruto vaste kapitaalvorming (BVKV) is op die pad na herstel ná die COVID-19-pandemie en het groei van 14,2% in 2022 gerealiseer. Alhoewel BVKV hoër is as pre-pandemiese vlakke in 2018 en 2019, styg dit nie volgens gewenste vlakke nie weens nasionale kwessies rakende OSB's, fiskale probleme en 'n ineenstortende staatskapasiteit vir elektrisiteitslewering, wat potensieel hoër groeivlakke strem.

---

<sup>19</sup>

Aanname is gebaseer op SEDA se SMME Quarterly Update, K3:2022, bladsy 14. Van die 9,31 miljoen KMMO-werksgeleenthede wat in Suid-Afrika geskep is, was 27% vir KMMO-eienaars self en 73% was vir die werkers wat hulle in diens geneem het.

## 4.2 Ontleding van die interne omgewing

### Visie

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap met 'n dinamiese, innoverende en volhoubare ekonomie, wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en indiensneming.

### Missie

Om die bostaande visiestelling te verwezenlik, sal die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme kwalitatiewe leierskap aan die Wes-Kaapse ekonomie voorsien deur middel van die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer, en sy bydrae tot die regering se ekonomiese prioriteite.

Die Departement sal die implementering van die Werksgeleenthetema van die Wes-Kaapse Herstelplan en die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024), soos saamgevoeg in die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP), ondersteun. Die Departement sal gedurende 2024/25 bydra tot die laaste leweringperiode van die vyfjaar-PSP deur middel van die PSIP en belyning met die G4J-strategie.

Met die aanneming van die G4J-strategie as die provinsiale ekonomiese strategie, daag die provinsie alle belanghebbendes uit om 'n inklusiewe ekonomie ter waarde van R1 triljoen, wat jaarliks tussen 4 en 6% groei, te ontwikkel.

Die kern van hierdie doelwit is die oortuiging dat die private sektor werk skep en die staat markgroei stimuleer deur 'n omgewing te skep waar mense en besighede toegelaat word om geleenthede te ontgin vir die bou van 'n beter toekoms, om te groei en om alles te word wat hul kan wees.

G4J is op sewe hoofprioriteitsfokusgebiede (PFG's) gebaseer, naamlik:

- bevordering van groei deur investering;
- stimulering van markgroei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte;
- versterking van energieverkragting en bevordering van die oorgang na netto-nul koolstof;
- bevordering van watersekerheid en -veerkragting;
- tegnologie en innovasie;
- infrastruktuur en die gekoppelde ekonomie; en
- verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid.

Die dapper aspirasies van G4J vereis 'n dapper waagmoedige respons. As sulks vereis G4J 'n hele-regering-, transversale bestuursbenadering. Die implementering daarvan word dus deur verskeie hoofdepartemente binne die provinsiale regering gedryf, bv. die DEOT sal die leiding neem om investering te dryf, terwyl die Departement van Landbou die leiding sal neem rakende die PFG's vir groeiende uitvoere en die plaaslike mark. Die Departement van Infrastruktuur sal die leiding neem ten opsigte van die PFG's vir infrastruktuur, tegnologie en innovasie. Die Departement van Onderwys sal eweneens die leiding neem met die PFG vir die verbetering van toegang tot indiensneembaarheid, terwyl die DEOT op bekwame wyse ondersteuning sal verskaf op die gebied van arbeidsmagontwikkeling, entrepreneurskap en intervensies in townships en die informele ekonomie. Die hoofdepartemente vir die PFG's vir water- en energieverkragting is onderskeidelik die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOSOB) en die Departement van die Premier (DvdP).

Betreffende die formulering van die Departement (DEOT) se respons ten opsigte van G4J, sal die Departement egter 'n beduidende rol moet speel in drie van die PFG's soos hier bo genoem. Voorts sal 'n verdere drie ekonomiese instaatstellers (tematiese gebiede wat die suksesvolle implementering van PFG's beïnvloed) ook aangeroe word.



Die drie PFG's wat die Departement in sy reaksiestrategie geprioritiseer het, is die volgende:

a. Stimulering van markgroei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte

Die PFG vir uitvoere vorm die kern van Suid-Afrika se ekonomiese herstelplan aangesien die land nie die vereiste markgrootte het om ekonomiese groei op grond van verbruikersbesteding alleen te genereer nie.

In hierdie verband sal die Wes-Kaap 'n uitvoergeleide groeibenadering volg wat daarop gemik is om die ondersteuning te verbeter wat aan die provinsie se huidige en potensiële uitvoerders verskaf word. Hierdie poging sal navorsing insluit wat daarop gemik is om logistieke uitdagings ten opsigte van kort-, medium- en langtermynuitvoerbedrywe te identifiseer, tesame met 'n verkenning van die potensiële vermoëns van bestaande infrastruktuur. Die Departement sal ook samewerking met belangrike belanghebbendes in die hele logistieke waardeketting bevorder, wat sodoende die rol en omvang van hawe- en logistieke aktiwiteite in die provinsie sal uitbrei.

Toerisme is 'n kritieke uitvoerkommoditeit wat die Wes-Kaap kan benut om buitelandse valutareserwes op te bou. Die oorkoepelende doelwit is dus om die Wes-Kaap as 'n gesogte toerismebestemming te posisioneer, bekend vir sy kostedoeltreffende, betroubare goedere en dienste van gehalte, deur uitvoere teen 2035 te verdriedubbel en toeristaankomste in die Wes-Kaap te verdubbel.

b. Bevordering van geleenthede vir groei deur investering

Van kritieke belang vir hierdie belangrike strategiese area is die optimalisering van aktiwiteite in die Wes-Kaap rakende investeringbevordering en -ontwikkeling, tesame met 'n grondige begrip van die investeringslandskap, sowel as die posisionering van die streek daarin om voorsiening te maak vir groter veerkragtigheid ten opsigte van potensiële kwesbaarhede en om te reageer op nuwe geleenthede soos dit na vore kom.

Investering word beskou as een van die kritieke prioriteitsgebiede vir die WK-ekonomie. Afgesien van die kapitaalinvloeiing, maak interne investering 'n sterk bydrae tot BBP-groei en indiensneming, dit verhoog produktiwiteit en mededinging, en dit ondersteun uitbreiding in navorsing en ontwikkeling, terwyl dit ook oop toegang tot globale markte, talent en tegnologie bied.

c. Verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid

Hierdie PFG sal twee belangrike subkomponente behels wat van kritieke belang is vir ekonomiese groei, naamlik arbeidsmagontwikkeling en entrepreneurskap, insluitende ekonomiese ontwikkeling in townships.

Met betrekking tot arbeidsmagontwikkeling beklemtoon die G4J-strategie die deurslaggewende rol wat ervaringsleer en arbeidsmagontwikkeling speel om groei in 'n ekonomie te bevorder sowel as om die negatiewe

uitwerking van werkloosheid te verminder. Ervaringsleer tesame met vaardigheidsprogramme word as 'n effektiewe benadering erken om uitdagings onder nuwe marktoetreders die hoof te bied.

Hierdie prioriteitsgebied vir die Departement fokus op die verbetering van die vermoë van die jeugarbeidsmag deur 10 000 werksgeleenthede te skep. 'n Kritieke element in die arbeidsmagontwikkelingsinisiatief is om kritieke vaardighede vir die toekoms te ontwikkel deur digitale vaardighede en die geletterdheid van begunstigdes in vaardigheidsplasingprogramme te verbeter.

In die uitvoering van G4J-vlagskipprojekte wat daarop gemik is om sistemiese uitdagings in die vaardigheidsekosisteem die hoof te bied, sal die Departement 'n deurslaggewende rol speel om maatskappye by te staan wat by sektorale onderwys-en-opleidingsowerhede (SETA's) en ander befondsingsbronne aansoek doen om eksterne befonding. Dit sal verder uitdagings aanpak wat verband hou met die geskiktheid van akademiese instrumente ten opsigte van inhoud en leweringmodaliteite deur nuwe instrumente te ontwikkel of bestaandes te wysig. Daarbenewens sal die Departement meganismes fasiliteer wat die ekosisteem, bestaande uit ondernemings, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), tegniese en beroepsgerigte onderwys-en-opleidingskolleges (TVET) en universiteite, in staat stel om op 'n meer doeltreffende wyse selfkorrigerend op te tree.

Entrepreneurskap word wêreldwyd erken as 'n belangrike dryfkrag vir die versnelling van ekonomiese groei, werkskepping en die vermindering van armoede. Die mededingendste nasies is dié wat die hoogste vlak van ondernemersaktiwiteit het. Die verslae van die jaarlikse Global Entrepreneurship Monitor (GEM) toon konsekwent dat die nasionale vlak van ondernemersaktiwiteit 'n statisties beduidende verwantskap met gevolglike vlakke van ekonomiese groei het.

Entrepreneurskap is op sigself 'n beduidende produksiefaktor. Dit is van oorwegende belang aangesien dit die rol vervul om die ander produksiefaktore (bv. arbeid en kapitaal) te integreer om ekonomiese groei en welvaart te skep. Die ontwikkeling en groei van ondernemerskapasiteit en -massa is dus onteenseglik 'n noodsaaklikheid vir ekonomiese groei en om werk te skep. Dit is dus geen verrassing nie dat die G4J-strategie entrepreneurskap identifiseer as een van die twee sleutelroetes om welvaart vir die burgers van die Wes-Kaap te skep.

Die fokus op die ondersteuning van township- en informele ekonomieë sal ekonomiese deelname verhoog, werkloosheid verminder, bydra tot ekonomiese groei en voordeel daaruit trek. Die lokking en ondersteuning van plaaslike en buitelandse belegging help om die ekonomie te diversifiseer, opname te verhoog en die ruimtelike model te herontwerp. Township-ekonomieë is potensiële waardekettingbesighede of -verskaffers in spesifieke sektore wat geleenthede sal bied vir townshipgebaseerde entrepreneurs om op 'n meer gunstige wyse in industriewaardekettings te deel. Die groei en ontwikkeling van die townships en informele ekonomieë en besighede is belangrik vir hul volhoubaarheid en bestaansduur wat hulle in staat sal stel om ekonomiese geleenthede aan te gryp, wat groei (van die besigheid en die ekonomie) sal fasiliteer en opname in die arbeidsmark sal verhoog.

Die Departement sal ook die ingebruikneming van innoverende tegnologieë aanmoedig wat bystand sal bied met die groei en uitbreiding van alle besighede. Daar word verwag dat die bevordering van hierdie sleutelgebied nuwe markte en ander sakegeleenthede vir ons ontlukende entrepreneurs beskikbaar sal stel.

**Die drie ekonomiese instaatstellers is die volgende:**

a. **Gemak van sake doen deur rompslompvermindering**

'n Agenda om rompslomp te verminder en dit makliker te maak om sake te doen, is 'n integrale deel van enige strategie vir ekonomiese groei soos die Groei vir Werk-strategie. Ter bevordering van ekonomiese groei in die Wes-Kaap is die vaartbelyning van regulering, sowel as die vermindering van rompslomp en burokrasie noodsaaklik om sekerheid te skep en dit dus makliker te maak om sake te doen. Hierdie elemente behels die belangrike transversale elemente in die verwesenliking van die doelwitte en oogmerke van die G4J-strategie se prioriteitsfokusgebiede (PFG's) wat investering, uitvoere en indiensneembaarheid insluit.

As een van die geartikuleerde beginsels wat leiding bied betreffende die G4J-strategie, is 'n *hele-regering*-benadering duidelik uiteengesit en omskryf. Die vermindering van rompslomp is 'n kritieke strategiese dryfkrag onderliggend aan die kohesie en doeltreffendheid van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se vermoë om 'n transversale strategie in alle sferes en kanale van die regering doeltreffend, en bowenal, soomloos te implementeer – om ekonomiese groei en werkskepping doeltreffend te stimuleer. Gedurende die MTBR-periode sal ons rompslompvermindering meer as 20 regulatoriese hervormingsvoorstelle tot gevolg hê vir inwerkingstelling deur reguleerders en meer as 20 sakegerigte dienste verbeter wat sal lei tot 'n minimum van R3 biljoen se besparings en/of voordele vir die Wes-Kaapse ekonomie.

#### b. Ekonomiese intelligensie

Die daarstelling van 'n databestuurstelsel met goeie kapasiteit sal die nodige ekonomiese intelligensie verskaf om die Wes-Kaapse Regering te dien. 'n Sleutelrol vir die Eenheid vir Ekonomiese Intelligensie sal dus wees om data vir bewysgebaseerde besluitneming oor alle G4J-departemente heen te deel en te genereer.

#### c. Verbetering van kommunikasie en die ontwikkeling van die WK se ekonomiese handelsmerk

'n Kritieke element vir ekonomiese groei is om die nodige sakevertroue en besigheidsvriendelike handelsmerk vir die Wes-Kaap te ontwikkel. 'n Magdom organisasies en instellings in die private en openbare sektor skakel op 'n gereelde grondslag met besighede en burgers, en die provinsie het 'n rol om te speel ter ondersteuning van sakevertroue deur middel van handelsmerkbewustheid en belynde boodskappe. Gevolglik sal bemerking en kommunikasie ten opsigte van die ekonomiese rolspelers in die streek gekoördineer moet word. Vir hierdie doel moet beleidsekerheid en 'n instaatstellingsomgewing, soos ondersteun deur 'n duidelike Wes-Kaapse handelsmerk, ontwikkel en gehandhaaf word, aangesien sentiment en vertroue die sleutel tot die lokking van investering is.

#### Organisatoriese omgewing

Die G4J-visie vir die ekonomie van die provinsie is *“'n ekonomie wat suksesvolle ekonomiese groei bewerkstellig wat lei tot voldoende indiensneming en geleenthede vir sy burgers. Hierdie ekonomie is volhoubaar, veerkragtig, divers en florerend – wat vertroue, hoop en voorspoed vir almal tot gevolg het.”* Dit is 'n *hele-regering*-, *hele-samelewing*-strategie gesteun deur die kernbeginsels van vennootskappe en samewerking, innovasie, aanpasbaarheid en veerkragtigheid, volhoubaarheid, datagedrewe besluitneming en responsiwiteit ten opsigte van impakvolle geleenthede, waarvan die sukses daarvan die krag, verbondenheid en toewysing van hulpbronne van die hele regering, die private sektor en die burgerlike samelewing vereis.

#### Oorgang na 'n doelgeskikte departement

'n Dapper visie vir die provinsie, soos geartikuleer deur die G4J-strategie, bied duidelike leiding met betrekking tot die bereiking van die algehele doelwit deur middel van die identifisering van die prioriteitsfokusgebiede, elk met sy eie stel intervensies. Die struktuur van die Departement moet die lewering ten opsigte van hierdie prioriteitsfokusgebiede moontlik maak en versnel, en gevolglik het die Departement, in samewerking met die Korporatiewedienstesentrum se Hoofdirektoraat: Organisatoriese ontwikkeling, met 'n hersiening van die organisatoriese struktuur begin. Hierdie hersiening sal die ontwikkeling van 'n “doelgeskikte” diensleweringmodel vorm, wat te midde van ernstige besuinigingsmaatreëls die implementering van die G4J-strategie sal fasiliteer en 'n interne omgewing sal skep, wat meer doeltreffende, effektiewe en samewerkende maniere van werk sal bevorder en werknemers sal bystaan om meer aanpasbaar en produktief te wees.

Die Departement se Arbeidsmagplan (2021-2026) sal steeds as 'n platform dien vir die optimalisering van die organisasie se mensekapitaal om aanpasbaarheid en geïntegreerde dienslewering te verseker. Hierdie plan gebruik metodologieë en praktyke om organisatoriese kapasiteit te versterk, waarde- en bevoegdheidsgebaseerde werwingspraktyke te implementeer en die nodige ondersteuning aan personeel te verskaf om oor te skakel na die nuwe maniere van werk wat deur die G4J-strategie vereis word.

Ten opsigte van belyning met 'n toekomsgerigte arbeidsmag het die Departement, in die 2023/24-boekjaar, 'n vaardigheidsgapingsoudit geïnisieer, en gevolglik sal daar gedurende die 2024/25-boekjaar op die opgradering en

heropleiding van geassesseerde personeel gefokus word om optimale dienslewering in prioriteitsgebiede in lyn met die G4J-strategie te verseker. Hierdie proses sal intern bestuur word en in oorleg met die Direktooraat: Mensebemagting in die Korporatiewedienstesentrum.

#### Uitlewing van die WKR se kernwaardes

Die Departement sal voortgaan om sy mense eerste te stel en het kultuur en ingesteldheid as belangrike fokusgebiede geïdentifiseer. Deur 'n interaktiewe kultuurreis te onderneem en 'n waardegedrewe benadering te volg, beoog die Departement om die sterk grondbeginsels van dienslewering en passievolle persoonlike verbondenheid wat reeds binne die organisasie bestaan verder uit te bou en te benut. Met hierdie doel in gedagte is die Departement steeds ten volle verbind tot die ses kernwaardes van die WKR, wat 'n gemeenskaplike begrip van die verwagte gedrag van alle WKR-werknemers beliggaam, naamlik:

- Sorgsaamheid: Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk.
- Bekwaamheid: Die vermoë en bevoegdheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is.
- Aanspreeklikheid: Ons aanvaar verantwoordelikheid.
- Integriteit: Om eerlik te wees en die regte ding te doen.
- Innovasie: Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en om skeppende oplossings vir probleme op 'n vindingryke manier te ontwikkel.
- Responsiwiteit: Om in die behoeftes van ons burgers en werknemers te voorsien.

#### Bevordering van datagedrewe besluitneming

Die DEOT, wat aan die voorpunt van tegnologie en innovasie staan, werk aktief saam met belanghebbendes, soos die Sentrum vir e-Innovasie (Ce-I), om die nuutste IKT-behoeftes te bepaal en sy tegnologiese raamwerk te bevorder. 'n Omvattende GAP-ontleding is gedurende die 2023/24-boekjaar onderneem, wat huidige stelsels sowel as potensiële optimale oplossings geassesseer het. Na aanleiding van hierdie ontleding sal interne prosesse geïdentifiseer word, waar voorpunt- en doeltreffendheidsverbeterende tegnologieë ingespan kan word om dienslewering te verbeter en produktiwiteit te versterk. Die GAP-ontleding, wat deur die Departement se IKT-bestuurskomitee bestuur word, sal leiding bied vir die IKT-bedryfsplan vir 2024/25.

Die IKT-bestuurskomitee se primêre doelwit is om doeltreffendheid en produktiwiteit in die werkplek te maksimaliseer deur die toepaslike gebruik van IKT vir maksimum impak. Die sekondêre doelwit is om die Departement te ondersteun om meer datagedrewe en bewysgebaseerde besluitneming te begin aanwend. Hierdie doelwitte is onderliggend aan die Departement se verbondenheid om personeelproduktiwiteit te verbeter, datagedrewe besluitneming te bevorder en die voortou te neem met tegnologiese vernuf. Hierdie strategiese inisiatief posisioneer die DEOT as 'n toekomsgerigte departement, wat verseker dat die interne stelsels toekomsgerig en baanbrekend binne die digitale landskap is en sodoende personeelvermoë versterk om die DEOT se G4J-prioriteite te verwesenlik.

#### Vooropstelling van menseregte

Intervensies word op 'n deurlopende grondslag intern geïmplementeer om onder personeel bewusmaking te doen oor menseregte, insluitende oor onderwerpe soos teistering, gestremdheid en gapings in gendergelykheid. Die Departement strewre steeds daarna om 'n werkplekkultuur daar te stel wat die regte van vroue, die jeug en mense met gestremdhede in ag neem en vry is van teistering en diskriminasie.

Die Departement sal voortgaan om aan die Wes-Kaapse Regering se inisiatiewe van die Menseregtevooropstellingsforum deel te neem, wat verslagdoening oor die Raamwerk vir Genderresponsiewe Beplanning, Begroting, Monitering, Evaluering en Ouditering (GRPBMEAF) en die instaatstelling van personeel ten opsigte van gendervooropstelling insluit.

Die Departement gee ekstern gehoor aan sy menseregteverpligtinge rakende burgers en die geïdentifiseerde prioriteitsgroepe (die jeug, vroue, persone met gestremdhede en bejaardes) deur middel van verskeie programme, insluitende die volgende:



- Die Eenheid vir Ondernemingsontwikkeling sal voortgaan om ondersteuning aan aangewese groepe soos vroue, die jeug en mense met gestremdhede te prioritiseer deur inisiatiewe wat daarop gemik is om KMMO's by te staan, insluitende formele, informele, landelike en township-ondernemings. Die eenheid sal (waar moontlik) vennootskappe nastrewe wat ondersteuning aan aangewese groepe bied.
- Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer (Program 4) sal deur middel van hul verbruikersopvoedingsintervensies verskeie verbruikersgroepe teiken, insluitende die jeug, bejaardes, vroue en persone met gestremdhede. Hierdie intervensies sal oral in die provinsie uitgevoer word en sal fokus op bewusmaking rakende verbruikersregte en basiese finansiële geletterdheid vir burgers.
- Toerismesektortransformasie (Program 6) sal vroue en die jeug teiken deur die ontwikkeling van toergidse as deel van die registrasie- en ontwikkelingsdiens aan die gidsgemeenskap.
- Die program vir vaardigheidsontwikkeling en innovasie (Program 7) sal vennootskappe aktief nastrewe om besluitnemers en beleidmakers te beïnvloed wat oor die mandaat in die onderwys- en naskoolse omgewing beskik, ten einde sistemiese verandering te bevorder wat vir die jeug en die huidige werksmag toegang bied tot toepaslike werkplekvaardighede vir beter indiensneembaarheid. Ter ondersteuning van die ontwikkeling van mensekapitaal en die provinsiale werksmag sal die program die vooropstelling van menseregte onder die jeug bevorder.

Wat transformasie betref, het die Departement 'n aktiewe Diensbillikheidsforum wat daarop gemik is om onder meer struikelblokke rakende die bereiking van billike verteenwoordiging in die Departement uit die weg te ruim. Daarbenewens word die implementering van diensbillikheidsmaatreëls noukeurig gemonitor tydens alle werwingsproesse, in ooreenstemming met die Departement se Diensbillikheidsplan (2020-2025).

## Organisatoriese struktuur

Oorsig van die 2024/25-begroting en MTBR-beramings

Program R'000		Uitkomste			Hoof- begroting	Aangesuiwe rde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
		Geouditeer	Geouditeer	Geouditeer				2024/25	% - verandering vanaf hersiene beraming		
		2020/21	2021/22	2022/23							
1.	Administrasie	62 678	54 841	57 911	51 801	55 378	55 378	60 626	9,48	60 298	64 886
2.	Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkeling	89 355	53 204	47 159	58 914	52 311	52 311	44 618	(14,71)	45 966	49 256
3.	Handel- en Sektorale Ontwikkeling	69 342	73 976	74 413	85 699	82 535	82 535	92 884	12,54	88 033	95 260
4.	Sakeregulering en - Bestuur	7 248	9 392	10 431	11 667	12 375	12 375	11 837	(4,35)	12 570	13 696
5.	Ekonomiese Beplanning	129 612	140 150	129 780	117 319	93 988	93 988	98 706	5,02	79 330	83 136
6.	Toerisme, Kunste en Vermaak	76 578	7 4161	71 874	74 393	73 475	73 475	73 634	0,22	73 986	76 419
7.	Vaardigheidsontwi- kkeling en Innovasie	81 950	70 567	96 106	99 190	99 066	99 066	97 940	(1,14)	105 219	102 056
Totale betalings en beramings		516 763	476 291	487 674	498 983	469 128	469 128	480 245	2,37	465 402	484 709

# Deel C: Meting van ons prestasie

## Prestasie-inligting volgens institusionele program

### 5. Program 1: Administrasie

#### 5.1 Doel

- Om sterk, innoverende leierskap te verskaf en om skoon, doeltreffende, koste-effektiewe, deursigtige en responsiewe korporatiewe dienste aan die Departement te lewer.

Die program erken die belangrikheid van bestuurstoestig en die belang daarvan in die openbare sektor en het derhalwe 'n doelwit gestel om die hoogste vlak van bestuurstoestig te bereik.

Bestuurstoestig word gedefinieer as die proses waarin staatsinstellings en departementele strukture prosesse koördineer en beleide implementeer deur te voldoen aan norme en standaarde wat binne die regering opgestel is om integriteit, openheid en aanspreeklikheid te bevorder. Sodanige bestuurstoestigprosesse behoort die vestiging van 'n kultuur van die optimalisering van dienslewering en die ondersteuning van goeie bestuurstoestig te bevorder.

In belyning hiermee is die G4J-strategie wat ook die belangrikheid van 'n bekwame staat as 'n instaatsteller vir ekonomiese groei beklemtoon. 'n Bekwame staat word gekenmerk deur goeie bestuurstoestig en beleidsekerheid. 'n Bekwame provinsiale regering gaan op 'n gekoördineerde wyse te werk om sy duidelik gedefinieerde doelwitte te bereik, sy verpligtinge na te kom en dienste doeltreffend en effektief te lewer. Dit is responsief, deursigtig en verantwoordbaar, en beskik oor die kultuur en stelsels wat nodig is om korrupsie te voorkom.

Vereenvoudigde bestuurstoestig handel oor beide:

- *prestasie* – hoe departemente bestuurstoestigreëlings aanwend om tot algehele prestasie en die lewering van dienste of programme by te dra; en
- *voldoening* – hoe departemente bestuurstoestigreëlings aanwend om te verseker dat dit aan die vereistes van die wet, regulasies, standaarde en burgers se verwagtinge ten opsigte van aanspreeklikheid, openheid en integriteit voldoen.

'n Deurlopende sterk fokus op die ontwikkeling en handhawing van effektiewe bestuurstoestig sal help om "swak" bestuurstoestig of mislukte prosesse te bespeur en die organisasie in staat te stel om kwessies te hanteer voordat dit in ernstige probleme rakende prestasie of nievoldoening ontwikkel.

Derhalwe het die program die doelwit gestel om die hoogste vlak van bestuurstoestig te bereik soos gemeet deur die Bestuurprestasieindeks (GPI) wat die gehalte van bestuurstoestig meet deur finansiële nakoming, aanspreeklikheid, finansiële soliditeit en voldoende prestasie in menslikehulpbronbestuur sowel as oudituitkomstes te gradeer.

Dit sal deur middel van die volgende doelwitte bereik word:

- Om finansiële bestuurstoestig te bewerkstellig deur die bereiking van skoon oudits.
- Om die diensleweringomgewing te maksimaliseer deur middel van innoverende en vinnig aanpasbare oplossings.
- Om beleid in duidelike en responsiewe strategieë te omskep wat bydra tot die beste aanwending van hulpbronne om die doelwitte van die organisasie se verbondenheid tot impakvolle en bewysgebaseerde strategieë verder te bevorder.
- Om 'n raamwerk vir monitering en evaluering daar te stel wat resultate meet en voorsiening maak vir ingeligte besluitneming.

## 5.2 Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof

### 5.2.1 Doel

- Om administratiewe aangeleenthede transversaal te bestuur soos ten opsigte van die Departement se programme en projekte.
- Om leierskap en leiding aan die Departement te verskaf.
- Om toesighouding oor die Departement se mandaat en funksie effektief te handhaaf.

## 5.3 Subprogram 1.2: Finansiële bestuur

### 5.3.1 Doel

- Om 'n doeltreffende funksie rakende finansiële bestuur te verskaf.
- Om die implementering van die WOFB en ander verwante finansiële regulasies en beleide te verseker.
- Om beplanning- en begrotingsondersteuning aan die Departement te voorsien.
- Om voorsiening te maak vir die instandhouding van bates.

### 5.3.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Ten einde op die fondasie van 'n bekwame staat voort te bou, is die bereiking en bestuur van die hoogste vlak van finansiële bestuurstoegig 'n inklusiewe langtermynstrategie wat op nakoming, 'n kultuur van prestasiekultuur, die ondersteuning van belanghebbendes en dienslewering staatmaak. Dit beliggaam, maar is nie beperk nie, tot die voorsiening van kwaliteitinligting, die doeltreffende toewysing van hulpbronne, bekwaamheid rakende finansiële bestuur, sterk wetgewende strukture en die modernisering van openbaresektorfinansies tot voordeel van al die burgers van die Wes-Kaap. Een van die waardevolste aanwysers van goeie bestuurstoegig is 'n ongekwalifiseerde ouditopinie en die bereiking van hierdie doelwit verg die doeltreffende en effektiewe bestuur van alle prosesse. Soos uiteengesit in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP, 2030) kan dienslewering nie bereik word sonder goeie finansiële bestuur nie en goeie finansiële bestuur kan nie sonder dienslewering bestaan nie.

Met die onderneming van bogenoemde sal die Hoofdirektoraat: Finansiële Bestuur sy aandag toespits op die volgende strategieë:

#### Versterking van die nakomingsomgewing

- Implementeer 'n stelsel om alle wetgewing met 'n impak op die finansiële omgewing proaktief te identifiseer en te versprei.
- Ontwikkel tegniese kundigheid in finansiële bestuur deur middel van 'n gestruktureerde opleidingsprogram.
- Ontwikkel verbeterde sjablone om komplekse nakomingsvereistes te vereenvoudig.

#### Verbetering van prosesse en stelsels

- Verbeter diensleweringsteikens deur omkeertye vir die betaling van verskaffers te verbeter.
- Verbeter bestuursstandaarde en -uitkomstes asook verminder vermorsing binne die stelsel.
- Verseker dat fondse wat aan die Departement toegeken is, bestee word waar dit die nodigste is.

#### Heroriëntering na 'n burgersentriese ondersteuningsdiens

- Implementeer 'n doelgemaakte opleidingsprogram vir klientgerigte eenhede/diensleweringsevennote.
- Bou kapasiteit van personeel in finansiële bestuur om 'n beter begrip van leweringprogramme van die Departement te verkry.
- Verbeter die werksverhouding tussen finansiële bestuur en diensleweringseenhede om dienslewering te verbeter.
- Doen opnames om diensleweringstevredenheid onder diensleweringsevennote te verbeter.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Alhoewel finansiële bestuur se diensaanbieding intern gefokus is, is dit daartoe verbind om tot die gehalte van die Departement se uitkomstes by te dra. Dit sal gedoen word deur die doeltreffende aanwending van hulpbronne, deur te verseker dat begrotings doeltreffend gekoppel word aan beleidsdoelwitte, deur nakoming te verseker, deur 'n prestasiekultuur van goeie bestuurstoetsig te bevorder, deur die ondersteuning van belanghebbendes en deur middel van dienslewering.

### 5.3.3 Subprogram 1.2: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23		2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde finansiële bestuurstoetsig	Betaling aan krediteure binne 30 dae	1.1 Getal dae vir die prosssoring van betalings aan krediteure	Betaling aan krediteure binne 24 dae	Betaling aan krediteure binne 25 dae	17,16 dae	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae
	Kumulatiewe besteding as 'n persentasie van die begroting (werklike besteding aangesuiwerde begroting)	1.2 Persentasie kumulatiewe besteding behaal (werklike besteding/aangesuiwerde begroting)	99,2% (R530 711 000)	99% (R493 396 000)	99% (R502 883)	98%			
	Intervensies vir doeltreffendheid suksesvol geïmplementeer	1.3 Getal intervensies vir finansiële doeltreffendheid geïmplementeer	5	6	3	2			
	Opleidingsessies oor finansiële handleiding gehou	1.4 Getal opleidingsessies oor finansiële handleiding gehou	13	12	13	12			
	Kliëntedienstevredeneid behaal	1.5 Persentasie kliëntedienstevredeneid behaal		74%	79%	70%	70%	70%	70%
	Eksterne Oudit-aanbevelings geïmplementeer	1.7 Persentasie van ouditeur-generaal se aanbevelings geïmplementeer	100%	100%	100%	100%			
	Ongekwalfiseerde auditmening	1.7.1 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se					Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
		mening oor die audit van finansiële state							

### 5.3.4 Subprogram 1.2: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.1 Getal dae vir die prosessering van betalings aan krediteure	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae
1.5 Persentasie kliëntediensstevredenheid behaal	70%				70%
1.7.1 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die audit van finansiële state	Skoon audit		Skoon audit		

### 5.3.5 Subprogram 1.2: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verbeterde finansiële bestuurstoestig	Onvermoë om 'n ongekwalifiseerde auditmening te behaal weens wesenlike wanvoorstellings of wesenlike nienakoming in hoërisikogebiede soos oordragbetalings, menslikehulpbronbestuur, audit van voorafbepaalde doelwitte en voorsieningskanaalbestuur as gevolg van 'n ondoeltreffende of ontoereikende beheeromgewing.	'n Departementele handleiding vir finansiële beleid oor die delegasie van bevoegdhede, wat jaarliks bygewerk en in stand gehou word. Voltooing van akkurate en volledige kwartaallike finansiële state. Verskaffing van gerusstelling rakende hoërisikogebiede. Opleiding in finansiële bestuur aan lynfunksies om bekwaamheid te verseker. Opleiding van personeel in finansiële bestuur om bekwaamheid te verseker.

## 5.4 Subprogram 1.3: Korporatiewe dienste

### 5.4.1 Doel

- Om 'n strategiese ondersteuningsfunksie aan die Departement te verskaf.
- Om die lewering van ondersteuningsdienste rakende IKT, mensekapitaal, korporatiewe gerusstelling, regs- en kommunikasiedienste aan die Departement te verseker.
- Om departementele prestasie te monitor en te evalueer.
- Om kennis- en inligtingstelsels sowel as rekords te ontwikkel en te bestuur en om IKT te koördineer.

### 5.4.2 Departementele prestasiemonitering

#### 5.4.2.1 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

In 2024/25 en daarna is die DEOT se voorneme om sy monitering- en evalueringsdiens te verbeter, wat ons ideaal vir bewysgebaseerde beplanning, begroting, strategie en besluitneming stewiger sal veranker. In die uitvoering van ons mandaat vir monitering en evaluering (M&E) is ons gelei deur ons Departement se kollektiewe respons ten opsigte van die Provinsie se G4J-strategie en sy organiseringsbeginsels.

Die Provinsie het 'n sterk, bewysbare verbondenheid tot goeie bestuurstoetsig en aanspreeklikheid. Die G4J-strategie poog om hieruit voordeel te trek deur die huidige etos rakende prestasiebestuur uit te brei na een wat op 'n skerper fokus op resultaatgebaseerde bestuursbenaderings berus. Hierdie imperatief is ook aanvullend tot die toenemende ondersoek rakende die doeltreffendheid en effektiwiteit van regeringstrategieë, -planne en -programme deur eksterne gerusstellingsliggame, insluitende die ouditeur-generaal en komitees vir openbare aanspreeklikheid.

Die DEOT se beplande uitsette van twee progamevalueringe en vier projekmoniteringsverslae poog om op op verbeterde bestuursimperatiewe te reageer. Evalueringe sal die gebruik van toegepaste navorsingsmetodes behels om die ontwerp en doeltreffendheid van twee hoofregeringsprogramme onafhanklik te assesseeer.

Monitering is uit die aard van die saak deurlopend en fokus op projekimplementeringskwessies. Die doel van ons moniteringsverslae is om bestuursaanbevelings te verskaf oor potensiële leweringsrisiko's, koerskorreksie wat nodig is of projekontwerpverbeterings wat implementering kan verbeter.

Moontlike kriteria vir die keuse van toepaslike projekte of programme om onderskeidelik te monitor of te evalueer kan die volgende insluit:

- die intervensie se sentraliteit en toepaslikheid vir die implementering van die DEOT se G4J-mandaat;
- die intervensie se ryphed (jare van implementering);
- begroting;
- beskikbaarheid van moniteringsdata en ander relevante databronne;
- metingsraamwerke (goed geformuleerde doelwitte, uitkomstes, uitsette); en
- institusionele kapasiteit om aanbevelings en lesse geleer te implementeer.

Hierdie G4J- strategie se beginsel ondersteun die behoefte om toenemend beplanninginstrumente te gebruik om kragtige en meetbare strategieë en programuitkomstes te genereer (bv. teorie van verandering of logikamodelle). Met inagneming van die beleidsimperatief om voortdurend die staat se vermoë ten opsigte van M&E te ontwikkel (GWM&ES, 2007), sluit die beplande uitsette vir 2024/25 die interne aanbieding van vier kapasiteitsbouessies in. Hierdie intervensies teiken interne implementeringpersoneel en is ontwerp om hul kennis, kapasiteit en, van die grootste belang, hul ingebruikneming van M&E-prosesse en -instrumente te verbeter ten opsigte van hul beplanning, bestuur, meting en verslagdoening oor die prestasie van hul programme en projekte.

Met die uitbreiding van ons kapasiteitsboufokus wat oor die jare geïmplementeer is, word daar verwag dat die fokus vir 2024/25 kapasiteitsbou rakende die volgende belangrike M&E-elemente sal insluit:

- aanwyserkeuse en aanwyserontwikkeling;
- programbeplanningstegnieke – teorie van verandering of logikamodellering;
- data en datastelsels benodig vir die meting en assessering van uitkomstes;
- evalueringe – tipes, gebruike, voordele, vereistes; en
- deurlopende verbetering – implementering van aanbevelings of verbeteringsplanne.

As ons vorentoe kyk, word daar ook erken dat 2024/25 die laaste jaar van die huidige vyfjaarleweringstydperk is. Daar word dus ook in die vooruitsig gestel dat die M&E-funksie, ter ondersteuning van die DEOT se bewysgebaseerde benadering tot strategiese bestuur, kan bydra om die Rekenpligtige Beampte te steun om die beleidslewerbares soos uiteengesit in die Hersiene Beplanningraamwerk (DPME, 2020) te lewer:

- DEOT se eindtermynevaluering (uitkomsteprestasie van vyfjaar- Strategiese Plan);
- ondersteuning van strategieontwikkeling vir die nuwe vyfjaar- Strategiese Plan (2025-2030); en
- verfyning en implementering van die nuwe M&E-vyfjaarstrategie belyn met die DEOT se SP (2025-2030).



Die gedetailleerde mylpale en leweringsplanne onderliggend aand hierdie operasionele lewerbares sal verder in die DEOT se Jaarlikse Operasionele Plan (2024/25) beskryf word.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

As 'n instrument vir openbare bestuur is die eenheid se diensverskaffing intern gefokus, dit wil sê, dit is gerig op die verbetering van programme se vermoë om kragtige burgergefokusde ekonomiese intervensies te lewer.

#### 5.4.2.2 Departementele prestasiemonitering: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Funksionele "M&E-stelsel" wat steun aan die Departement verskaf	Uitkomstes gemonitor	1.8 Getal uitkomstemoniteringsverslae geproduseer	1	1	1				
	Uitsetmoniteringsverslae geproduseer	1.9 Getal uitsetmoniteringsverslae geproduseer	4	5	2				
	Projekmoniteringsverslae geproduseer	1.9.1 Getal projekmoniteringsverslae geproduseer				2	4	4	4
Funksionele "M&E-stelsel" wat steun aan die Departement verskaf	M&E-kapasiteitsbousessies gehou	1.10 Getal M&E-kapasiteitsbousessies gehou	4	3	3	3	4	4	4
	Evalueringsverslae	1.10.1 Getal evalueringsverslae voltooi					2	3	3
	Ongekwalifiseerde ouditmening	1.10.2 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die oudit van die Departement se niefinansiële prestasie-inligting					Skoon oudit	Skoon oudit	Skoon oudit

#### 5.4.2.3 Departementele prestasiemonitering: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.9.1 Getal projekmoniteringsverslae geproduseer	4	1	1	1	1
1.10 Getal M&E-kapasiteitsbousessies gehou	4	1	1	1	1
1.10.1 Getal evalueringsverslae voltooi	2				2

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.10.2 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die audit van die Departement se niefinansiële prestasie-inligting	Skoon audit		Skoon audit		

#### 5.4.2.4 Departementele prestasiemonitering: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomstes	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Funksionele "M&E-stelsel" wat strategiese steun aan die Departement verskaf	Bepaalde bewustheid, toegang of gebruik van M&E-benaderings wat daartoe kan lei dat die Departement sy prestasies en resultate rakende die inisiatiewe en programme wat geïmplementeer is, onderrapporteer.	Bou bewustheid en kapasiteit tesame met departementele projekbestuurders ten opsigte van die belangrike M&E- en prestasieverslagdoeningskonsepte en -praktyke. Skakel met lynfunksies om prestasiedata te bekom ten opsigte van die vyfjaaruitkomstes rakende prestasie bykomend tot die JPP's. Belyn interne moniteringsraamwerk met provinsiale prioriteite (bv. PSIP, Groei vir Werk-raamwerke) soos toepaslik.

### 5.4.3 Departementele kommunikasie

#### 5.4.3.1 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Groei vir Werk-prioriteitsfokusgebied (G4J-PFG): Ontwikkeling van vertroue en handelsmerkkommunikasie.

##### Temas:

- Verbeterde mate van vertroue onder beleggers en besighede in die Wes-Kaap en die Wes-Kaapse Regering.
- Vertroue en hoop, besighede en burgers wat positief is oor hul ekonomie en die Wes-Kaap se toekoms, sowel as 'n hoë vlak van vertroue onder die private sektor, gemeenskappe, inwoners en die regering, wat almal saamwerk om uitdagings te hanteer en geleenthede te verwesenlik.

Vertroue hou verband met die mate van optimisme rakende die huidige ekonomiese klimaat en verwagte toekomstige ekonomiese toestande. Investeringskoerse hang af van verwagtinge oor die toekoms en dus is vertrouensvlakke en ekonomiese groei sterk gekoppel omdat maatskappye indiensneming en investering tydelik opskort wanneer daar onsekerheid of pessimisme oor die toekoms heers. Kommunikasie is 'n sleutelaandrywer vir vertrouensvlakke.

'n Magdom organisasies en instellings in die private en openbare sektor skakel gereeld met besighede en burgers, en die Provinsie het 'n rol om te speel ter ondersteuning van sakevertroue deur middel van handelsmerkbewustheid en belynde boodskappe. Gevolglik sal bemarking en kommunikasie ten opsigte van die ekonomiese faktors in die streek gekoördineer moet word. Die rol van departementele kommunikasie is om die Departement se visie deur interne en eksterne kommunikasie oor te dra deur middel van skriftelike, verbale, visuele en elektroniese media, sowel as bemarking, promosies en reklame ten opsigte van departementele dienste aan plaaslike, nasionale en internasionale ekonomiese belanghebbendes. In die uitvoering van hierdie taak is die kernrol van die eenheid om die kommunikasieaktiwiteite binne die Departement te bestuur, te koördineer en te steun ten einde doeltreffende en konsekwente oordrag van die handelsmerkboodskap te verseker.

Dit is om te verseker dat plaaslike, nasionale en internasionale ekonomiese belanghebbendes ingelig word rakende beskikbare departementele dienste, sowel as aktiwiteite, en die uitkomstes wat uit hierdie aktiwiteite voortspruit. Die G4J-benadering besef dat ekonomiese groei wanneer besighede en verbruikers vertroue het. Alhoewel talle eksterne faktore vertrouensvlakke beïnvloed, is daar 'n rol vir die Provinsie om te speel ter ondersteuning van die

bou van sakevertroue deur 'n sterk Wes-Kaapse handelsmerk en 'n reputasie te ontwikkel wat aan die behoeftes en verwagtinge van besighede en entrepreneurs voldoen.

In reaksie hierop sal departementele kommunikasie ondersteuning vir strategiese kommunikasie verskaf ten opsigte van bewustheidsstrategieë en -planne vir ekonomiese voorspraak, wat die Wes-Kaap se waardeaanbod as 'n streekse ekonomie sal versterk en uitbrei. Die kern van die WKR-handelsmerk is ons handelsmerkbelofte – 'n duidelike verklaring van die waarde wat ons bied aan die mense wat ons dien. Vanuit die perspektief van die Wes-Kaapse ekonomie en in belyning met die WKR-handelsmerk verwys die ekonomiese “optimisme” spesifiek na hoe ons:

- stimulering van sakevertroue in die Wes-Kaapse ekonomie onder besighede aanmoedig;
- verbruikersvertroue in die Wes-Kaapse ekonomie onder inwoners van die provinsie met betrekking tot die dienste wat ons lewer, aanmoedig;
- plaaslike en internasionale reise na die Wes-Kaap aanmoedig;
- bereidwilligheid en vermoë rakende die hantering van uitdagings betreffende die ekonomiese omgewing demonstreer;
- plaaslike en internasionale beleggersvertroue in die Wes-Kaap aanmoedig; en
- optimisme in ekonomiese herstel bevorder.

Ons sal demonstreer dat die WKR se ekonomiese leierskap (en sy vennote) toegewyd is tot die ondersteuning van die ekonomie, waar ook al dit benodig word, hetsy deur die daarstelling van 'n instaatstellersomgewing vir besigheid of deur te verseker dat dit konsekwent aan sy diensmandate voldoen en voortdurend onder beskerming van goeie bestuurstoetsig. Dit behels grootliks hoe ons die volgende kommunikeer:

- kwessies wat hanteer moet word;
- kwessies wat die toepassing van leierskap vereis;
- kwessies wat die uitwissing van knelpunte vereis;
- geleenthede; en
- identifisering van kritiese temas vir steunwerwing of voorspraak.

Binne die departementele konteks word strategiese ekonomiese kommunikasie gedefinieer as “gefokusde pogings deur die Wes-Kaapse Regering om sleutelgehoore te verstaan en met hulle te skakel om toestande te skep, versterk of te bewaar, wat tot 'n gunstige vlak van sakevertroue sal bydra”.

Dit behels die ontwikkeling van agendas vir strategiese ekonomiese kommunikasie, wat 'n samevatting van ekonomiese intelligensie verteenwoordig wat afgelei is van en reageer op ekonomiese prioriteitsgebiede. Dit word saamgevat in duidelike kommunikasieagendas onderliggend aan die implementering van veldtogte en die ontwikkeling en uitvoering van narratiewe, boodskappe of temas ter ondersteuning van steunwerwing, promosiepogings en gepaardgaande kommunikasie deur die WKR in ekonomiese prioriteitsgebiede. Dit sal bepaal hoe intervensies in die prioriteitsgebiede in belyning met die WKR-handelsmerk gekommunikeer word.

Pogings sal ook 'n hupstoot gegee word om te verseker dat kommunikasievermoëns binne die Departement versterk word deur die instelling van programmatiesgebaseerde strukture vir die opgradering van toepaslike kommunikasievaardighede en -hulpbronne, wat gekoördineerde terugvoer aan die kommunikasiefunksie en belyning met die WKR-handelsmerk sal verseker. Daarbenewens bevorder die Departement samewerking tussen sy programme en navorsingseenhede (intern en transversaal) en departementele kommunikasie sal poog om maatstawwe vir sakevertroue te ondersoek, wat die resultate van alle departementele intervensies ter ondersteuning en bevordering van die mededingende en oortuigende voordele van die ekonomie van die Wes-Kaap beter sal kontekstualiseer.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Besighede en burgers wat positief is oor hul ekonomie en die Wes-Kaap se toekoms en waar daar 'n hoë vlak van vertroue onder die private sektor, gemeenskappe, inwoners en die regering heers, maak voorsiening vir beter samewerking om uitdagings te hanteer en ekonomiese geleenthede te verwesenlik.

#### 5.4.3.2 Departementele kommunikasie: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verbeterde gemak van sake doen	Agendas vir strategiese ekonomiese kommunikasie ontwikkel	1.11 Getal agendas vir strategiese ekonomiese kommunikasie ontwikkel		5	5	4	5	6	7

#### 5.4.3.3 Departementele kommunikasie: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.11 Getal agendas vir strategiese ekonomiese kommunikasie ontwikkel	5				5

#### 5.4.3.4 Departementele kommunikasie: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verbeterde gemak van sake doen	Implementering vind nie plaas nie weens onvoldoende data en analitiese stelsels ter ondersteuning van inhoud ten opsigte van die ontwikkeling van agendas vir strategiese ekonomiese kommunikasie.	Verseker identifisering en ontwikkeling van verhoudings met belangrike ekonomiese belanghebbendes (intern en ekstern) om insette en ontleding te bied wat vir die implementering van agendas se ontwikkeling benodig word.
	Versterking van departementele vermoëns deur te verseker dat personeel met toepaslike kommunikasievaardighede en -hulpbronne in staat is om "ekonomiewye" kommunikasie te dryf wat vir die bou van sakevertroue en handelsmerk benodig word.	Instelling van programmatiesgebaseerde strukture vir die opgradering van toepaslike kommunikasievaardighede en -hulpbronne, wat gekoördineerde terugvoer aan die kommunikasiefunksie en belyning met die WKR-handelsmerk sal verseker.

## 5.5 Programhulpbronorwegings

### Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 1 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%verandering vanaf hersiene beraming	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
Kantoor van die DH	11 378	5 172	5 983	4 450	7 251	7 251	6 535	(9,87)	6 735	7 105
Finansiële bestuur	37 413	33 827	36 128	33 184	33 044	33 043	34 381	4,05	36 062	38 099
Korporatiewe dienste	13 887	15 842	15 800	14 167	15 083	15 084	19 710	30,67	17 501	19 682
Totale betalings en beramings	62 678	54 841	57 911	51 801	55 378	55 378	60 626	9,48	60 298	64 886

## Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die Departement ondersteun beide visiegeïnspireerde prioriteit 2 (VIP 2): Groei en werksgeleenthede sowel as VIP 5: Innovasie en kultuur deur middel van vennootskappe en ruimtelike belyning.

Program 1, met sy unieke posisie as die ondersteuningsprogram vir die Departement, poeg egter om sy prosesse met hierdie twee doelwitte te integreer op 'n manier wat gelyke ondersteuning en implementering van albei VIP's moontlik maak. Met ander woorde, die doel is om dienslewering deur middel van doeltreffende en innoverende bestuursbeginsels te behaal.

In hierdie verband beoog die Departement om sy monitoring- en evalueringsdiensaanbieding te verbeter, ten einde die behoefte aan bewysgebaseerde beplanning, begroting, strategie en besluitneming te veranker. In die uitvoering van die mandaat vir monitoring en evaluering (M&E) word die Departement gelei deur die kollektiewe respons ten opsigte van die Provinsie se G4J-strategie en sy organiseringsbeginsels.

## 6. Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

### 6.1 Doel

- Om 'n bemagtigende besigheidsomgewing vir die skep van geleenthede vir groei en indiensneming te bevorder en te steun.

#### 6.1.1 Belyning met nasionale en provinsiale strategieë

Die voorneme, doelwitte en intervensies soos geïdentifiseer in belangrike nasionale beleid- en strategiedokumente sluit aan by die werk wat ten opsigte van Program 2 gedoen is en steeds gedoen word. Die program behels die Direktorate: Ondernemingsontwikkeling (OO), Streeks- en plaaslike ekonomiese ontwikkeling (SPEO) en Romsplompvermindering (RTR).

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) wat in 2012 aanvaar is, is gevolg deur die Mediumtermynstrategieraamwerk (MTSR, 2019-2024) as die tweede vyfjaarimplementering van die NOP. Laasgenoemde het ook die groepe intervensies en programme uiteengesit wat die sewe prioriteite soos geïdentifiseer in die NOP sal bevorder.

Die program het direk en indirek betrekking op die volgende onderling gekoppelde pilare soos geïdentifiseer in die NOP, naamlik (1) *vinniger ekonomiese groei, hoër investering en groter opname in die arbeidsmark*, (2) *fokus op sleutelvermoëns van mense (insluitende besigheid) en die staat*, en (3) *bou van 'n bekwame staat*. Met die oog op die MTSR as 'n manier om die drievoudige uitdaging van armoede, ongelykheid en werkloosheid soos geïdentifiseer in die NOP die hoof te bied, belyn die werk van die program direk met die volgende prioriteite van die MTSR:

- **Prioriteit 1: 'n Bekwame, etiese en ontwikkelingsgerigte staat.** Sleutelintervensies waarmee die program belyn, sluit die volgende in: (1) verbetering van produktiwiteit en funksionaliteit van openbare instellings ter ondersteuning van mensgesentreerde lewering, met die klem op die kapasiteit en vermoë van plaaslike regering – SPEO en RTR, en (2) modernisering van sakeprosesse in die openbare sektor – RTR.
- **Prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping.** Sleutelintervensies waarmee die program belyn, sluit die volgende in: (1) skep van 'n instaatstelloosomgewing vir indiensneming deur beleid en regulasies – RTR, (2) verbetering van die gemak van sake doen – RTR, SPEO en OO, (3) fasilitering van die toename in die getal funksionele klein besighede met 'n fokus op township-ekonomieë en landelike ontwikkeling – OO en RTR, (4) versterking van ontwikkelingsfinansiering vir KMMO-ontwikkeling – OO, en (5) KMMO-ontwikkeling deur middel van inkubasiesentrums en digitale sentrums – OO.

Nog 'n belangrike beleidsdokument wat in 2023 uitgereik is en wat direk met die werk van die program verband hou, is dié van die Meesterplan vir Nasionale Geïntegreerde Kleinsakeontwikkeling (NISED). Die NISED se beoogde impak, *“Meer KMMO's wat produktief tot die BBP bydra met meer mense wat in diens is van KMMO's, wat tot 'n meer billike, inklusiewe, getransformeerde en groeiende ekonomie bydra”*, het die volgende uitkomstes ten doel wat met Program 2 verband hou:

- hervorming van beleid, wette en regulasies om KMMO-groei en doeltreffende bestuurstoesig moontlik te maak;
- effektiewe ondersteuningsdienste gelewer vir KMMO-groei, sowel finansiële as niefinansiële; en
- gekoördineerde regering met versterkte vennootskappe met die private sektor vir KMMO-groei.

Van belang is 'n onlangse verslag wat in September 2023 uitgereik is, *“Review of the NDP 2012-2021”*, wat 'n oorsig bied van vordering met die vername NOP-teikens oor die afgelope tien jaar en die grondslag verskaf vir aanbevelings vir implementering in die oorblywende agt jaar. Laasgenoemde identifiseer in wese maatreëls vir koerskorreksie op grond van veranderings in omstandighede. Die volgende is tersaaklike hoogtepunte uit die oorsig wat onderliggend is aan die werk van die program:

- SA se hoogs gekonsentreerde markte is besig om selfs meer gekonsentreerd te raak, wat in werklikheid nuwe toetreders (as klein besighede) uthou.

Aksie: Versnel pogings om KMMO-deelname in markte te verhoog.

- Regulatoriese en institusionele veranderinge is nodig om klein besighede in staat te stel om deel te neem en te verseker dat kapitaal spesifiek toegewys word om die doelwitte van die NOP te bereik.

Aksie: Versnel regulatoriese hervorming.

- Die inperking tydens die COVID-19-pandemie het 'n groot impak op klein besighede gehad – 'n afname van 25% in informele ondernemings en geregistreerde klein ondernemings wat in die eerste twee kwartale van 2020 met 2% toegeneem het voordat dit met 11% gedaal het. Verder is die winste ten opsigte van indiensneming deur klein besighede vanaf 2018 tot 2019 omgekeer.

Aksie: Verhoog die getal nuwe beginondernemings.

- 'n DPME-studie in 2022 het bevind dat die hoofuitdagings ten opsigte van KMMO-ontwikkeling, veral township-ondernemings, die volgende insluit: (1) gebrek aan finansiering, (2) toegang tot markte, (3) verskaffing van basiese dienste (bv. elektrisiteit, water) en (4) regulatoriese en administratiewe ondoeltreffendheid (rompslomp).

Aksie: Volg 'n meer holistiese benadering tot KMMO-ontwikkeling.

Ter opsomming: Sedert die bekendstelling van die nasionale sleutelbeleide (dit wil sê, NOP en die MTSR), het die program steeds belyng gebly ten opsigte van doelwitte sowel as maniere om hierdie doelwitte te behaal. Van meer belang is dat die oorsig van die NOP wat die kritieke gebiede uitlig, bv. regulatoriese hervorming en die verhoging van die aantal nuwe beginondernemings wat die opskerpings van pogings vereis, ten volle in ooreenstemming is met die beoogde fokusgebiede van die program op medium termyn.

### Belyning met provinsiale strategieë en die Departement se mandaat

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP, 2019-2024) identifiseer “groeï en werksgeleenthede” as een van vyf strategiese pilare (of visiegeïnspireerde prioriteite – VIP's) wat die werk sal dryf om die visie “*n Veilige Wes-Kaap waar almal floreer*” te bereik. Van belang vir Program 2 en waarmee dit belyng, sluit die volgende in:

- Munisipale prioriteite is 'n oorvleuelende tema. Plaaslike ekonomiese ontwikkeling (PEO) is as een van die elf munisipale prioriteite geïdentifiseer. Beide die program se direkteure: SPEO en RTRU was baie aktief op hierdie gebied en sal voortgaan om 'n beduidende rol te speel in die ontwikkeling van bekwaame munisipaliteite.
- VIP 2: Groeï en werksgeleenthede behels die volgende fokusgebiede met betrekking tot die program:
  - o verbetering van die algehele besigheidsomgewing – om dit vir die kleinste township-KMMO tot die grootste buitelandse belegger makliker te maak om sake te doen, en eweneens is daar die behoefte vir die regering om meer doeltreffend met die private sektor sake te doen;
  - o verwydering van die struikelblokke ten opsigte van investering – om te besin oor die regering se eie interne prosesse wat groei belemmer met onnodige administratiewe laste op formele en informele besighede, en van gelyke belang is die bereiking van slim en vaartbelynde regulasies oor alle regeringsfere heen;
  - o investeringsbevordering en besigheidsbehoud – om te strew na 'n omgewing (en ekosisteem) waar bestaande besighede gewaardeer en versorg voel, en uiteindelik uitbreiding en verhoogde indiensneming gunstig oorweeg; en
  - o groei van die ekonomie deur toename in uitvoere – bevordering van doeltreffende prosesse en regulasies wat daartoe bydra dat bestaande uitvoerders hul uitvoere verhoog sowel as nuwe uitvoerders wat die uitvoermark wil betree.

Die DEOT se Strategiese Plan (DEOT-SP, 2020-2025) sit sy visie uiteen: “*n Wes-Kaap met 'n dinamiese, innoverende en volhoubare ekonomie, wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en werksgeleenthede*”. Die program se werk om tot hierdie visie by te dra word gevind in die volgende prioriteite van die DEOT-SP:

- Prioriteit 1: *Investering deur bevordering en katalitiese infrastruktuur* – die komponent van die RTR speel 'n beduidende rol in die verwydering van struikelblokke ten opsigte van investering deur sistemiese verbeterings aan stelsels en regulatoriese hervorming.

- Prioriteit 2: *Bevordering van uitvoere* – OO speel nie net 'n rol in die ontwikkeling van uitvoerders as klein besighede nie, maar RTR se rol in die verbetering van doeltreffendheid ten opsigte van stelsels, prosedures en regulatoriese hervorming bly van kritieke belang.
- Prioriteit 4: *Versnelling van die gemak van sake doen* – die werk van die RTR-komponent op die gebied van die Besigheidsondersteuningshulplyn, regulatoriese hervormings, stelselverbeterings en kliënt-/besigheidsgesentreerde dienslewering.

Laastens, maar die belangrikste, is die visie van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se Groei vir Werk- (G4J)-strategie van 'n provinsiale ekonomie wat suksesvolle ekonomiese groei van R1 biljoen teen 2035 bewerkstellig, wat deur groei van tussen 4% en 6% per jaar gedryf sal word. Die program se kritieke rol in hierdie strategie berus by die ondersteuning van die sleutelpilare van die strategiese raamwerk, wat verbeterde mededingendheid, gemak van sake doen en die versterking van geografiese sinergieë en ruimtelike oorgange insluit. Al drie subprogramme, Ondernemingsontwikkeling (OO), Romslopvermindering (RTR) en Munisipale Ekonomiese Ondersteuning (MEO), is vanuit 'n strategiese en operasionele perspektief geposisioneer om uitvoering te gee aan die visie, doelwitte en tersaaklike programme van die G4J-strategie.

Die program sal bydra tot die versterking van die implementering van die G4J deur middel van programme en projekte in die volgende prioriteitsfokusgebiede (PFG's):

- PFG 1: *Bevordering van geleenthede vir groei deur investering* – 'n prominente rol word deur die RTR-eenheid gespeel om regulatoriese en beleidsuitdagings die hoof te bied, bv. visums;
- PFG 2: *Stimulering van markgroei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte* – soos vir PFG 1 sal die RTR-eenheid se rol ten opsigte van regulatoriese en prosesverbeteringsintervensies (stelsels) van kritieke belang wees;
- PFG 5: *Tegnologie en innovasie* – die RTR-eenheid navigeer belangrike regulatoriese beperkings om dit uit die weg te ruim en die OO-eenheid doen sy deel om klein besighede te ondersteun, met die klem op tegnologiebeginondernemings en -skaalondernemings; en
- PFG 7: *Verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid* – 'n beduidende rol word deur die ED-eenheid gespeel deur middel van sy ondersteuningsintervensies vir entrepreneurskap en klein besighede.

Die sukses van die G4J-strategie hang af van die mate waarin dit in liggings van toepassing is, dit wil sê, munisipale en distriksliggings. Die MEO-eenheid sal hier 'n deurslaggewende rol speel in die versterking van die geografiese sinergieë en ruimtelike oorgange deur nie net veelvuldige intervensies gefokus op geïdentifiseerde distrikte en munisipale gebiede te koördineer nie, maar ook deur die kapasiteitsbou van plaaslike regering om sy rol te speel betreffende die uitvoering van die visie van die G4J-strategie.

In die uitvoering van die PSP, die DEOT se Strategiese Plan en die Groei vir Werk-strategie, sal al drie komponente dit uitvoer soos voorheen, gebaseer op grondige bewyse en data, vennootskappe met rolspelers in beide die private en die openbare sektor asook die ontwerp van intervensies wat impak, ekonomiese groei en indiensneming op lang termyn tot gevolg het.



## 6.2 Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling

### 6.2.1 Doel

- Om by te dra tot die skep van 'n bemagtigende besigheidsomgewing wat klein sakeondernemings en entrepreneurs bemagtig om volhoubaar te wees, te ontwikkel en te groei.

### 6.2.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Entrepreneurskap is noodsaaklik om arbeid en kapitaal byeen te bring en word wêreldwyd erken as 'n belangrike dryfkrag wat vir die versnelling van ekonomiese groei, werkskepping en die vermindering van armoede verantwoordelik is. Die mededingendste nasies is dié wat die hoogste vlak van ondernemersaktiwiteit het. Entrepreneurskap as 'n instaatsteller en versneller bied een van die roetes om burgers in staat te stel om ekonomies aktief te word en toegang tot ekonomiese geleenthede te kry.

Die dubbele uitdaging vir entrepreneurskap in die Wes-Kaap is die lae aanvangskoers en hoë stakingskoers van nuwe en bestaande besighede, wat ekonomiese groei en werkskepping belemmer. Dit word vererger deur 'n gefragmenteerde en ongekoördineerde ekosisteem vir besigheidsontwikkeling in die openbare en private sektor. Die eenheid sal 'n rol speel in die lewering van die PSP en G4J-strategie met 'n fokus op die verbetering van entrepreneurskapsroetes om ekonomiese roetes en geleenthede nader aan burgers en gemeenskappe oral in die Wes-Kaap te bring. Dit sluit strategiese koördinerende en versterkte ekosisteme in, sowel as verbeterde roetes vir naskoolse en tersiêre opleiding.

Die fasilitering van die implementering van die intervensies hier onder sal vennootskappe en samewerking binne en tussen die KMMO-ekosisteem se belanghebbendes vereis, insluitende die rol van die KMMO-forum om te verseker dat die produk- en diensaanbiedinge van hierdie organisasies gekoördineer word om by te dra tot die verbetering van ekonomiese geleenthede en die skep van entrepreneurskapsroetes. Met hierdie doel in gedagte sal die eenheid uitvoering gee aan die veranderingstrategieë soos vervat in die G4J deur middel van die volgende:

#### Versterking van entrepreneurskapsroetes om 'n sterk entrepreneurskultuur te ontwikkel

Die bydrae tot die verbetering van die totale vroeë stadium-entrepreneursaktiwiteitskoers (TEA) deur die versterking van entrepreneurskapsroetes sal lei tot 'n toename in die aanvangskoers van besighede in die Wes-Kaap. Skole, universiteite en TVET-kolleges poeg om tradisionele strategieë en onderrigmetodes te verander en die opleiding van studente te versterk om hul bewustheid rakende innovasie en entrepreneurskap te ontwikkel. Die ontwikkeling van die begrip en kapasiteit van die jeug betreffende entrepreneurskap as 'n koel en lewensvatbare ekonomiese opsie is van kritieke belang. Entrepreneurskapsopvoeding, kapasiteitsbou en die ontwikkeling en ondersteuning van veldtogte is alles daarop gemik om die pylyn en poel van entrepreneurstalent in die provinsie te vergroot. Die intervensies sal vennootskappe en samewerking met onder meer WKR-departemente (bv. Onderwys), universiteite en TVET-kolleges, die private sektor en die KMMO-ekosisteem se belanghebbendes vereis.

Beplande intervensies om uitvoering te gee aan die G4J sal onderneem word deur middel van die volgende:

- ontwikkeling en versterking van entrepreneurskapsopvoeding by skole en naskoolse instellings wat beginondernemings van die jeug ondersteun om die entrepreneurspylyn te ontwikkel;
- ontwikkeling en ondersteuning van veldtogte om entrepreneurskap te bevorder en die poel van entrepreneurs te vergroot;
- gebruik van bestaande digitale entrepreneursplatforms om besighede te ondersteun rakende toegang tot inligting om hul werksaamhede te steun en uit te brei; en
- vasstelling van die entrepreneurskoers vir die Wes-Kaap om die voorkomssyfer te bepaal van individue wat aktief by beginondernemings betrokke is.

#### Doeltreffende besigheidsontwikkelingsondersteuning vir besigheids groei en 'n versterkte ekosisteem

Die verskaffing van holistiese en doelgemaakte besigheidsonwikkelingsondersteuning sal direk bydra tot 'n groter aantal volhoubare en veerkragtige besighede, wat weer sal bydra tot 'n verlaging in die besigheidstakingskoers en 'n verhoging in beginondernemings. Daar sal gefokus word op die verbetering van die volhoubaarheid, mededingendheid en groei van KMMO's in verskeie stadiums van die besighedslewensiklus deur vennootskappe te ontwikkel en hulpbronne (dit wil sê, befondsing) aan te wend tesame met belangrike rolspelers in die ekosisteem (openbare en private sektor) om ekonomiese geleenthede te ontsluit deur holistiese en doelgemaakte besigheidsonwikkelingsondersteuning te verskaf. Die KMMO-aansporingsfonds het 920 besighede tussen 2019 en 2022 bygestaan, wat gelei het tot werksgeleenthede wat geskep en gehandhaaf is, sowel as die aanwending van fondse wat meer is as wat deur die Departement geïnvesteer is. Die prestasies moet gesien word teen die agtergrond van die COVID-19-pandemie en die verlansaming van Suid-Afrika se ekonomiese groeikoerse, met die inperkingsregulasies wat die werksaamhede en volhoubaarheid van KMMO's ernstig geaffekteer het. Die sukses wat tot dusver behaal is, verskaf bevestiging vir die voortsetting van die fonds en die gepaardgaande ondersteuning aan KMMO's in die Wes-Kaap. Die instaatstelling en fasilitering van die verskaffing van maatreëls vir besigheidsonwikkelingsondersteuning en -dienste sal onderneem word deur middel van die:

- KMMO-aansporingsfonds (2024) – fasilitering en ontwikkeling van vennootskappe met die KMMO-ekosisteem se belanghebbendes om hulpbronne in die openbare en private sektor te betrek om ekonomiese geleenthede te ontsluit.

## WomHub bied toegang tot wêreldklasfasiliteite

**W**omHub, 'n begunstigde van die KMMO-aansporingsfonds (2022), is 'n maatskappy in die besit van vroue wat inkubasie- en adviesdienste verskaf aan STEM-besighede (Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Vervaardiging) wat deur vroue besit word. Hierdie maatskappy het 28 besighede in die besit van vroue ondersteun deur middel van talle ondersteuningsintervensies soos gefasiliteerde werksessies, besighedsmentorskap, toerusting, besigheidstoelaes en finansiële afrigting.

Die fonds het die stigting van die WomHub Innovation Hub in Groenpunt befonds, 'n ruimte wat vir vroue ontwerp is en waar hulle toegang tot wêreldklasfasiliteite sal hê.

Ter viering van Vrouemaand het WomHub in samewerking met die Eenheid vir Ondernemingsontwikkeling 'n demo-dag aangebied, wat die stigters die geleentheid gebied het om hul verworwe vaardighede te gebruik om voorleggings oor hul besighede voor 'n paneel beoordelaars te doen. Op die spel was prysgeld ter waarde van R60 000 vir die voorleggings in die top drie. Die KMMO-aansporingsfonds (2024) sal gedurende die 2024/25-boekjaar voortgaan om by te dra tot die volhoubaarheid en groei van KMMO's in die Wes-Kaap.



*Minister Wenger saam met die stigters by demo-dag*



*Infrastruktuur by die Womhub Innovation Hub*

### Entrepreneurskapontwikkeling deur middel van marktoegang en befondsing

KMMO's sukkel om toegang tot befondsing en markgeleenthede te kry. Die verskaffing van toegang tot finansiering en besigheidsonwikkelingsondersteuning sal die vermoë van groeigeoriënteerde besighede verbeter om toegang tot markgeleenthede te verkry, werksaamhede uit te brei en meer mededingend te word. Inisiatiewe vir die ontwikkeling van verskaffers in die openbare sektor sal besighede help om hul begrip van staatsverkrygingspraktyke en -nakoming te

ontwikkel, hul in staat stel om aan nakoming te voldoen en hul dus toegang tot ekonomiese geleenthede bied. Die beplande intervensies om uitvoering te gee aan die G4J sal onderneem word deur middel van die volgende:

- versterking van die kapasiteit van groeigeoriënteerde KMMO's om uit te brei deur toepaslike kapasiteitsbou en toegang tot befondsingsgeleenthede; en
- toegang tot verkrygingsgeleenthede in die openbare sektor deur verskafferontwikkelingsinisiatiewe.

### Byeenbring van ekonomiese roetes en geleenthede nader aan burgers en gemeenskappe

Townships se ekonomiese ontwikkeling hang af van die vermoëns, kapasiteit en veerkragtigheid van township-ondernemings, om investering te lok en om 'n instaatstelligingsomgewing te skep waarin besighede kan floreer. Township- en informele besighede word gekonfronteer met 'n magdom struikelblokke om te oorleef, wat insluit, maar nie beperk is nie tot marktoegang, bekostigbare finansiering, besigheidsontwikkelingsondersteuning, grondbesit, rompslomp, nakoming (bv. sonering), stadsbeplanningsregime en misdaad. Voorspraak, steunwerwing en vennootskappe is belangrike hefboominstrumente vir gebruik om vennote en belanghebbendes in die ekosisteem te betrek om uitvoering te gee aan die G4J-strategie. Die eenheid sal fokus op die ontwikkeling en groei van besighede (insluitende dié in besit van die jeug) in townships deur middel van inkubasie, uitreikingsintervensies, ekonomiese geleenthede en die verskaffing van holistiese en doelgemaakte besigheidsontwikkelingsondersteuning. Die ekonomiese potensiaal van die township- en informele ekonomie kan ingespan word deur 'n toename in die aantal entrepreneurs (veral beginondernemings), die handhawing en groei van nuwe en bestaande besighede, asook die versterking van die ondersteuningsekosisteem. Die subprogram sal lewering verweselik deur ekosisteemsamewerking oor hierdie geografiese gebiede heen deur middel van besigheidsontwikkeling, inkubasie, uitreikingsintervensies en toegang tot ekonomiese geleenthede om township-ondernemings en informele besighede in besit van die jeug te ondersteun.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die eenheid sal daarop fokus om die kapasiteit en vermoë van besighede in die Wes-Kaap te ontwikkel om volhoubaar te wees en te groei om sodoende tot werkskepping by te dra, wat tot voordeel van individue in die provinsie sal wees weens verhoogde huishoudelike inkomste. Die groei van besighede sal tot verhoogde ekonomiese groei bydra. Verbeterde toeganklikheid tot ekonomiese aktiwiteite, tesame met die stimulering van entrepreneurskap, sal verbeterde produktiwiteit en verhoogde inkomste ondersteun en inklusiewe groei binne die G4J-strategie fasiliteer.

Die eenheid sal fokus op die ontwikkeling van vennootskappe en samewerkingsinisiatiewe wat voortgaan om ondersteuning ten opsigte van aangewese groepe, soos vroue, die jeug en mense wat met gestremdhede leef, te prioritiseer. Die begunstigdes van die eenheid se intervensies was konsekwent gemiddeld sowat 51% vir besighede wat deur vroue en die jeug besit word. Die inisiatiewe sal daarop fokus om KMMO's, insluitende formele, informele, landelike en township-ondernemings, by te staan.

### 6.2.3 Subprogram 2.1: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verbeterde gemak van sake doen	Besighede met besighedsontwikkelingsdienste ondersteun	2.1 Getal besighede met besighedsontwikkelingsdienste ondersteun	220	272	270	150	200	250	300
	Besighedsentiteite in onafhanklike besit deur middel van township-inisiatiewe gestig	2.1.1 Getal besighedsentiteite in onafhanklike besit deur middel van township-inisiatiewe gestig			4				
	Befondsing vir besighedsontwikkelingsondersteuning aangewend	2.1.2 Randwaarde van befondsing vir besighedsontwikkelingsondersteuning aangewend			R8 689 680,00	R6m	R6m	R6m	R6m
	Besighede met oplossings vir alternatiewe energie ondersteun	2.1.3 Getal besighede met oplossings vir alternatiewe energie ondersteun				50			
Verbeterde gemak van sake doen	Vroeëstadiumbesighede met inisiatiewe vir kapasiteitsbou bygestaan	2.1.4 Getal vroeëstadiumbesighede met inisiatiewe vir kapasiteitsbou bygestaan					100	130	170
	Veldtogte vir entrepreneurskapsontwikkeling gehou	2.1.5 Getal veldtoggeleenthede vir entrepreneurskapsontwikkeling gehou					5	10	15
	Besighede deur middel van toegang tot finansieringsprogramme ondersteun	2.1.6 Getal besighede deur middel van toegang tot finansieringsprogramme ondersteun					80	110	140
	Besighede in besit van die jeug met besighedsontwikkelingsdienste ondersteun	2.1.7 Getal besighede in besit van die jeug met besighedsontwikkelingsdienste ondersteun					60	80	100

#### 6.2.4 Subprogram 2.1: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.1 Getal besighede met besighheidsontwikkelingsdienste ondersteun	200			120	80
2.1.2 Randwaarde van befondsing vir besighheidsontwikkelingsondersteuning aangewend	R6m			R6m	
2.1.4 Getal vroeëstadiumbesighede met inisiatiewe vir kapasiteitsbou bygestaan	100			50	50
2.1.5 Getal veldtoggeleenthede vir entrepreneurskapsontwikkeling gehou	5		1	2	2
2.1.6 Getal besighede deur middel van toegang tot finansieringsprogramme ondersteun	80			25	55
2.1.7 Getal besighede in besit van die jeug met besighheidsontwikkelingsdienste ondersteun	60			20	40

#### 6.2.5 Subprogram 2.1: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verbeterde gemak van sake doen	Gebrek aan strategiese kohesie tussen regeringsdepartemente en besighheidsontwikkelingsondersteuningsorganisasies veroorsaak deur 'n gebrek aan belyning en koördinerende inheer doeltreffende programimplementering gemik op ontwikkelende KMMO's.	<p>Fasiliteer skakeling tussen organisasies in die openbare sektor om implementeringsuitkomstes te verbeter.</p> <p>Identifiseer en vorm vennootskappe met gevestigde organisasies met die kapasiteit om dienste van gehalte aan KMMO's te lewer.</p> <p>Versterk verhoudings met ontwikkelingsfinansieringsinstellings (OFI's) (bv. Sefa) om die ingebruikneming van finansiële produkte te verhoog.</p>
	Gebrek aan deelname deur relevante KMMO-belanghebbendes en/of ontoereikende deelname van besighede en/of verbondenheid deur vennote in die private sektor betreffende die implementering van KMMO-programme weens verskillende prioriteite om investering te stimuleer en die skep en handhawing van 'n bemagtigende besighedsomgewing.	<p>Verseker steun en verbondenheid deur middel van tydige en konsekwente konsultasie met relevante belanghebbendes en vennote.</p> <p>Verseker gereelde kommunikasie met relevante belanghebbendes en vennote om hulle op hoogte te hou van ontwikkelings, bewustheid te handhaaf en steun en verbondenheid te versterk.</p> <p>Doeltreffende benutting van alle tersaaklike bestaande platforms (openbare en private) om te verseker dat vennote op hoogte gehou word.</p>
	'n Gebrek aan sakevernuf van jong entrepreneurs (voorbegindernemings en beginondernemings) weens 'n gebrek aan vaardighede en ervaring wat lei tot beperkte toegang tot ekonomiese geleenthede.	<p>Fasiliteer toegang tot toepaslike opleidingsintervensies om jong entrepreneurs te ontwikkel.</p> <p>Fasiliteer besighheidsgeleenthede met die openbare en private sektor.</p> <p>Fasiliteer toegang tot intervensies vir besighheidsontwikkelingsondersteuning.</p>

## 6.3 Subprogram 2.2: Streeks- en plaaslike ekonomiese ontwikkeling

### 6.3.1 Doel

- Om geleenthede te skep vir inklusiewe groei oor distrikte en plaaslike ekonomieë heen.

### 6.3.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

In die komende jaar sal die subprogram fokus op die verbetering van 'n bekwame staat en bestuurstoestig, die versterking van geografiese en ruimtelike sinergieë, die ontwikkeling van vennootskappe en ekosisteesamewerking, en die verbetering van intra- en intermunisipale en -provinsiale koördinering om steun rakende die G4J-prioriteite te verseker en dat dit by munisipale dienslewingsplanne ingesluit word.

#### Bekwame staat en bestuurstoestig

Die MTBBV (2022) beveel aan dat alle munisipaliteite institusionele omgewings moet hê wat bevorderlik is vir investering, besigheidsbehoud en uitbreiding om 'n gunstige besigheidsomgewing te steun wat geleenthede sal ontsluit. Die versterking van munisipale bekwaamheid het ten doel om groter ekonomiese rypheid van plaaslike owerhede in distrikte te verseker wat geskikte plaaslike besigheidsomgewings bied, asook om groter inklusiwiteit en toegang tot ekonomiese geleenthede en werksvooruitsigte vir inwoners te ondersteun. Die verbeterde vermoë sal gedemonstreer word deur toepasliker en doeltreffender beleidsposisies en -prosesse, sowel as ondersteunende intervensies om vir meer mense toegang tot ekonomiese geleenthede te stimuleer of te kataliseer. Die verbetering van toestande op plaaslike vlak is 'n beslissende stap vir die skep van 'n grondige platform vir die aansporing van verbeterde vooruitsigte vir ekonomiese groei in streke.

Die subprogram sal munisipale ekonomiese beplanning en implementering assessee en ondersteuning vir kapasiteitsbou verskaf om beperkte omgewings te ontsluit vir 'n geleentheid om te verbeter. Dit beoog om prestasie te versterk wat G4J se bedoeling betreffende 'n bekwame staat en bestuurstoestig ondersteun.

#### Vennootskappe en ekosisteesamewerking

Voorspraak, steunwerwing en vennootskappe is belangrike hefboominstrumente vir gebruik. Die subprogram sal lewering met hierdie hefboominstrumente verwesenlik om ekosisteesamewerking oor distrikte heen te bewerkstellig. Die versterking van munisipale ekosisteme behels 'n meer holistiese siening oor hoe belanghebbendes in 'n munisipale of distrikstreek verband hou, werk en op mekaar se aktiwiteite staat maak om plaaslike ekonomiese ontwikkeling (PEO) te behaal. 'n Ekosisteebenadering bied hulpbronne, kennis en uitruilgeleenthede, en is daarop gemik om die plaaslike ekonomiese beleidsbeplanning (GOB) te verbeter, die kultuur en stelsels te verbeter om PEO te ondersteun, en om meer effektiewe implementering te verskaf deur inisiatiewe te skep wat PEO bevorder sowel as geskikte sektorondersteuning, -hulpbronne en -agente wat vir PEO belangrik is.

Die subprogram sal leiding bied betreffende planne vir plaaslike ekonomiese groei en dit saam met munisipaliteite ontwikkel om uitvoering te gee aan en munisipale PEO-strategieë in GOB's te ondersteun. Dit word benodig om munisipaliteite te help om groeidoelwitte te prioriteer en implementeringsvermoë te vereenvoudig. Dit stel die Departement in staat om te verseker dat G4J-imperatiewe ruimtelik oor streke heen impak vind. Hierdie planne vir groei moet insluit hoe om inisiatiewe, hefboominstrumente en hulpmiddels vir G4J-prioriteitsfokusgebiede aan te wend. Dit sal departementele prioriteite en planne bevorder om munisipale planne te belyn en te ondersteun, asook die manier steun waarop departementele inisiatiewe inslag vind in lokaliteite deur belyning van plaaslike planne met departementele sektorspesifieke prioriteite en planne aan te moedig.

#### Versterking van geografiese en ruimtelike sinergieë

Om uitvoering te gee aan die drie belangrikste strategiese dryfkragte van die G4J-strategie (om 'n instaatstellersomgewing vir alle besighede te skep, investering in die private sektor aan te moedig en om markuitbreiding te bevorder), is daar 'n behoefte aan die versterking van geografiese en ruimtelike sinergieë oor ons metro- en distrikseconomieë heen. Vir die G4J-strategie om streke positief te beïnvloed sal lewering binne die munisipale ekonomieë moet plaasvind, veral in ons vyf distrikte.

Die subprogram sal deur middel van 'n transversale benadering munisipaliteite, departementele eenhede en werkgroepe rakende prioriteitsfokusgebiede (PFG's) bystaan en fasiliteer ten opsigte van betrokkenheid by en verbondenheid tot grondgroeiprioriteite in streke. Dit sal provinsiaalgeleide PEO-streeksforums oral in die distrikte implementeer om betrokkenheid by sektorspesifieke prioriteite te fasiliteer, die koers van programme te kommunikeer, vir die aanpak van georuimtelike geleenthede en uitdagings te motiveer, goeie praktyke voor te staan en te deel, en gebiede van samewerkende aksie te identifiseer vir verbeterde lewering. Dit is nie net om ruimtelike en dinamiese ekonomiese groeipunte te skep nie, maar ook om doeltreffend uitdrukking te gee aan die imperatiewe van G4J en op 'n meer billike manier te beïnvloed hoe PEO- en groeigeleenthede verwesenlik word. Die subprogram sal ook munisipale-besigheidsplatforms bevorder en ondersteun om samewerking betreffende plaaslike ekonomiese prioriteite aan te moedig en 'n meer burgergerigte leweringsbenadering te volg. Dit het ten doel om te reageer op uitdagings wat uit die SGMI (2023) voortgespruit het.

### Inter- en intramunisipale en -provinsiale koördinerings

Tydens die SGMI (2023) is daar klem geplaas op die behoefte aan breër sektordepartementbetrokkenheid by munisipaliteite sowel as interregeringskoördinerings vir verbeterde dienslewering. Die Diagnostiese Verslag oor die Stand van Beplanning in die nasionale en provinsiale sferes (2021) lys kernkwessies wat behels dat die verhouding tussen beleid en beplanning onvoldoende is, dat institusionele planne onvoldoende met die regering se ontwikkelingsprioriteite bely is, en dat die vlak van belyning van beplanning oor sferes heen en beplanningskapasiteitstekortkominge lei tot openbaresektorbeplanning vir ontwikkeling wat ondoeltreffend ondersteun word. Die bedoeling van Pilaar 4 ('n bekwame staat) binne die Begrotingsprioriteringsraamwerk is om die samehang en impak van regeringdienslewering te verbeter.

Die subprogram sal 'n koördinerende rol speel deur middel van prosesse vir GOB en die gesamentlike distrik- en metrobenadering (GDMB). Dit behels steun aan munisipaliteite om met departementele prioriteite te bely en dat departementele programme en projekte ondersteuning ten opsigte van munisipale ekonomiese planne verleen. Dit sal leiding bied rakende departementele pogings om munisipale, provinsiale (bv. ruimtelike ontwikkeling en menslikenedersettingsbeplanning) en die nasionale PEO-implementeringsraamwerk se prioriteite te ondersteun. Die bogenoemde aksies om te verseker dat munisipale ekosisteme op inklusiewe groei en plaaslike ekonomiese ontwikkeling reageer, herbeklemtoon die G4J se fokus op vennootskappe en ekosisteemsamewerkings, gemeenskappe en intramunisipale koördinerings, sowel as voorspraak en steunwerwing.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Daar is nie gelyke toegang tot ekonomiese geleenthede nie. Geleenthede in die metropole oortref geleenthede wat in die distrikte en meer landelike gebiede beskikbaar is. Die eenheid sal fokus op die ontwikkeling van vennootskap- en samewerkingsinisiatiewe wat groter ekonomiese geleenthede en werksvooruitsigte oor munisipaliteite heen ondersteun. Deur munisipaliteite te ondersteun om oor meer responsiewe ekonomiese planne te beskik en die WKR se G4J-sektorspesifieke intervensies in lokaliteite by te staan, beoog die eenheid om ekonomiese roetes en geleenthede nader aan burgers en gemeenskappe te bring, veral vir aangewese groepe. Dit is onderliggend aan die fokus om ruimtelike ekonomiese ontwikkeling en meer inklusiewe ekonomiese groei in distrikte buite die metropool te bevorder. Hier onder is 'n ekonomiese geleentheid nader aan inwoners gebring vir groter inklusiewe groei in ons landelike gebiede.

## Aansporing vir Langeberg-handelsentrum (Montagu)

Die Departement het die Langeberg-munisipaliteit met R3 078 000 befonds om handelsterreine in Bonnievale en Montagu te bou en op te gradeer, ten einde veilige en toeganklike handelsterreine te verskaf.

Mnr. Ricardo Galant (49) was werkloos in 2021 en het met sy spaargeld begin om vrugte en groente te verkoop. Tydens die latere stadiums van COVID-19 het hy 'n verbyry-opteldiens vir vrugte en groente aan klante verskaf vir bestellings wat via WhatsApp geplaas is. Hy het later sosiale media gebruik om 'n aanlyn stelsel vir bestellings te begin. Hy bedryf nou sy besigheid vanaf die handelsterrein en lewer ook vrugte en groente vanaf nabygeleë boere aan bekende hotelle en restaurante soos Avalon Springs en Mimosa Lodge.

Teen 2023 was hy die eienaar van 'n nuwe huis en afleweringswa. Hy is trots om drie jongmense as assistente in diens te hê en deel dat "sy reis was nie maklik nie en nie elke dag was dieselfde nie, maar geduld en deursettingsvermoë het (my) deur moeilike tye gehelp". Die KMMO-aansporingsfonds (2024) sal gedurende die 2024/25-boekjaar voortgaan om by te dra tot die volhoubaarheid en groei van KMMO's in die Wes-Kaap.



Carol Bruton

30 Dec 2022 · 🌐

When in Montagu, visit [Ricardo Galant](#)'s stand for fresh produce and support an honest business with a kind heart.

Contact Ricardo for operating hours.



Ricardo Galant is feeling blessed with [Janelle George](#) and [Francois Conradie](#).

30 Dec 2022 · 🌐

Montagu jle weet wa 🍌



Fresshhh veggies  
Fressshhh fruittt.

0780964583 whatsapp





### 6.3.3 Subprogram 2.2: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verbeterde gemak van sake doen	Besighede deur intervensies vir munisipale ondersteuning bygestaan	2.2 Getal besighede deur intervensies vir munisipale ondersteuning bygestaan		50	54				
	Metings voltooi wat munisipale rypheid rakende ekonomiese beplanning en implementering assesseeer	2.2.1 Getal metings voltooi wat munisipale rypheid rakende ekonomiese beplanning en implementering assesseeer				5			
	Munisipaliteite met kapasiteitsbou vir ekonomiese beplanning ondersteun	2.2.2 Getal munisipaliteite met kapasiteitsbou vir ekonomiese beplanning ondersteun				5	6	8	10
	G4J-prioriteitsamewerkings tot voordeel van munisipaliteite geïmplementeer	2.2.3 Getal G4J-prioriteitsamewerkings tot voordeel van munisipaliteite geïmplementeer				5			
	Planne vir ekonomiese groei tesame met munisipaliteite ontwikkel	2.2.4 Getal planne vir ekonomiese groei tesame met munisipaliteite ontwikkel					4	5	5
	PEO-streeksforums vir ruimtelike ekonomiese geleenthede gefasiliteer	2.2.5 Getal PEO-streeksforums vir ruimtelike ekonomiese geleenthede gefasiliteer					5	5	5
	Koördineringsintervensies ondersteun om ekonomiese	2.3.1 Getal koördineringsintervensies ondersteun om			4				

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
	lewing in distrikte te versterk	ekonomiese lewing in distrikte te versterk							

### 6.3.4 Subprogram 2.2: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.2.2 Getal munisipaliteite met kapasiteitsbou vir ekonomiese beplanning ondersteun	6			3	3
2.2.4. Getal planne vir ekonomiese groei tesame met munisipaliteite ontwikkel	4			1	3
2.2.5. Getal PEO-streeksforums vir ruimtelike ekonomiese geleenthede gefasiliteer	5		1	2	2

### 6.3.5 Subprogram 2.2: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verbeterde gemak van sake doen	Gebrek aan munisipale steun en deelname aan intervensies vir kapasiteitsbou.	<p>Verseker steun en verbondenheid deur tydig konsultasie en gereelde kommunikasie met munisipaliteite om hulle op hoogte te hou van ontwikkelings en toegewyde deelname te handhaaf.</p> <p>Gebruik bestaande forums meer effektief soos die BET-kusters en GDMB-platforms.</p> <p>Verseker gereelde skakeling tussen medelewingspanne en ondersteun hul toegewyde deelname met gedeelde ekonomiese agendas.</p>

## 6.4 Subprogram 2.3: Ekonomiese bemagtiging

### 6.4.1 Doel

- Om die proses van bemagtiging en die skep van 'n bemagtigende besigheidsomgewing vir VBI's te fasiliteer.

*Hierdie subprogram is in subprogram 2.1 opgeneem.*

## 6.5 Subprogram 2.4: Rompslompvermindering

### 6.5.1 Doel

- Om die besigheidsongewing te verbeter deur die regulatoriese las op ondernemings te verminder deur middel van verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie.

## 6.5.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Die primêre fokus van die WKR se Groei vir Werk- (G4J-)strategie is om ekonomiese groei wat deur die private sektor gelei word moontlik te maak deur 'n besigheidsongewing te skep wat vir groei bevorderlik is. Romsloempvermindering en die gemak van sake doen (GvSD) word as 'n sleuteltema beskou wat al die prioriteitsfokusgebiede (PFG's) dek met die werk van die eenheid wat vier PFG's direk ondersteun. Dit sluit die volgende in: PFG 1 – *Bevordering van geleenthede vir groei deur investering*, PFG 2 – *Stimulering van markgroei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte*, PFG 5 – *Tegnologie en innovasie* en PFG 7 – *Verbetering van toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid*. Daarbenewens sluit die huidige benadering van die RTRU aan by die belangrike G4J-hefboominstrumente in verband met voorspraak, steunwerwing en effektiewe en doeltreffende regulering. Elkeen van hierdie raakpunte van die RTRU en die GvSD maak voorsiening dat die doelwitte van die vier PFG's verwesenlik word deur 'n mededingende omgewing vir werkskepping en groei moontlik te maak.

Die hoeveelheid rompsloemp en burokrasie waarmee belanghebbendes te make kry wanneer hulle met die regering te doen het, word as 'n hoofbeperking ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling en groei beskou. 'n Agenda om rompsloemp te verminder en dit makliker te maak om sake te doen, is 'n integrale deel van enige strategie vir ekonomiese groei soos die G4J-strategie. Die Eenheid vir Romsloempvermindering (RTRU) het intervensies vir die gemak van sake doen histories deur middel van verskeie benaderings bevorder soos regulatoriese hervorming, stelselverbetering, kommunikasie, kultuurtransformasie en die verskaffing van direkte ondersteuning aan besighede wat met rompsloempverwante kwessies sukkel. Die benadering van die RTRU word erken as 'n belangrike horisontale instaatsteller vir die suksesvolle lewering van die G4J-strategie.

Die eenheid het in vorige jare insigte verkry deur projekte wat in munisipaliteite plaasgevind het betreffende geleentheid- en filmpermitte. Die behoefte is geïdentifiseer om hierdie fokusgebied ten opsigte van munisipaliteite te versterk. Voortspruitend uit die navorsing en kundigheid oor die afgelope paar jaar, sal die eenheid sy regulatoriese hervormingspogings versterk deur sy intervensies wat PFG's 1, 2 en 5 raak, voort te sit. Ter verdere ondersteuning hiervan sal die eenheid kapasiteitsbousessies met munisipaliteite oor verordeninge hou om hul vermoë te versterk rakende besluitneming wat die gemak van sake doen op plaaslike vlak beïnvloed. Deur munisipaliteite met kapasiteitsbou te ondersteun, sal dit hulle in staat stel om sterk en sleutelrolspelers te wees wat bydra tot 'n instaatstellingsomgewing vir groei wat deur die private sektor gelei word, bv. op die gebied van geleentheid- en filmpermitte. Die eenheid sal verder sy hersiening van die regulatoriese omgewing vir uitvoere gebruik om ten minste vyf wetgewingshervormings te ontwikkel en voor te lê, ten einde dit makliker te maak om vanaf die Wes-Kaap uit te voer.

Die eenheid sal ook poog om sy vennootskap met die Presidensie se Eenheid vir Romsloempvermindering op die volgende maniere te versterk:

- bevordering van belangrike wetgewingshervormings, soos dié wat townships en die informele sektor raak, om lewering te verseker vir sleutelgebiede wat in PFG 7 geïdentifiseer is; en
- versterking van voorspraak rakende kapasiteitsbou in munisipaliteite om rompsloemp te verminder.

As gevolg van hierdie voorgestelde hervormings beplan die RTRU om uitvoering te gee aan die GvSD, sowel as die hefboominstrumente van die G4J-strategie wat groeigeleenthede ondersteun, ten einde markgroei te stimuleer en die besigheidsongewing te bevorder. Hierdie hervormings het die potensiaal om die ekonomie te beïnvloed asook hoe goed besighede kan meeding.

Die eenheid het die afgelope drie boekjare nou saamgewerk met gekose munisipaliteite om rompsloemp te verminder. Die ruimtelike verspreiding van die intervensies het gelei tot 'n groter vraag na bykomende distrikswyse intervensies sowel as meer geïntegreerde stelselondersteuning. Die RTRU sal dus sy benadering tot munisipale ondersteuning aanpas deur die resultate van sy vorige intervensies te gebruik om agt impakvolle intervensies oor munisipaliteite heen uit te rol. Die doel is om 'n gestandaardiseerde vaartbelynde benadering tot die ontwikkeling

van permituitreiking in alle Wes-Kaapse munisipaliteite te volg. Deur middel van vennootskappe met provinsiale departemente soos die Departement van Plaaslike Regering (DPG) en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOSOB) poog die eenheid verder om platforms daar te stel waar munisipaliteite goeie praktyke met betrekking tot rompslompvermindering kan deel. Die vennootskap sal die eenheid in staat stel om die institutionalisering van intervensies vir rompslompvermindering op plaaslike vlak te bevorder.

Gedurende vorige jare het die RTRU by munisipaliteite en provinsiale departemente bewustheid geskep rakende die behoefte om rompslomp te verminder en by te dra tot 'n instaatstellingsomgewing vir ekonomiese groei. Die voorspraak het die RTRU in staat gestel om 'n goeie begrip te hê van die nodige volgende stappe om 'n bekwame staatsdiens te ontwikkel. Die RTRU sal in die toekoms sy bydrae tot die ontwikkeling van 'n bekwame staatsdiens versterk wat 'n voorvereiste vir ekonomiese groei en in belyning met die G4J-strategie is.

Om kultuurtransformasie en inisiatiewe vir kapasiteitsbou te versterk, sal die eenheid die uitrol van intervensies voortsit deur ses intervensies vir kapasiteitsbou gedurende die jaar aan te bied wat munisipaliteite en provinsiale departemente sal teiken. Een hiervan is die implementering van 'n program vir lenige bestuur om vermorsing te verminder, prosesse te optimaliseer en vermoëns te ontwikkel om dit makliker te maak om sake te doen.

Die eenheid het 'n mandaat om vermorsing te verminder. Gegewe die huidige fiskale omgewing sal die eenheid poog om saam te werk met 'n WKR-afdeling soos die Provinsiale Tesourie, wat 'n deurslaggewende rol speel ten opsigte van voorsieningskanaalbestuur, verkryging en verskaffersontwikkeling vir die provinsie. Die eenheid beoog om lenige bestuur in vennootskap met die Provinsiale Tesourie toe te pas om vermorsing (menslik, tyd, finansiële) te verminder en die huidige e-verkrygingstelsel te verbeter, wat al 13 WKR-departemente raak. Die eenheid is in 2023 deur die Provinsiale Opleidingsinstituut genader vir samewerking betreffende lenige bestuur. Die eenheid sal dus sy lewering ten opsigte van lenige bestuur verbeter deur saam te werk met die Provinsiale Opleidingsinstituut (PTI) met die doel om meer WKR-amptenare op te lei. Die RTRU sal verder die toevoeging van 'n gedragsmetingsraamwerk ondersoek om die gedragsverandering, sowel as die waardes vir die verskillende modelle van lenige bestuur, te monitor en te evalueer. Hierdie ryk data sal die RTRU in staat stel om die model van bestuursvermoë in die provinsie te verbeter en te verskaal, wat ekonomiese groei sal bevorder. Die eenheid poog ook om met die Stad Kaapstad saam te werk rakende benaderings tot lenige bestuur om besigheidsgerigte regeringsdienste te verbeter wat ekonomiese groei vir die metropool beïnvloed, soos in verband met die Stad Kaapstad se GvSD-indeks wat onlangs bekendgestel is.

Bykomend tot kapasiteitsbou en as deel van die ses intervensies in die toekomstige jaar beoog die RTRU om sy huidige bloudruk vir rompslompvermindering in mikroleermodules te omskep wat deur die PTI aangebied sal word. Die doel van hierdie intervensie is om formele opleiding aan munisipale amptenare te verskaf oor stappe wat gedoen kan word om rompslomp in hul onderskeie gebiede te verminder.

### [Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap](#)


Die RTRU erken die behoeftes van kwesbare groepe en het hom daartoe verbind om te verseker dat vroue, die jeug, persone met gestremdhede en, waar moontlik, ouer persone in ag geneem word wanneer intervensies beplan word wat hierdie aangewese en kwesbare groepe sal raak.

Die RTRU sal die Besigheidsondersteuningshulplyndiens voortsit, wat ter tafel gelê is as 'n nasionale beste praktyk om rompslompstruikelblokke wat ekonomiese groei belemmer uit die weg te ruim. Die Besigheidsondersteuningshulplyndiens voorsien die RTRU van ryk data en tendense oor die behoeftes van besighede, sowel as die rompslompstruikelblokke wat hulle verhoed om inkomste te handhaaf en werk te skep. Met behulp van hierdie data is die RTRU in staat om sy vennootskappe binne die ekosisteem te versterk ten einde voorspraak te maak en steun te werf vir sistemiese verandering, asook intervensies te identifiseer wat dit vir beginondernemings sowel as vir besighede wat wil groei makliker sal maak om sake te doen. Daar was die afgelope paar jaar 'n toename in die kompleksiteit van die gevalle wat na die program vir ondersoek en oplossing verwys is. Hierdie gevalle dien ook as 'n goeie aanduiding van die sistemiese regeringsverwante struikelblokke waarmee besighede te doen kry. Goeie professionele leiding en advies, tesame met die vinnige oplossing van probleme wat deur sakelui en beleggers ondervind word, hou enorme groei- en investeringspotensiaal vir die provinsiale

ekonomie in. Die RTRU sal voortgaan om die diens vir soveel as moontlik burgers toeganklik te maak deur middel van vennootskappe met die Departement van Infrastruktuur by kontrakteurinligtingsessies met opkomende kontrakteurs en, waar moontlik, met die private sektor se versnellerprogramme om te verseker dat besighede bewus is van die diens wat aangebied word. Om te verseker dat besighede bewus is van die diens, sal die Besigheidsondersteuningshulplyn ook voortgaan om pamflette (in al drie tale) te druk en bewusmakingsveldtogte op sosiale media gebruik om sy kommunikasiepogings en bewustheid te verhoog oor hoe besighede en burgers toegang tot die diens kan verkry, veral in niemetropolegebiede.

Bogenoemde intervensies sal sy bestaande vennootskappe benut om alle intervensies te dryf. Sommige van hierdie vennootskappe sluit die gebruik van bestaande forums in soos die Departement van Kleinsakeontwikkeling se interprovisiale rompslompverminderingstaakspan, die Presidensie se Eenheid vir Rompslompvermindering, die WKR se rompslompptaakspan en verskeie munisipale forums.

## Hele-regering-samewerking en vermindering van rompslomp: Vereenvoudiging van bouplangoedkeurings in die Stellenbosch- munisipaliteit



Die Eenheid vir Rompslompvermindering (RTRU) het die munisipale GvSD-ontwikkelingsgeboupermithervormingsprogram geïnisieer wat ten doel het om regeringsdienste met betrekking tot munisipale departemente vir grondgebruikbestuur en boubeheer te verbeter.

Die eenheid het nou met die Stellenbosch-munisipaliteit saamgewerk om gebiede vir verbetering te identifiseer om die operasionele doeltreffendheid van die departement boubeheer te verbeter, met die fokus op die verkorting van die goedkeuringstydraamwerk vir bouplanaansoeke.

Verskeie ondoeltreffendhede is geïdentifiseer sowel as 'n omvattende uiteensetting van aanbevelings vir: verbetering van die administratiewe proses vir bouplanaansoeke om goedkeuringstye te verkort; en verbetering van diensleweringstandaarde, personeelmoraal en openbare persepsie.

Na uitgebreide skakeling met die Stellenbosch-munisipaliteit het die RTRU 'n projek geïmplementeer om die bestuurstelsel vir bouplanaansoeke (AFLA-portaal) te verbeter en op te gradeer. Die lopende tweede fase is aktief aan die gang, wat daarop gemik is om die stelsel se doeltreffendheid verder te verbeter, wat daarop dui hoe 'n hele-regering-benadering ten opsigte van die gemak van sake doen vir ekonomiese groei en ontwikkeling ingespan kan word.



#### 6.5.4 Subprogram 2.4: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.5 Persentasie besigheidsondersteuningsgevalle opgelos (getal gevalle opgelos/getal gevalle ontvang)	85%				85%
2.7 Getal verbeteringsmaatreëls vir besigheidsgerigte regeringsdienste geïmplementeer	8				8
2.11 Getal regulatoriese hervormingsvoorleggings deur die Uitvoerende Gesag onderskrif	8	1	1	3	3
2.12 Getal intervensies vir kapasiteitsbou rakende benaderings tot rompslompvermindering uitgevoer	6		3	3	

#### 6.5.5 Subprogram 2.4: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verbeterde gemak van sake doen	Die onvermoë om rompslompvermindering sinisiatiewe te implementeer, wat veroorsaak word deur die gebrek aan verbondenheid en/of deelname deur provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en/of munisipaliteite, sal lei tot die versuim om besigheidsgerigte dienste en/of die besigheids-/regulatoriese omgewing te verbeter.	Doen voorspraak, steunwerwing en bewusmaking onder belanghebbendes, reguleerders, munisipaliteite en WKR-departemente oor die behoefte om rompslomp uit die weg te ruim.

## 6.6 Programhulpbronorwegings

### Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 2 R'000	Uitkomst			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%-verandering vanaf hersiene beraming	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
Ondernemingsontwikkeling	65 423	22 942	20 048	39 542	32 535	32 535	22 945	(29,48)	23 563	25 935
Streeks- en plaaslike ekonomiese ontwikkeling	11 251	16 718	7 262	6 061	6 393	6 393	6 640	3,86	6 812	7 169

Program 2 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%verandering vanaf hersiene beraming	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
Rompslompvermindering	12 681	13 544	20 529	13 311	13 383	13 383	15 033	12,33	15 591	16 152
Totale betalings en beramings	89 355	53 204	47 839	58 914	52 311	52 311	44 618	(14,71)	45 966	49 256

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die inperking van die algehele fiskale beursie het ongetwyfeld die program beïnvloed ten opsigte van die vermoë om sy funksies uit te voer. Beide die projek- en menslikehulpbronbegroting was reeds op 'n afwaartse trajek en het 'n onvermydelike uitwerking op dienslewering gehad, veral in die subprogramme rompslompvermindering en ondernemingsontwikkeling. Die gevolg hiervan was die afwaartse hersiening van teikens ten opsigte van uitsette en uiteindelik uitkomstes. Die program se tweeledige benadering van (1) die aanwending of betrekking van befondsing van vennote, beide die openbare en private sektor, en (2) die toerusting en ondersteuning van personeel om al hoe meer funksies intern te verrig, het egter tot 'n groot mate die risiko van totale onvoldoende of geen dienslewering nie weens begrotingsbesnoeiings versag.



## 7. Program 3: Handel- en Sektorale Ontwikkeling

### 7.1 Doel

- Om ekonomiese groei in geteikende sektore deur middel van nywerheidsontwikkeling, handel- en investeringsbevordering te stimuleer.

#### 7.1.1 Belyning met nasionale en provinsiale strategieë

##### Belyning met nasionale strategieë

Die program gee uitvoering aan nywerheidsbevordering en handelsmandate ingevolge die Grondwet, soos dit verband hou met die werk wat deur Wesgro gedoen word betreffende die bevordering van uitvoere en investering, asook uitvoer- en sektorale ontwikkeling in talle nywerhede wat nywerheidsontwikkeling ondersteun.

Die program is met die NOP belyn deur die fokus op die verhoging van uitvoere en mededingendheid, die stimulering van plaaslike en buitelandse markte deur die implementering van die uitvoerstrategie gekoppel aan G4J, sowel as die ondersteuning van sektore met groeipotensiaal deur middel van talle instaatstellers. Dit sluit investering as 'n prioriteitsfokusgebied in sowel as 'n reeks ander produksiefaktore soos vaardighede en entrepreneurskap deur met ander programme in hierdie industrieë saam te werk.

Aangesien dit verband hou met die Nasionale Industrialiseringsbeleid wat aangevul word deur die verskeie sektormeesterplanne wat ontwikkel is om uitvoering te gee aan sektore van geleenthede, verskaf die program vir handel- en sektorale ontwikkeling doelgemaakte ondersteuningsdienste aan verskeie industrieë van geleenthede in die provinsiale ekonomie. Die strategiese doelwit is om die provinsiale ekonomie te transformeer om werkskepping en volhoubare langtermyn groei in ooreenstemming met G4J en spesifiek die prioriteitsfokusgebiede gemik op uitvoere en investering te verseker.

Die program gee uitvoering aan die MTSR: Prioriteit 2 (Ekonomiese transformasie en werkskepping) deur middel van die fokus op uitvoere en investering, sowel as industrialisering, met 'n hoofokus op vervaardiging en hawelogsiek om uitvoergeleenthede vanuit die Wes-Kaap te ontsluit.

##### Belyning met provinsiale strategieë en die Departement se mandaat

Die program gee uitvoering aan talle provinsiale beleide en strategieë, insluitende die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024). Die visiegeïnspireerde prioriteit 2 met betrekking tot groei en werksgeleenthede (G4J) vorm die kern van die program se fokus om 'n mededingende ekonomie daar te stel wat werk skep en vraaggedrewe en privaatsektorgedrewe is. Dit is van belang vir die uitvoer- en investeringsprioriteitsgebiede waarvoor die program verantwoordelik is en hou verband met prioriteitsgebied 3 van VIP 2 wat op uitvoere gemik is. Dit word deur die implementering van die uitvoerstrategie en verwante programme gedoen. Dit sluit die program vir uitvoermededingingsverbetering in sowel as ander kritieke sektorwerk wat verskeie waardekettings ondersteun ten opsigte van handelsbelemmerings, sektorintelligensie, steunwerwing en voorspraak asook inisiatiewe vir nywerheidsmededingendheid. Dit ondersteun op hul beurt investering in sleutelbedrywe en kritieke instaatstellers van die ekonomie soos die hawebedrywe en dié in die groen-ekonomie.

Die program is verantwoordelik vir die uitkomstes in die Departement se vyfjaar- Strategiese Plan met betrekking tot die toename in uitvoere en die verhoging van die randwaarde van investering. Om uitvoering aan die G4J-strategie te gee, het die subprogram strategiese intervensies geïdentifiseer wat deur middel van uitsetaanwysers geïmplementeer en gemeet sal word. Uitsetaanwysers in die JPP sal die bereiking van groei in uitvoere ondersteun, beleggings lok en bydra tot algehele werkskepping in die Wes-Kaap.

### 7.2 Subprogram 3.1: Handel- en investeringsbevordering

#### 7.2.1 Doel

- Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en investering te verskaf vir die uitvoering van sy mandaat, soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

### 7.2.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Subprogram 3.1 sal op medium termyn aktiwiteite rakende uitvoer- en investeringsbevordering wat gekoppel is aan PFG 1 (Bevordering van geleenthede vir groei deur investering) en PFG 2 (Stimulering van uitvoere en plaaslike markte) in die G4J-strategie prioritiseer. Betreffende uitvoere is die langtermyn-teiken om uitvoere met betrekking tot goedere, dienste en toerisme te verdriedubbel. Subprogram 3.1 sal op aktiwiteite fokus wat verband hou met die posisionering en globale bewustheid van die Wes-Kaap as 'n toonaangewende uitvoerbestemming, met die klem op die bevordering van marktoegang in nuwe en ontluikende globale markte.

Rakende die PFG vir investering sal subprogram 3.1 Wesgro, met strategiese ondersteuning van die Departement, fokus op aktiwiteite vir investeringsbevordering om beide buitelandse direkte investering (BDI) sowel as direkte binnelandse investering (DBI) binne die provinsie te fasiliteer ter bereiking van die G4J-langtermyn-doelwit om investering met R200 biljoen per jaar teen 2035 te verhoog. Dit sal gedoen word deur te fokus op die bemarking van belangrike investeringsgeleenthede oor industrieë en munisipale gebiede heen en om die Wes-Kaap te posisioneer as 'n toonaangewende investeringsbestemming op die vasteland met betrekking tot ons mededingende voordele, ontwikkelde investeringsbevordering en fasiliteringsdienste. Dit sluit die posisionering in van die provinsie met betrekking tot die goed gevestigde investeringsekosisteme met betroubare ekonomiese intelligensie en sektornetwerke wat waarde toevoeg betreffende die versekering van GvSD vir potensiële beleggers.

Wesgro se missie en strategiese doelwitte is in ooreenstemming met die PSP se VIP 2: Groei en werksgeleenthede en die Departement se vyfjaar-Strategiese Plan vir die bevordering van uitvoere en investering. Betreffende die PFG vir uitvoere (Stimulering van markgroei deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte) sal Wesgro hoofsaaklik verantwoordelik wees vir groter bewustheid rakende die Wes-Kaapse handelsmerk en vermoëns soos dit met handel verband hou. Dit sal deur middel van talle programme en inisiatiewe gedoen word wat in die entiteit se Jaarlikse Prestasieplan uiteengesit is.

Wesgro staan onder toesig van die Departement en koördineer insette en strategiebelying binne die PFG's vir uitvoere en investering. Wesgro vorm deel van die leweringspan vir G4J aangesien die bevordering- en ontwikkelingsmandate vir handel, investering en toerisme onderling verbind is. Die samewerking en belying tussen die Departement en die entiteit is van kritieke belang om te verseker dat die doelwitte, soos dit veral met die G4J verband hou, bereik word. Die Departement is verantwoordelik vir die ontwikkeling van beleid en strategie. Dit verseker die daarstelling van beleidsbelying, gesamentlike beplanning en 'n samewerkende werksverhouding in verband met die bevordering- en ontwikkelingsmandate rakende uitvoere, toerisme en investering. Die Departement fokus dus op aktiwiteite soos beplanning, monitering en samewerking as deel van die toesighoudingsaktiwiteite vir subprogram 3.1.

### 7.2.3 Subprogram 3.1: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Toename in uitvoere	Toesigverslae oor Wesgro se	3.1 Getal toesigverslae oor Wesgro se	4	4	4	2	2	2	2

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
	handelsbevorderingsfunksie saamgestel	handelsbevorderingsfunksie saamgestel							
Verhoogde randwaarde van investering	Toesigverslae oor Wesgro se investeringsbevorderingsfunksie saamgestel	3.2 Getal toesigverslae oor Wesgro se investeringsbevorderingsfunksie saamgestel	4	4	4	2	2	2	2

#### 7.2.4 Subprogram 3.1: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.1 Getal toesigverslae oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie saamgestel	2		1		1
3.2 Getal toesigverslae oor Wesgro se investeringsbevorderingsfunksie saamgestel	2		1		1

### 7.3 Subprogram 3.2: Sektorale ontwikkeling

#### 7.3.1 Doel

Om ekonomiese groei in verhandelbare sektore te stimuleer deur middel van tasbare programme, bedryfsondersteuningsmaatreëls en die implementering van planne en strategieë. Dit sal lei tot ekonomiese groei en werkskepping deur die bevordering van uitvoeraktiwiteite en 'n toename in investering in geprioritiseerde sektore van die Wes-Kaapse ekonomie.

#### 7.3.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

##### Groei in uitvoere en plaaslike markte

Die subprogram sal op medium termyn fokus op die uitvoering van sleutelinisiatiewe wat gekoppel is aan die prioriteitsfokusgebiede vir investering en uitvoere binne die G4J. Dit sal gedoen word deur 'n bemagtigende en mededingende uitvoeromgewing te ontsluit, die Wes-Kaapse uitvoerbasis te versterk en te diversifiseer, marktoegang te dryf en handelsbelemmerings uit die weg te ruim. 'n Sleutelfokus sal die kapasiteitsbou van uitvoerders behels, bewusmaking om nuwe uitvoerders te teiken, sowel as die kapasiteitsbou van maatskappye gereed vir uitvoer om aan uitvoerprosedures en markvereistes te voldoen.

Die voorgestelde oplossing en respons rakende toenemende uitvoere vanuit die Wes-Kaap is om uitvoere te posisioneer as 'n belangrike manier om die Wes-Kaapse Regering se breër doelwitte te bereik soos weerspieël in die G4J-strategie, wat poog om 'n instaatstelligingsomgewing vir die private sektor en markte te skep ten einde groei te bevorder en werk te skep.

Die Uitvoerstrategie poog om die bydrae van die Wes-Kaap tot die land se nasionale handelsbeleidsagenda en -doelwitte te verhoog. Dit sluit groter deelname aan nasionale programme en inisiatiewe in, asook om te verseker

dat die belange van die Wes-Kaap in die land se internasionale skakelings en ooreenkomste weerspieël word. Die strategie beklemtoon ook die toenemende risiko's en geleenthede vir uitvoerders in verband met die klimaatkrisis, die impak van omgewingsregulasies en veranderende verbruikersaanvraag in belangrike uitvoermarkte.

Die teorie van verandering wat vir uitvoere ontwikkel is, sit ses strategiese uitkomstes uiteen vir bereiking deur die suksesvolle implementering van hierdie Uitvoerstrategie:

- groter bewustheid van die Wes-Kaapse handelsmerk en vermoëns in prioriteitsmarkte en groter bewustheid van die geleenthede en vereistes in prioriteitsmarkte;
- verbeterde mededingendheid, volhoubaarheid en vermoëns van uitvoerders;
- verbeterde marktoegang en minder handelsbelemmerings;
- vestiging van die Wes-Kaap as die streeksentrum vir dienstehandel;
- 'n beter weerspieëling van die Wes-Kaap se belange in nasionale handelsbeleide, -programme en -onderhandelinge; en
- meer doeltreffende, koste-effektiewe en volhoubare infrastruktuur.

Vyf strategiese intervensies wat na verwagting in die komende boekjaar geïmplementeer sal word, sluit die volgende in: 1) Behoeftebepalings rakende nuwe uitvoergeleenthede; 2) Program vir distriksuitreiking en uitvoerbewusmaking; 3) Ontwikkelingsmateriaal vir uitvoerhulpbronne; 4) Program vir die verbetering van uitvoermededingendheid en die 5) Hawe-en-logistiekprogram.

Die subprogram sal op die volgende intervensies fokus wat gemik is op groeiende uitvoere gekoppel aan die G4J-strategie en sal ook stelselmatig met verskeie prioriteitsfokusgebiede (PFG's) belyn om te fokus op die ondersteuning van algehele lewering ten opsigte van G4J.


Marktoegang en minder handelsbelemmerings. Die doel van hierdie inisiatief is om die implementering van die G4J-prioriteitsfokusgebied (PFA) vir uitvoere te ondersteun deur marktoegang vir Wes-Kaapse produkte in beide interne en eksterne markte te verbeter deur middel van verbeterings en tegniese ondersteuning. Dit sal spesifieke maatreëls voorsien om sleuteluitvoerbedrywe te verbeter en verskeie ondersteuningsdienste te versterk soos uitvoergehaltebestuur, handelsfasilitering, monstertoetsing, verpakking en etikettering sowel as voorouditgereedheid.

Met behulp van die fonds vir die program vir die verbetering van uitvoermededingendheid (ECEP) beoog die Departement om gedurende die 2024/25-boekjaar 'n minimum van 15 uitvoerders deur intervensies vir mededingendheidsverbetering by te staan. Die voorgestelde aksieplan sal bykomende maatreëls uiteensit om die aantal firmas wat hul produkte uitvoer te verhoog. Hierdie maatreëls sal hulle in staat stel om maatskappye in die Wes-Kaap se markaandeel in bestaande uitvoermarkte uit te brei en om 'n vastrapplek vir ondernemings in nuwe markte te kry. Besigheidsvoorleggings sal van verskeie sektore en ondernemingsgroottes aangevra word en sal direk vanaf individuele besighede en tussengangers ingedien word. Eerder as wat die regering besluit watter tipe firmas of intervensies om te ondersteun, sal aansoekers 'n selfkeuringsbenadering kan volg op grond van hul behoeftes.

## Ontwikkeling van die uitvoervermoë van besighede

Die program vir die verbetering van uitvoermededingendheid (ECEP) gee uitvoering aan die G4J-strategie-inisiatief om uitvoere te verhoog vir werkskepping en om vinniger ekonomiese groei en ontwikkeling te bewerkstellig. Hierdie program ondersteun die ontwikkeling van besighede om hulle in staat te stel om doeltreffend uit te voer. Intervensies teiken besighede en verskaf ondersteuningsmeganismes wat daarop gemik is om die vermoë, mededingendheid, produktiwiteit en groei in uitvoere van hierdie besighede te verbeter.

Ná die bekendstelling van die ECEP-fonds middel 2023 was die reaksies van die private sektor bemoedigend. Twaalf begunstigdes is in kennis gestel dat hul aansoeke suksesvol was. Dit het hul uitvoeriniatiwe 'n hupstoot gegee deur toegang tot die Amerikaanse en Europese markte te verkry met produkte soos veselglasbote, wyn, organiese tee, alternatiewe koffie, lugspreiers en leergoedere. Skakelings met bedryfsliggame en aanmoediging om aansoek te doen het vrugte afgewerp, aangesien twee sektorverenigings wat verskeie lede het, naamlik SA Wyntransformasie-eenheid en Hortgro, belangstelling getoon het om by die ECEP-fonds aansoek te doen. Die doel vir 2024 is om meer pogings aan te wend om besighede te help om hul uitvoeriniatiwe uit te brei deur toegang tot nuwe markte te verkry en hul produkaanbiede aan die bestaande markte te verbeter.




Home Services Documents Directories Your Government Tenders Jobs About Us Contact Us

Home -> Economic Sector Support: Export Competitiveness Enhancement Programme

### Economic Sector Support: Export Competitiveness Enhancement Programme

Listen

Facebook Twitter LinkedIn



## EXPORT COMPETITIVENESS ENHANCEMENT PROGRAMME

Western Cape Government  
FOR YOU

#### EXPORT COMPETITIVENESS ENHANCEMENT PROGRAMME (ECEP)

**THE FUND APPLICATION WINDOW IS NOW OPEN**

The Department of Economic Development and Tourism (DEDAT) is requesting individual companies and intermediaries currently assisting businesses that are exporting or export-ready but are facing technical challenges to access international markets to **apply for financial assistance** and support through the Export Competitiveness Enhancement Programme (ECEP) Fund.

The ECEP Fund 2023 aims to provide comprehensive support to businesses and organisations that are dedicated to implementing programmes and projects fostering their export initiatives. The programme support will focus on the following services:

- Product reformulation and refinement.
- International packaging, labelling and printing requirements.
- International product certification and standards for international market access.
- Product or service registration with relevant international bodies in export markets.
- International nutritional analysis.
- Specialised shipping requirements.

Markintelligensie en verbeterde mededingendheid. Een van die uitdagings ten opsigte van die ontwerp en implementering van effektiewe uitvoerstrategieë is om die regte markte te identifiseer, gegewe Suid-Afrika se kapasiteit en handelsbetrokkings. Die realiteit van Suid-Afrika se prestasie met uitvoere is dat daar beperkte diversifisering betreffende nuwe bestemmings en nuwe produkte is. Dit blyk uit Suid-Afrika se groei in uitvoere wat hoofsaaklik gedryf word deur bestaande en ervare uitvoerders wat dieselfde markte bedien. Gevolglik word deurlopende navorsing benodig om die regering en private sektor op hoogte te hou van veranderende ekonomiese toestande en markdinamika sodat verskeie inisiatiewe 'n groter kans het om vrugte af te werp. Deur middel van die PFG vir uitvoere word daar baie aandag geskenk aan die uitbreiding van die Wes-Kaap se uitvoerbasis, diversifisering en waardetoevoeging tot sy uitvoere. Een van die belangrikste stappe in die proses vir die ontwikkeling van uitvoere is om die regte buitelandse markte, produkte en nuwe uitvoerders te identifiseer. Die program, in samewerking met die Navorsingseenheid, sal voortgaan om analitiese hulpmiddels te gebruik, wat 'n deeglike siftingsproses insluit wat sistematiese uitvoermarkte en produkkeuse fasiliteer deur die identifisering van realistiese uitvoergeleenthede vir firmas wat hul verkope na buitelandse markte wil uitbrei.

Ontwikkeling van uitvoerhulpbronne. Die meeste klein- en mediumgrootte besighede het relatief min ondervinding rakende die uitvoer van goedere, behalwe om aan plaaslike markte via groot- en kleinhandelaars te verkoop. Hulle het ook beperkte

kennis en begrip van uitvoermarkte en gevolglik kan vroeë uitvoer pogings van besighede misluk omdat hulle dit wat uitvoer behels, geringskat en nie oor voldoende inligting en hulpbronne beskik nie. Die doel van hierdie projek is om die leemte te vul in die verskaffing van noodsaaklike inligting rakende die uitvoeromgewing, sowel as die verskeie ondersteuningstrukture wat vir potensiële en bestaande uitvoerders beskikbaar is. Die doelwit van die taak is om basiese aanlyn opleiding oor beste praktyke vir uitvoerders te ontwikkel om hulle te ondersteun met inligting en hulpbronne oor uitvoer deur middel van 'n opleidingskurrikulum en aanlyn hulpbron wat die uitvoerhulpbrongids wat in 2023/24 ontwikkel is, sal aanvul.

Distriks- en Metro-uitreiking oor uitvoere. Die program, in vennootskap met belangrike ondersteuningsorganisasies as belanghebbendes, distriksmunisipaliteite en plaaslike munisipaliteite, sal voortgaan om 'n uitvoerveldtog-en-uitreikingsprogram met 'n hoë impak in die vyf distriksmunisipaliteite sowel as die Kaapse Metropool aan te bied. Die Distriksuitvoerveldtog-en-uitreikingsprojek is gekoppel aan die strategiese gebiede wat fokus op groter bewusmaking rakende die Wes-Kaapse handelsmerk en vermoëns in prioriteitsmarkte, sowel as groter bewusmaking rakende die geleenthede en vereistes in prioriteitsmarkte. Dit behels die identifisering en bemarking van produkte wat tans uitvoer word en die identifisering en bevordering van nuwe ontwikkelings in die distrikte met uitvoerpotensiaal. Uiteindelik sal hierdie projek help om groter en meer volhoubare prestasie betreffende uitvoere uit die distrikte te verseker.

## Distriksuitvoer-en-bewusmakingsveldtogte

Distriksuitvoer-en-bewusmakingswerksessies is gedurende die 2023/24-boekjaar in die vyf distrikte van die provinsie sowel as in die Kaapse Metropool suksesvol aangebied. Hierdie werksessies is goed bygewoon, veral in die Weskus-distrik en Kaapstad waar die getalle ons teiken oorskry het.

Die doel van hierdie sessies was om inligting oor die Groei vir Werk- (G4J)-strategie te deel, asook om bewusmaking te doen oor huidige en potensiële uitvoergeleenthede. Bywoners kon in gesprek tree met besigheidsondersteuningsorganisasies, wat Wesgro, amptenare van die onderskeie distriks- en plaaslike munisipaliteite, sowel as die dtic, IDC, SEFA, SEDA en sakekamers insluit, om ondersteuning vir die ontwikkeling van uitvoere, aansporings en finansiële ondersteuning vir uitvoere te bespreek.

Die stimulering van uitvoere is een van die G4J-prioriteitsfokusgebiede. Die distriksuitvoerbewusmakingsveldtogte sal gedurende die 2024/25-boekjaar in samewerking met die genoemde besigheidsondersteuningsorganisasies voortgesit word.



Meer doeltreffende, koste-effektiewe en volhoubare infrastruktuur: Koolstofgrensaanpassingsmeganisme (CBAM). Die koolstofgrensaanpassingsmeganisme (CBAM) is 'n koolstofgrensbelasting op koolstofintensiewe produkte wat in verskeie markte ingevoer word, maar deur die EU gedryf word. Regerings en uitvoerders na die EU moet maatreëls en meganismes instel om handelsveerkragtigheid in 'n laekoolstof-wêrelddeksonomie te verseker. Met die inwerkingtreding van CBAM-beleide in alle groot markte word hulp benodig om te verseker dat groot uitvoerders mededingend bly. Die eerste ronde van ondersteuning sal behels om 'n meganisme vir die meting van die koolstofvoetspoor van uitvoerders te ontwikkel om ten opsigte van hul handel met die onderskeie markte te gebruik. Die tweede nodige ondersteuningsmeganisme is om die risiko vir die Wes-Kaap te begryp betreffende ons industrieë met 'n hoë koolstofvoetspoor en om ondersteuningsmeganismes te identifiseer om hulle toe te rus om strukturele veranderinge te maak rakende hul produksieaktiwiteit en energieverbruik, ens. Dit is 'n kritieke projek wat nie net met die PFG vir uitvoere verband hou nie, maar ook met die Wes-Kaap se teiken van netto-nul koolstof.

### Prioriteitsgebied: Kaapstad-hawe en logistiek

Kaapstad-hawe (KH) het talle grondgebruike en funksies. Twee kritieke aktiwiteite hou verband met die houerterminal en die skeepsherstelaktiwiteite. Die Departement het oor die afgelope drie jaar 'n hawedoeltreffendheidsprogram ontwikkel met 'n breër fokus op logistiek weens die huidige beperkings en risiko's van veral die KH. Dit is van kritieke belang aangesien dit verband hou met uitvoer- en plaaslike markte wat 'n fokus op die volgende insluit:

- program vir hawedoeltreffendheid en -kapasiteit;
- skeepsherstelbedryf; en
- hawekoördinerings.

Die KH word deur die Transnet Nasionale Hawe-owerheid besit. Dit verskaf houer-, massa- en algemene vraghanteringsdienste aan die Wes-Kaap en sy hoofsaaklike binnelandse landbougebied. Die hawe verskaf ook skeepsherstel dienste in die Wes-Kaapse maritieme streek en word ook benut deur plaaslike en buitelandse vissersvlote, passasierskepe en vir ander ontspanningsgebruike.

Die Victoria & Alfred (V&A) Waterfront-ontwikkeling val buite die grense van die hawe, maar vul die kommersiële hawe aan deur ankerplek vir kleiner ontspannings- en vissersvaartuie te bied.

Die grootste houerterminal het die infrastruktuurkapasiteit om 1 miljoen standaardvraghouers per jaar te hanteer. Dit gebruik nege Liebherr- "post-Panamax" skip-tot-land-hyskrane en 24 Kalmar-kraanstellasies met rubberbande by drie ankerplekke. Die diepgang is 15 meter diep en die terminal beskik oor 3 300 propuitlate vir koelhouers. Dit word deur Transnet-haweterminale bedryf, 'n bedryfsafdeling van Transnet wat 'n logistiekmaatskappy in staatsbesit is. Die Nasionale Hawe-owerheid is van voorneme om die kapasiteit van hierdie terminal na 1,4 miljoen TEU's (houergrootte: ekwivalente eenhede van twintig voet) op te gradeer.

Transnet is gretig om die wêreldwye neiging te volg deur geleenthede vir deelname deur die private sektor te oorweeg. 'n Hele houerterminal is onlangs in Durban-hawe as konsessie toegestaan. 'n Langtermynkonsessie is onlangs in Kaapstad-hawe aan 'n redery toegestaan om 'n binnehaweterminaal met 'n koelkamer, depot vir leë vraghouers en 'n spoorverbinding na die hawehouerterminal te bou en te bedryf. Die eerste fase is op skedule en is in Desember 2023 in werking gestel, net betyds vir die volgende groot uitvoerseisoen vir sagtevrugte.

Die kleiner veeldoelige terminal aan die oorkant van die hawe hanteer ongeveer 100 000 TEU's per jaar bykomend tot konvensionele en massavrag. Dit word ook deur Transnet-haweterminale bedryf. Hulle gebruik drie mobiele Liebherr-hyskrane. Hierdie terminal het 'n doelgebonde ankerplek vir toerskepe en is 'n gewilde bestemming in die somerseisoen. Die vraghouerankerplek word in die hoogseisoen ook vir toerskepe beskikbaar gestel.

Vraghouers word ook by FPT (voorheen die varsprodukteterminaal) hanteer, wat 'n klein privaat terminal is wat skeepstoerusting gebruik. Hierdie terminal word ook deur konvensionele skeepvaart bedien wat groot hoeveelhede verkoelde vrugte op palette vervoer. Meer as 30 000 TEU's (ekwivalente eenhede van twintig voet) en meer as 130 000 palette word per jaar hanteer. FPT is 'n multivragterminal wat ook konvensionele vrag vir verskeie kommoditeite hanteer.

Kaapstad-hawe se logistieke ketting vir vraghouers het in 2021 'n geraamde R69 biljoen tot die BWT in die Wes-Kaap bygedra (8,6%) en tot die skeep/handhawing van 225 000 werksgeleenthede. Belasting wat vir hierdie aktiwiteite betaal is, het byna R20 biljoen beloop.

Hierdie logistieke ketting se groeipotensiaal tot 2026 is ondersoek en teen ongeveer 5% per jaar gekwantifiseer. In hierdie scenario van hoë potensiale groei kan 'n bykomende 20 000 werksgeleenthede geskep word (in vergelyking met 'n scenario van lae groei) en 'n bykomende R1,8 biljoen in belastinginkomste kan gegenereer word.

Vars vrugte (insluitende tafeldruive, sitrus en appels) en wyn is die belangrikste uitvoerprodukte. Invoerprodukte wissel meer en sluit voertuigkomponente, klere, materiaal, skoene en kositems in.

Die houerterminale word deur meer as sewe van die grootste skeepsrederye ter wêreld bedien wat vrag op handelsroetes vervoer na al die bestemmings wat produkte uit Suid-Afrika invoer.

Die Wes-Kaapse Regering moedig deelname deur die private sektor aan ten opsigte van die Kaapstad-hawe se houerterminale om te verseker dat voldoende kapasiteit beskikbaar is om toenemende vragvolumes te hanteer. Ons is dus gretig om uit die ervaring van ander hawens te leer rakende die toestaan van konsessies vir houerterminale aan spesialisterminaaloperateurs.

Die fokus op Kaapstad-hawe is in Desember 2019 deur die provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede van stapel gestuur en konsensus is deur groot hulpbronne en hawegebruikers oor die volgende bereik:

- bevordering van samewerking in die logistieke ketting;
- sewe prioriteite om houerterminaal- en mariene doeltreffendheid te verbeter;
- totstandkoming van 'n verteenwoordigende KH-GvSD-taakspan om prioriteite te bestuur; en
- instelling van die KH-werksessie met belanghebbendes as 'n jaarlikse gebeurtenis.

Hierdie eenheid is in die proses om in staat gestel te word om nie net op die Kaapstad-hawe vanuit 'n doeltreffendheidsperspektief te fokus nie, maar ook op die breër logistieke sektor. Dit is van kritieke belang vanuit 'n uitvoer- en investeringsperspektief, want as die hawe werk, kan die uitvoer en invoer van goedere verhoog word namate die primêre en sekondêre sektore groei.

Prioriteitsfokusgebiede uit die Wes-Kaapse G4J-strategie sal deur hierdie eenheid hanteer word, insluitende die stimulering van markgroei deur die fasilitering van uitvoere, die aansporing van investering in mededingende produksievermoë vir uitvoere en die bevordering van 'n gekoppelde ekonomie deur middel van verbeterde hawelogistiek.

Wetenskaplik betroubare en verifieerbare aksienavorsing is die afgelope twee jaar oor verskeie aspekte van Kaapstad-hawe se logistieke ketting gedoen. Hierdie werk was hoofsaaklik daarop gemik om die grondoorsake van opeenhoping te verstaan sowel as die potensiele toename in vragvolumes, wat op die kapasiteit en prestasievereistes van die logistieke ketting behoort te dui.

Dit het duidelik geblyk uit die data-ontledings dat vragvolumes via Kaapstad-hawe tussen 2021 en 2026 met 26% kan toeneem. Die ontsluiting van hierdie potensiaal kan 20 000 werksgeleenthede skeep en R6 biljoen tot BWT byvoeg.

Belangrike uitdagings in verband met die bereiking van hierdie scenario van hoë groei behels die koördinerende van komplekse logistieke kettings, om die beperkings rakende kritieke toerusting en vragbeplanning by Transnet-haweterminale te bowe te kom en die verskeping van hoogs bederfbare uitvoerprodukte van hoë gehalte na buitelandse markte.




## Uitvoerhulpbrongids wek belangstelling in internasionale handel

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) het 'n uitvoerhulpbrongids bekendgestel om verskeie sektore van die ekonomie te ondersteun om geleenthede vir groei te ondersoek en belangstelling in internasionale handel te wek. Dit is alles in 'n poging om met die provinsiale Groei vir Werk- (G4J)-strategie te belyn met die hoofdoel om uitvoere teen 2035 te verdriedubbel. Die bekendstelling is op alle DEOT-mediaplatforms gedoen vir toegang tot digitale kopieë.

Daar is meer as 200 gedrukte kopieë en meer as 70 kopieë is uitgestal en aan belanghebbendes by groot konferensies en werksessies uitgedeel soos die onlangse AGOA-dialoog wat in 2023 gehou is, die Wesgro-uitvoerkonferensie en die DEOT se Distriksuitvoer-en-uitreikingsveldtog wat heeljaar in 2023 aangebied is.

Die Departement sal voortgaan om die hulpbrongids op verskeie platforms, die webwerf van die Wes-Kaapse Regering en uitvoerpromosietoere aan bestaande en nuwe uitvoerders bekend te stel.



### Bevordering van geleenthede vir groei deur investering

Buitelandse direkte investering (BDI) sowel as direkte binnelandse investering (DBI) is 'n belangrike katalisator vir ekonomiese groei, aangesien dit toegang tot kapitaal behels wat moontlik nie geredelik in die ontvangerland en -ligging beskikbaar is nie, of tegnologiese rytheid kan verhoog deur middel van tegnologie-oordrag, en/of nuwe en innoverende produkte en dienste beskikbaar kan stel wat nie voorheen ervaar is nie. Die investeringsfokusgebied is 'n sleutelpilaar in die G4J-strategie as 'n geleentheid vir groei wat in verskeie sektore in die ekonomie ontplooi sal word om 'n ontwikkelde investeringspylyn oor die Wes-Kaap heen te bou. Die doel om investering in die Wes-Kaap met R200 biljoen te verhoog, is 'n strekmikpunt en broodnodig om ekonomiese groei en uiteindelik werkskepping moontlik te maak.

Die lok van BDI help om 'n land se ekonomie met globale waardekettings te verbind en fasiliteer ekonomiese opgradering. BDI bied investering, werksgeleenthede, verhoogde uitvoere, voorsieningskanaalorskotte en nuwe tegnologieë en sakepraktyke vir lande. Alhoewel die voordele van BDI goed bekend is, is dit nie voortspruitend sonder 'n bevorderlike beleid en wetlike en institusionele omgewing nie. In 'n globale landskap wat ernstig deur die COVID-19-pandemie geraak is, maar steeds onderhewig is aan vinnige tegnologiese verandering en politieke onsekerheid, moet lande hul waardeaanbod as liggings vir investering verfyn. Ten einde die voordele van BDI ook ten volle te benut, vereis 'n land duidelike en doeltreffende implementering van investeringstrategieë en -beleide. Deur gebruik te maak van 'n omvattende benadering wat die wetlike, regulatoriese, prosedurele en institusionele struikelblokke onder die loop neem wat alle fases van die

investeringslewensiklus raak, kan die gemak van sake doen binne die provinsie en land investering lok en fasiliteer vir verbetering.

Sluteluitkomstes vir die PFG vir investering sluit die volgende in:

- posisionering en bewustheid;
- verbetering van die investeringsklimaat;
- verhoging in die aantal groenterreinprojekte;
- behou huidige en verhoog die aantal bruinterreinprojekte;
- toename in voorwaartse en terugwaartse skakels;
- toename in geografiese verspreiding van investering oor die WK heen;
- toename in mededingendheid; en
- toename in tegnologie en innovasie in die plaaslike ekonomie.

Wesgro sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir die posisionering- en bewusmakingsaktiwiteite soos dit met hul mandaat vir investeringsbevordering verband hou. Die volgende aktiwiteite hou verband met hoe die program uitvoering sal gee aan die doelwitte van die PFG vir investering:

Verbetering van die investeringsklimaat – Verskeie provinsiale inisiatiewe vir investeringsondersteuning sal onderneem word, insluitende die ontwikkeling van 'n raamwerk vir investeringsteunwerwing en -voorspraak, sowel as om ekosisteemondersteuning rakende die PFG vir investering te onderneem wat verskeie bedryfsamesprekings en die ontwikkeling van sektorintelligensieverslae vir prioriteitsbedrywe behels.

Posisionering en bewustheid – Wes-Kaapse Investeringsberaad/-konferensie. 'n Investeringsberaad sal gereël word om deur die Premier aangebied te word vir beleggers, finansierders, BDI-tussengangers en maatskappye wat belangstel om sake met die Wes-Kaap te doen, wat genooi sal word om deel te neem en voordeel te trek uit investeringsprojekte gereed vir aanbod (IPRO), projekte vir openbare-private vennootskappe (OPV), sowel as geleenthede vir besigheid-tot-besigheid- en besigheid-tot-regering-samesprekings.

Toename in mededingendheid – Provinsiale ekosisteemondersteuning vir investering. Die inisiatiewe vir ekosisteemondersteuning vir investering wat deur die program beplan word, sluit die volgende in:

- *Munisipale investeringsgereedheidsprogram*: 'n Munisipale investeringsgereedheidsprogram sal ontwikkel word. 'n Tellingkaart en provinsiale riglyne vir munisipaliteite rakende hul gereedheidstaat om investering na 'n streek te lok sal gedurende die eerste jaar ontwikkel word. Gedurende die tweede jaar sal die ondersteuningsmeganismes werksessies met alle munisipaliteite oor die fasilitering van investering behels, asook bemarkingsmateriaalondersteuning aan munisipaliteite. Dit is gebaseer op hul assesseringsuitkomstes.
- *Sektor-IK*: Spesifieke sektorintelligensiewerk sal in samewerking met die navorsingseenheid binne die DEOT onderneem word om te verseker dat geloofwaardige navorsingsverslae saamgestel word.
- *Impakbeoordeling van die rolprentaansporingskema*: Die mislukking van die dtic se rolprentaansporingskema het 'n groot impak op produksieaktiwiteite gehad, veral ten opsigte van buitelandse rolprente en produksies, wat 'n direkte uitwerking op BDI in die Wes-Kaap het. Dit is as 'n risiko vir die bedryf geïdentifiseer en 'n versoek is deur die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede gerig om die omvang van die impak van die huidige rolprentaansporingskema op die Wes-Kaapse ekonomie te begryp.

Toename in geografiese verspreiding van investering oor die WK heen. 'n Streeksinvesteringspyplyn sal ontwikkel word. Dit sal onderhoude met die toptienfirmas en -werkgewers in elke munisipale gebied behels, asook netwerkgeleenthede, ens., met die breër georganiseerde besigheidsgemeenskap om hierdie ekosisteem te begin ontwikkel om investeringsgeleenthede per munisipaliteit te identifiseer.

Verhoging in die aantal groenterrein- en bruinterreinprojekte. Die Wes-Kaapse Investerings- en Implementeringsplan vir Regverdigde Energieoorgang sal in 2024/25 afgehandel word. Dit is 'n meerjarige projek wat die omvang van behoeftes en nodige investering sal uiteensit om die dekarboniseringsverbintenisse te ondersteun wat deur die regering op 'n provinsiale vlak gemaak is en met die Nasionale JET-IP vir verskillende sektore verband hou.

## Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Een van die burgergroepe wat relevant is vir die Departement en sy entiteite is die besigheidsgemeenskap. Deur middel van hierdie program sal die doel om beide handel en investering in die Wes-Kaap te verhoog tot voordeel strek van besighede deur 'n toename in besigheidsverkope en investering vir nuwe besigheidsgeleenthede, wat 'n positiewe impak op die provinsiale BBP sal hê en uiteindelik tot werkskepping sal lei wat huishoudelike inkomste in die provinsie sal bevoordeel.

### 7.3.3 Subprogram 3.2: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Toename in uitvoere	Sektorinstitaatstellings inisiatiwe ondersteun	3.3 Getal sektorinstitaatstellingsinisiatiwe ondersteun	9	8	4				
	Besighede deur die program vir die verbetering van uitvoermededingendheid (ECEP) bygestaan	3.4 Getal besighede deur die program vir die verbetering van uitvoermededingendheid (ECEP) bygestaan				20	15	15	15
	Distriksuitvoerbewusmakingsveldtogte uitgevoer	3.5 Getal besighede met distriksuitvoerbewusmakingsveldtogte bereik					200	250	300
	Doeltreffendheidsverbeteringsmaatreëls vir Kaapstad-hawe geïmplementeer	3.6 Getal doeltreffendheidsverbeteringsmaatreëls vir Kaapstad-hawe geïmplementeer					1	1	1
Toename in investering	Verbintenis tot investering by die Wes-Kaapse Investeringsberaad	3.7 Randwaarde van die verbintenis tot investering by die Wes-Kaapse Investeringsberaad					R1bn.	R1bn.	R1bn.
	Impakbeoordeling van die rolprentaansporingskema uitgevoer	3.8 Getal impakbeoordelings van die rolprentaansporingskema uitgevoer					1		

### 7.3.4 Subprogram 3.2: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.4 Getal besighede deur die program vir die verbetering van uitvoermededingendheid (ECEP) bygestaan	15				15
3.5 Getal besighede met distriksuitvoerbewusmakingsveldtogte bereik	200			100	100
3.6 Getal doeltreffendheidsverbeteringsmaatreëls vir Kaapstad-hawe geïmplementeer	1				1
3.7 Randwaarde van die verbintenis tot investering by die Wes-Kaapse Investeringsberaad	R1bn.				R1bn.
3.8 Getal impakbeoordelings van die rolprentaansporingskema uitgevoer	1				1

### 7.3.5 Program 3: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Toename in uitvoere	<p>Onvoldoende aansoeke ten opsigte van die ECEP-fonds weens 'n gebrek aan belangstelling kan daartoe lei dat fondse nie bestee word nie.</p> <p>Gebrek aan belangstelling ten opsigte van die gebruik van die hulpbrongids deur die beoogde teikengehoor.</p> <p>Gebrek aan deelname van belanghebbendes en besigheidsondersteuningsorganisasies in die distriksuitvoerbewusmakingsveldtogte.</p> <p>Swak prestasie van uitvoerinfrastruktuur soos Kaapstad-hawe wat die groeipotensiaal van uitvoere sal kniehalter.</p>	<p>Bekendstelling van bemarking- en bewusmakingsveldtogte (sessies vir die deel van inligting en materiaal) wat voornemende begunstigdes teiken.</p> <p>Onderneming van veldtogte deur relevante forums en platforms om die gebruik van die gids te bevorder.</p> <p>Samesprekings met bedryfsverenigings, uitvoerrade, distriksmunisipaliteite, munisipaliteite en ondersteuningsorganisasies oor die aanbieding van die uitvoerveldtogte.</p> <p>Fasilitering en steunwerwing vir privatisering en investering ten opsigte van hawebedryfsdienste soos die terminale.</p>
Toename in uitvoere	WKR het nie 'n direkte mandaat betreffende hawelogistiek nie.	<p>WKR en die span sal skakel deur middel van samewerking en met betrekking tot die gemeenskaplike doelwitte om ekonomiese groei, werkskepping en uitvoere te bevorder.</p> <p>Geleenthede om deelname deur die private sektor in die hawelogistieke ketting te bevorder, sal ook geïdentifiseer en ondersteun word.</p>
Toename in investering	<p>Gebrek aan 'n instaatstellingsomgewing vir investering.</p> <p>Swak bemarking en bevordering van die Wes-Kaap as 'n aanloklike investeringsbestemming.</p> <p>Gebrek aan inligting oor investeringsgeleenthede.</p> <p>Gebrek aan 'n koherente investeringskosistiem.</p>	<p>Beleidsekerheidsinligting en -data moet gereedlik beskikbaar wees om investeringsbesluitneming te beïnvloed. 'n Ekosistiem wat investering ondersteun, moet ontwikkel en gehandhaaf word. 'n Kenmerkende, hoogs gerespekteerde Wes-Kaapse handelsmerk moet op die voorgrond van investeringsbewustheid en -besluitneming wees.</p>

## 7.4 Programhulpbronoorwegings

### Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 3 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%verandering vanaf hersiene beraming	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
1. Handel- en investeringsbevordering	59 965	62 113	62 113	69 280	66 826	66 826	65 645	(1,77)	66 945	69 958
2. Sektorale ontwikkeling	9 377	11 863	12 300	16 419	15 709	15 709	27 239	73,40	21 088	25 302
Totale betalings en beramings	69 342	73 976	74 413	85 699	82 535	82 535	92 884	12,54	88 033	95 260

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die hulpbrontoekenning vir Program 3 sal hoofsaaklik fokus op ontwikkelingsaktiwiteite betreffende uitvoere en investering oor die verskillende sektorale eenhede heen. Weens die fiskale beperking word die impak hoofsaaklik ten opsigte van die menslikehulpbronnetoekenning vir die program gevoel, wat vir twee PFG's volgens die G4J verantwoordelik is. Die eenhede beskik nie oor goeie kapasiteit nie en weens begrotingsbesnoeiings sowel as die moratorium op nuwe aanstellings is die leemte ten opsigte van MH-kapasiteit steeds 'n risiko. Met die G4J-strategie wat sy tweede jaar betree, is die PFG- en strategiewerk gebruik om te verseker dat die omvang van die werk wat deur die eenhede gedoen is en sleutelintervensies in reaksie op die verandering in strategie is. Die aktiwiteite van die program demonstreer hierdie verandering duidelik, alhoewel die begrotingsbesnoeiings 'n uitwerking gehad het op programme soos ECEP, ens. Die openbare entiteit Wesgro het ook soortgelyke begrotingsbesnoeiings ervaar wat 'n aantal kostedrywers soos internasionale bemarkingsaktiwiteite sal beïnvloed.

## 7.5 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Belyning met DEOT-uitkomste	Sleuteluitsette	Huidige jaarlikse begroting (R duisende)
Wesgro	Handel- en investeringsbevordering asook bestemmingsbemarking	Toename in uitvoere Verhoogde randwaarde van investering	Handelsooreenkomste geteken Investeringsprojekte gerealiseer	65 645

## 8. Program 4: Sakeregulering en -Bestuur

### 8.1 Doel

- Om 'n billike, sosiaal verantwoordelike besigheidsomgewing in die Wes-Kaap te verseker – deur algemene intervensies in die handelsomgewing en deur spesifieke intervensies ingevolge die mandaat van die Grondwet en nasionale en provinsiale wetgewing en beleide.

#### 8.1.1 Belyning met nasionale en provinsiale strategieë

##### Belyning met nasionale strategieë

Die voorneme, doelwitte en intervensies soos geïdentifiseer in belangrike nasionale beleid- en strategiedokumente sluit aan by die werk wat ten opsigte van Program 4 gedoen is en steeds gedoen word. Die program bestaan uit drie subdirektore, naamlik Verbruikersgeskilbeslegting, Verbruikersopvoeding en Tribunaalondersteuning.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) wat in 2012 aanvaar is, is gevolg deur Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR, 2019-2024) as die tweede vyfjaarimplementering van die NOP. Laasgenoemde het ook die groepe intervensies en programme uiteengesit wat die sewe prioriteite soos geïdentifiseer in die NOP sal bevorder. Die program het direk en indirek betrekking op die volgende onderling gekoppelde pilare soos geïdentifiseer in die NOP, naamlik die bou van 'n bekwame staat. Die NOP stel 'n scenario in die vooruitsig waar regeringsdepartemente van oor die spektrum heen goed bestuur word, oor hulpbronne beskik en bekwaam is om dienste te lewer aan die burgers wat dit bedien. Daar word verder in die vooruitsig gestel dat daar noue samewerking en vennootskappe tussen die verskillende regeringsfere moet wees sodat doeltreffende en effektiewe dienslewering oor die hele land kan plaasvind. Dit word 'n kritieke tema, veral in 'n omgewing met fiskale beperkings waar innoverende denke en vennootskappe sleutelkomponente is wat deur regerings gebruik word om dienslewering te verbeter. Program 4 het die uitdaging wat die NOP gestel het op 'n kragtige manier aangepak en proaktief met rolspelers in die provinsiale, plaaslike en nasionale regeringsruimtes geskakel sodat dienslewering betreffende verbruikersbeskerming deur effektiewe samewerking verbeter kan word. Hierdie benadering het talle vennootskappe met belangrike regeringsbelanghebbendes oor die hele provinsie tot gevolg gehad, wat daarop gemik is om dienslewering aan burgers oor verbruikersbeskerming as onderwerp te verbeter. Hierdie transversale samewerkingsvennootskappe was tot voordeel van burgers, aangesien 'n meer omvattende diensaanbieding oor verbruikersbeskermingsaangeleenthede aangebied kon word, veral met betrekking tot die mandate van nasionale departemente.

Met betrekking tot die MTSR is die werk van die program direk belyning met die prioriteit van die MTSR, wat verband hou met die rol van die regering betreffende die verskaffing van effektiewe en doeltreffende dienste aan burgers. In hierdie verband het Prioriteit 1 van die MTSR betrekking op 'n bekwame, etiese en ontwikkelingsgerigte staat. Die sleutelintervensie waarmee die program belyning, sluit die verbetering van produktiwiteit en funksionaliteit van openbare instellings ter ondersteuning van mensgesentreerde lewering in.

Die MTSR erken dat 'n bekwame staat effektief gekoördineerde staatsinstellings met vaardige staatsamptenare vereis, wat tot die publieke belang verbind is en in staat is om dienste van hoë gehalte konsekwent te lewer, terwyl die mense geprioritiseer word in die bereiking van die nasie se ontwikkelingsdoelwitte. Hierdie visie vereis 'n regering wat die vermoë het om beleide wat die nasionale belang dien te formuleer en te implementeer en wat die hoofsaak van armoede en ongelykheid onder die loep neem. Die werk van die program is dus goed met hierdie doelwitte van die MTSR belyning, aangesien bekwaamheid, etiese dienslewering, vennootskapsontwikkeling en samewerking die kern van die diensleweringbenaderings van die program behels. Binne die wetgewende ruimte ten opsigte van verbruikersbeskerming word dit algemeen aanvaar dat daar rolle vir provinsiale en nasionale regering is wat dikwels verwarrend en frustrerend vir burgers kan wees. Daar is dus 'n behoefte om konstruktiewe verhoudings te bou, met alle sektore van die samelewing saam te werk en burgers te bemagtig om aktiewe agente vir verandering in gemeenskappe te wees. Verbeterde responsiwiteit, kommunikasie, konsultasie en skakeling deur die regering met sleutelbelanghebbendes, veral burgers, is dus belangrike elemente van die MTSR met betrekking

tot die ontwikkeling van 'n bekwame staat. Die werk van die program is deeglik met hierdie doelwit binne die MTSR belyn.

### Belyning met provinsiale strategieë

Op 'n departementele en provinsiale vlak is die Groei vir Werk- (G4J)-strategie se primêre doelwit een van 'n groeiende ekonomie. Een van die G4J se fokusgebiede is dié van 'n bekwame staat en goeie bestuurstoësig. Ten einde die doelwitte te bereik wat in die G4J-strategie gestel is, word dit erken dat die provinsiale regering op 'n gekoördineerde manier moet funksioneer om duidelik gedefinieerde doelwitte te bereik om sy verpligtinge, verantwoordelikhede en dienslewingsmandate doeltreffend en effektief na te kom. 'n Bekwame provinsiale regering beskik oor die kultuur en stelsels om korrupsie te voorkom, wat 'n groot impak op dienslewering, besighede en burgers het. 'n Bekwame provinsiale regering is responsief, deursigtig, verantwoordbaar, van positiewe waardes vervul en gee uitvoering aan sy mandate. Dit kan dus gesien word dat die werk van die program volledig belyn is binne die NOP, MTSR en die provinsiale strategiese benaderings wat in werking is.

Die DEOT se Strategiese Plan (DEOT-SP, 2020-2025) sit sy visie uiteen: "‘n Wes-Kaap met ‘n dinamiese, innoverende en volhoubare ekonomie, wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en werksgeleenthede". Die program se werk om tot hierdie visie by te dra word gevind in die verbintenis tot nakoming van die oppergesag van die reg en om te verseker dat burgergesentreerdheid die kern van al die program se diensaanbiedinge vorm.

Ingevolge die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2025) is die werk van die program in belyning met die Wes-Kaapse Regering se verbintenis tot visiegeïnspireerde prioriteit 5 wat handel oor innovasie en kultuur. Die Wes-Kaapse Regering is daartoe verbind om 'n mensgesentreerde organisasie te wees, wat verseker dat die behoeftes van ons burgers vir al ons projekte en inisiatiewe op die voorgrond is. Die verbetering van ons burgers se kliëntedienservaring is dus 'n sleuteldrywer vir wat regeringsdepartemente behoort te doen wanneer hul dienslewingsopsies ontwerp. Dit is dus een van die sleuteldrywers van Program 4, veral aangesien diensaanbiedinge burgergesentreerd is en daarop gemik is om doeltreffende kliëntediens aan burgers en besighede te verskaf wanneer die uitdaging van transaksionele geskille hanteer word. Hierdie benadering verplig die program ook om samewerkende samesprekings met ander sleutelbelanghebbendes binne en buite die regering te inisieer. Vennootskapsontwikkeling is dus van kritieke belang binne die omgewing van die program en dit sal lei tot samewerking met provinsiale, plaaslike en nasionale regering sowel as burgergroepe en besighede. Al hierdie inisiatiewe is daarop gemik om 'n burgergesentreerde kultuur te ontwikkel waar die burger op die voorgrond is van alles wat ons doen.

## 8.2 Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

### 8.2.1 Doel

- Om maatreëls te ontwikkel, te implementeer en te bevorder wat die regte en belange van alle verbruikers verseker.

### 8.2.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Die Sakereguleringsprogram is in wese verantwoordelik vir die implementering van 'n wetgewende mandaatfunksie binne die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme. Die primêre mandaat binne die program is op die gebied van verbruikersbeskerming. Regulering, wat eens algemeen beskou is as anti-ontwikkeling en 'n negatiewe faktor vir ekonomiese groei, het die afgelope paar jaar in 'n instaatstellingsfaktor verander. Dit verseker dat al die ekonomiese rolspelers – verbruikers, ondernemings en die verskillende vlakke van regering – binne 'n wetlik veilige en voorspelbare omgewing saamwerk, wat ten gunste van ekonomiese groei en transformasie gestruktureer is. Daar is 'n toenemende bewuswording by die sakesektor, binne die verbruiker- en besigheidstransaksieruimte, dat ekonomiese groei nie ten koste van billikheid en regverdigheid teenoor verbruikers moet wees nie. Die bevordering van verantwoordelike handel- en produksiepraktyke kan as mededingende voordele dien wat die sakesektor tot voordeel sal strek in 'n globale ekonomie.

Die program se intervensies is dus gefokus op die verskaffing van 'n koste-effektiewe en doeltreffende geskilbeslegtingsdiens aan burgers en besighede, met die doel om 'n instaatstellingsomgewing daar te stel wat vir burgers en besighede voordelig is. Die uitsetteiken van die program oor die MTBR-periode is dus gefokus op die implementering van 'n vinniger omkeertyd vir geskilbeslegting tussen burgers en besighede. Die program beoog om 'n geskilbeslegtingskoers van 85% te bereik rakende sake wat vir ondersoek geregistreer is. Hierdie teiken sal die huidige nasionale standaard van 75% vêr oorskry. Daar moet kennis geneem word dat nie alle klagtes ten opsigte van geskilbeslegting binne 'n spesifieke boekjaar opgelos sal word nie. Sommige sake is meer kompleks en tegnies as ander en na gelang van wanneer dit ingedien is, sal sodanige sake na die volgende boekjaar oorgedra word. Op soortgelyke wyse sal die geskilbeslegtingsproses vir sake wat in Februarie en Maart ingedien is dikwels nie vir sodanige sake aan die einde van die boekjaar afgehandel wees nie. As sodanig word hierdie sake natuurlik na die nuwe boekjaar oorgedra. Ten opsigte van die uitkomsteeiken oor die MTBR-periode beoog die program om R5 miljoen in die sakke van verbruikers terug te sit deur middel van suksesvolle geskilbeslegting. Dit sal hoofsaaklik vir burgers wees wat nie in staat is om hul eie hulpbronne of kennis te benut in geskille met besighede nie.

Benewens die klagtebestuurbedrywighede is die Kantoor van die Verbruikersbeskermer ook 'n burgergesentreerde dienslewingsafdeling van die Departement, veral in verband met bewusmaking onder ons burgers oor 'n verskeidenheid onderwerpe. 'n Spesifieke fokusgebied van die verbruikersopvoedingseenheid is die aanbieding van intervensies rakende basiese finansiële geletterdheid aan burgers met 'n behoefte. Basiese finansiële geletterdheid, of die gebrek daaraan, word lank reeds erken as 'n groot probleem in arm huishoudings en gemeenskappe. Dit is nie net weens die algemene laer vlakke van toegang tot en minderwaardige standaarde van formele onderwys nie, maar ook weens 'n gebrek aan toegang tot inligting. Dit is veral die geval in Suid-Afrika waar die formele onderwysstelsel nie daarin geslaag het om aanvaarbare geletterdeheidsvlakke te bereik nie. Finansiële geletterdheid onder gemeenskappe is uiters laag. Dit is egter nie net laeinkomstegemeenskappe wat lae vlakke van finansiële geletterdheid in Suid-Afrika toon nie. Op 'n tydstip in die lewe is skuld onvermydelik. Maar wat egter problematies is, is wanneer skuld tot oorverskuldiging lei. Oorverskuldiging het 'n ekonomiese en sosiopsigologiese uitwerking op individue. Vanuit 'n ekonomiese perspektief ervaar verbruikers met te veel skuld dikwels likiditeitsbeperkings omdat hulle nie lenings teen toekomstige inkomste kan aangaan nie, wat dit al hoe meer uitdagend maak om in hul finansiële behoeftes te voorsien. Dit verhoed dus 'n groot aantal burgers om doeltreffend aan die ekonomie deel te neem en dit beïnvloed groei ook negatief. Wat die sosiopsigologiese aspek betref, loop individue met skuldverpligtinge wat nie nagekom is nie 'n groter risiko vir depressie en is hulle meer geneig om slagoffers te word van ander maatskaplike euwels (bv. alkoholisme, dwelmverslawing, ens.) as diegene sonder finansiële probleme. Onvereffende finansiële verpligtinge word ook geassosieer met patrone van swak gesondheid, insluitende fisiese siekte. Oorverskuldiging is dus 'n bekommernis vir die Provinsie aangesien dit nadelige gevolge kan hê vir die bereiking van sy doelwit van finansiële stabiliteit en algemene ekonomiese ontwikkeling in die Wes-Kaap, benewens die nadelige impak wat dit ook op burgers se welstand het. Daar is dus 'n dringende behoefte dat hierdie uitdaging deur die regering en ander belanghebbendes aangeroer moet word. Gevolglik sal die program dus 'n doelgebonde intervensie aanbied om kwesbare burgers by te staan wat hierdie diensaanbieding benodig. Die uitsetteiken oor die MTBR is dat die program 1 000 intervensies uitvoer om 30 000 burgers te bereik. Ten opsigte van die uitkomstes van die intervensie word daar verwag dat 40% van die burgers wat aan hierdie volgehoue veldtog deelneem 'n positiewe verandering in hul finansiële gedrag sal realiseer. Die intervensies wat uitgevoer sal word, sal ook oor die hele Wes-Kaap aangebied word en sal hoofsaaklik fokus op persone met minder kennis van basiese finansiële geletterdheid. Vanuit 'n ruimtelike perspektief word beoog dat alle streke in die provinsie deur hierdie intervensie bereik sal word en dat 'n dwarsdeursnee van Wes-Kaapse inwoners daarby sal baat.

### Klagtebestuur

Die KVB het 'n wetlike mandaat ingevolge provinsiale en nasionale wetgewing om 'n verbruikersbestuursdiens aan die burgers van die Wes-Kaap te verskaf. Een van die sleutelprioriteite van die KVB is om verbruikers in die Wes-Kaap van 'n toeganklike, burgergesentreerde en gebruikersvriendelike geskilbeslegtingsdiens vir verbruikers te voorsien. Dit het ten doel om te verseker dat verbruikers doeltreffend beskerm word teen moontlike skadelike sakepraktyke. Ingevolge toepaslike wetgewing en die operasionele praktyk van die KVB word alle verbruikersgeskille eers deur alternatiewe geskilbeslegting binne die subprogram gekanaliseer, dit wil sê, bemiddeling en/of onderhandeling. Suid-Afrika het sedert 1994 talle wette aangeneem, insluitende die Wet op



Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008), wat alternatiewe geskilbeslegting (AGB-bemiddeling) voor formele beregting daarstel. Ervaring het bewys dat alternatiewe geskilbeslegtingsmeganismes buite die hof 'n doeltreffende en goedkoop metode vir verbruikersgeskilbeslegting is, veral in kleiner sake. Geregshowe slaag dikwels nie daarin om die gewenste resultate te lewer nie weens lang verrigtinge, hoë koste, geformaliseerde prosedures, ens. Die KVB sal innoverend binne sy wetgewende omgewing te werk gaan om burgergesentreerde dienste te lewer sonder om deur nakoming teruggehou te word. Die eerste vlak van diens (AGB) is via 'n tolvrye nommer beskikbaar wat deur 'n inbelsentrum bestuur word om te verseker dat die diensaanbieding toeganklik, responsief en verantwoordbaar is. Die gebruik van 'n elektroniese klagtebestuurstelsel vir die indiening en bestuur van verbruikersklagtes het die KVB bygestaan om diens van gehalte aan die burgers van die Wes-Kaapse Regering te lewer, ten einde te verseker dat burgers regeringsdienste ervaar wat op hul behoeftes reageer en waarde tot hul lewens toevoeg. Die inbelsentrum, dienste vir alternatiewe geskilbeslegting (AGB) en verwysingsmeganismes is alles daarop gefokus om te verseker dat die doelwitte soos uiteengesit in die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) bereik word. Die inbelsentrumdiens is die begin van die AGB-proses wat deur die interne menslike hulpbronne van die program gevolg word. Die interne hulpbronne word toegegerus met en beman deur toepaslik opgeleide saakadviseurs wat verantwoordelik is om 'n ondersoek na die geskil te doen en daarna die AGB-proses te bestuur met die doel om 'n onderhandelde skikking tussen die partye te fasiliteer. Die inbelsentrumdiens is dus bloot 'n meganisme wat 'n geskikte en doeltreffende toegangspunt verskaf waardeur Wes-Kaapse burgers met die WKR kan skakel oor verbruikersverwante geskille. Soos hierbo genoem, sal die programmatiese werk uiteindelik die saakbestuur- en geskilberegtingsdiens aan burgers van die Wes-Kaap verskaf. Ten opsigte van die aanwysers in verband met hierdie subdirektoraat is die bemiddeling-/onderhandelingsproses daarop gemik om 'n spesifieke persentasie geskille by te lê in vergelyking met die aantal sake wat van burgers ontvang word. Operasioneel beteken hierdie proses dat doelgebonde personeel beskikbaar is om ondersoek te doen na sake namens burgers wat die kantoor vir bystand nader. Hierdie ondersoekproses sluit die insameling en samevatting van alle relevante bewyse, die assessering daarvan en die byeenroeping van skikking-/onderhandelingsbesprekings met alle partye in. Benewens die voormelde sal die eenheid nou ook verantwoordelik wees vir die voorbereiding van gevallelêers in onopgeloste sake vir beslissing deur die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal.

Die werk wat binne hierdie subdirektoraat verrig word, is duidelik met die skep van 'n bemagtigende besigheidsomgewing belyd wat gekenmerk word deur effektiwiteit, doeltreffendheid en koste-effektiwiteit vir burgers sowel as besighede. Die verskaffing van dienste vir alternatiewe geskilbeslegting is dus 'n kritieke komponent van die Departement se diensleweringsafdeling wat daarop gemik is om die omgewing betreffende verbruikersgeskille een te maak wat die belange van alle geaffekteerde partye erken.

## Verbruikersopvoedingsdienste

### *Die KVB se algemene verbruikersopvoedingsaktiwiteite*

Die KVB sal voortgaan om sy opvoedkundige programme uit te voer in ooreenstemming met sy statutêre verpligting soos omskryf in beide nasionale en provinsiale wetgewing. Die fokus sal wees op die burgers van die Wes-Kaap met spesiale aandag aan vroue, die jeug, mense met gestremdhede en KMMO's wat binne die vasgestelde drempel val. Die opvoedingsinisiatiewe sal die nege verbruikersregte teiken soos dit in die Wet op Verbruikersbeskerming gekodifiseer is. Hierdie regte is die volgende:

- reg op gelykheid in die verbruikersmark;
- reg op privaatheid;
- reg om te kies;
- reg op openbaarmaking en inligting;
- reg op billike en verantwoordelike bemarking;
- reg op billike en eerlike handeling;
- reg op billike, regverdige en redelike bepalinge en voorwaardes; en
- reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid.

Die doel agter die program se verbruikersopvoedingsprojekte is om die vlak van bewustheid onder Wes-Kaapse burgers oor verbruikersbeskerminingskwessies te verhoog en om ook die voetspoor van die Kantoor van die

Verbruikersbeskermer onder mense oor die provinsie heen te vergroot. Hierdie veldtog sal ook fokus op verskeie bedrogspulle, kubermisdaad en multivlakbemarkingskemas wat die transaksionele mark beduiwel. Dit is hierdie inligtingsessies, werksessies en kommunikasieveldtogte wat die aantal klagtes wat deur die program ontvang word, beïnvloed. Daarbenewens sal die kennis wat deur burgers en KMMO's opgedoen word diegene help om doeltreffend aan die mark deel te neem deur alledaagse verbruikersbekwaamhede en kennis van geskilbeslegtingsopsies te verkry. Hierdie veldtogte sal in samewerking met verskeie belanghebbendes op beide nasionale, plaaslike en provinsiale vlakke uitgevoer word, sowel as deur middel van verskeie platforms en metodes soos aangesig-tot-aangesig-, teater- en fokusgroepbenaderings. Benewens die eksterne vennote word daar in die vooruitsig gestel dat die program gedurende die komende finansiële periode sal saamwerk met verskeie programme in die Departement wat 'n teenwoordigheid in die verskillende ekonomiese sektore het om hulpbronne te benut. Program 2, 6 en 7 bied groot potensiaal vir samewerking in die uitvoering van die kantoor se mandaat en gesamentlike inisiatiewe sal dus aangepak word.

Die KVB sal op medium termyn ook 'n meer gefokusde en volgehoue veldtog ontwikkel wat spesifiek op plaaswerkers, die jeug, vroue, bejaardes en mense met gestremdhede gemik is. Daar is 'n behoefte om hierdie groepe te ondersteun aangesien hulle nasionaal geïdentifiseer is as kwesbare groepe wat maklik uitgebuit kan word. Die KVB sal sy samewerking met verskeie verbruikersorganisasies, regulatoriese liggame en die massamedia voortsit aangesien dit geleenthede bied om meer burgers te bereik. Die burgeruitreikingsveldtogte, insluitende werksessies en inligtingsessies, sal dus spesifiek hierdie geïdentifiseerde gehore teiken.

### Opvoeding oor finansiële geletterdheid

Die postpandemiese periode en die daaropvolgende uitbreek van oorlog in die Oekraïne het ekonomies oor die hele wêreld negatief beïnvloed. Die globale voorsieningskanaal is ontwrig en die plaaslike ekonomie is nie gespaar van hierdie globale uitdagings nie, wat 'n merkbare styging in voedsel- en brandstofpryse meegebring het. Dit het 'n oorspoel-effek op inflasie. Om die gety van inflasie te stuit het die Reserwebank se monetêrebeleidskomitee rentekoerse verhoog. Die opswaai in rentekoerse tesame met inflasionêre druk het daartoe gelei dat burgers hul bates verloor en besighede moet sluit weens stygings in produksiekoste. Buiten die uitdagings wat deur globale kwessies veroorsaak word, het die meedoënlose beurtkrag en hoë misdaadsyfer plaaslike ekonomiese groei ook negatief beïnvloed. Te midde van al hierdie uitdagings is sommige burgers onbewus van sommige van die bystandsmeganismes wat die regering bied om maatskaplike en ekonomiese uitdagings die hoof te bied wat deur die huidige ekonomiese omgewing veroorsaak word. Die Nasionale Kredietwet en die Nasionale Kredietwysigingswet bied van die beste bystandsmeganismes om mense se bates te beskerm indien hul finansiële uitdagings in die gesig staar. Die twee wette maak voorsiening vir die vrywillige oorgawe van goedere, skuldberading, kredietversekering sowel as 'n wetgewende meganisme vir skuldinvordering sonder om inbreuk te maak op mense se verbruikersregte. Dit tesame met verskeie onderwerpe oor finansiële geletterdheid het die potensiaal om die bates van burgers te beskerm asook om hul status as indiensneembaar te behou deur die handhawing van 'n positiewe kredietwaardigheidsverslag en kredietgradering. Negatiewe lysing sowel as insolvensie het die potensiaal om mense se indiensneembaarheid te beïnvloed, aangesien dit geneig is om individue met 'n ongunstige kredietrekord van sekere posisies uit te sluit. Dit moet beklemtoon word dat finansiële geletterdheid toenemend erken word as 'n belangrike lewensvaardigheid vir individue in die meeste ontwikkelde ekonomiese en Suid-Afrika as 'n lid van die OECD het hom by ander lande geskaar om finansiële geletterdheid onder sy burgers te prioriteer. Enige strategie vir ekonomiese groei wat nie die belangrikheid daarvan insien om burgers uit verlamme skuldstrikke te bevry nie, het die potensiaal om te misluk.

Dit moet erken word dat finansiële opvoeding 'n belangrike komplementêre effek op die Groei vir Werk- (G4J)-strategie het. Volgens die Nasionale Kredietreguleerder se Kredietburomonitor vir Maart 2023 het Suid-Afrika 27,07 miljoen kredietaktiewe verbruikers met 90,44 miljoen rekeninge. Die getal met 'n aangetaste kredietrekord het tot 9,82 miljoen toegeneem, terwyl die getal aangetaste rekeninge vanaf 19,09 tot 19,13 miljoen toegeneem het. Die verslag dui verder aan dat 6,8% van verbruikers een of twee paaiemente nie betaal het nie en dat 16,05 miljoen drie of meer paaiemente nie betaal het nie. Verder het 4,6% 'n ongunstige lysing gehad en 0,86% het vonnisse vir skuld of administrasiebevele gehad. Dit sal gevolglik die bereiking van sommige van die doelstellings wat deur die G4J-strategie beoog word, beïnvloed. Volgens die NKR se Verbruikerskredietmarkverslag (CCMR) vir die periode geëindig Maart 2023 het die waarde van krediet wat verleen is met R21,84 biljoen (13,04%) afgeneem

in vergelyking met die vorige kwartaal vir dieselfde periode. Die getal kredietaansoeke wat afgekeur is, het vir dieselfde periode vanaf 68,73% tot 70,07% gestyg. Hierdie syfers toon 'n behoefte aan 'n aggressiewe benadering om hierdie toestande teen te werk voordat dit die doelwit van ekonomiese groei en die skep van volhoubare werksgeleenthede negeer.

Die beoogde programme oor finansiële geletterdheid sal help om hierdie uitdagings die hoof te bied en mense help bevry van die negatiewe lysings wat hulle ervaar om te verseker dat hulle ten volle aan die ekonomie deelneem. Die intervensies sal deur middel van verskeie meganismes, soos werksessies, inligtingsessies, uitreikingsveldtogte, teater, algemene kommunikasie via die media en fokusgroepstudies, aangebied word. Hierdie intervensies sal deur middel van verskeie vennootskappe met verskillende belanghebbendes, soos die Nasionale Kredietreguleerder (NKR), die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA), NRO's, gemeenskappe, besighede en verskeie regeringsdepartemente, geïmplementeer word. Die intervensies vir finansiële geletterdheid sal belangrike onderwerpe oor finansiële geletterdheid aanroer soos die belangrikheid van 'n begroting, die hantering van skuld en krediet, wat rente is en hoe dit werk, oorverskuldigheid en die gevare daarvan en hoe om hulp te kry indien nodig. Die intervensies sal burgers ook in staat stel om bewus te wees van die onwettige praktyke wat sekere finansiële diensverskaffers en skuldinvorderingsagentskappe gebruik om skuld te verhaal. Die beplande intervensies sal dus daarop fokus om 'n ingeligte burgers te skep wat in staat sal wees om die uitdagings wat hulle in die gesig staar weens die uitdagende ekonomiese toestande te bestuur.

## Opvoeding oor finansiële geletterdheid vir ons burgers

Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer (KVB) implementeer verskeie projekte vir verbruikersopvoeding en -bewusmaking oral in die provinsie om oor verskillende onderwerpe rakende verbruikersregte bewustheid te skep. Die KVB het gedurende die 2023/24-boekjaar bedryfstheater benut as 'n meganisme om sy projek oor finansiële geletterdheid vir burgers aan te bied, spesifiek in die Wynland-distriksmunisipaliteit. Tiervlei Arts het opdrag gekry om 'n teaterproduksie wat op finansiële veerkragtigheid fokus en verskeie onderwerpe oor finansiële geletterdheid dek, te konseptualiseer, te vervaardig en aan te bied. Die teatervertonings is in verskeie dorpe binne die Wynland-distriksmunisipaliteit aangebied, insluitende Ceres, Wolseley, Tulbagh, Worcester, Bonnievale en De Doorns. Die projek is ook by vyf plase en vyf skole binne die munisipale gebied aangebied.

Die teaterproduksie is goed deur gehore ontvang en versoeke is ontvang om dit by meer plekke aan te bied sodat meer mense daarby kan baat. Die projek het 1 500 burgers bereik.

Finansiële geletterdheid bly 'n uitdaging in die land en die KVB sal voortgaan om projekte te implementeer wat daarop gemik is om meer bewustheid oor hierdie onderwerp te skep.



## Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal

Soos voorheen genoem, is die eerste fase in die klagtebestuurproses dié van alternatiewe geskilbeslegting. Indien sake egter onopgelos bly tussen strydende partye, is daar 'n vereiste dat sekere geïdentifiseerde onopgeloste sake formeel deur die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal beslis moet word. Die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal is 'n wetgewende struktuur wat gemagtig is om as 'n administratiewe liggaam met besluitnemingsvermoëns op te tree. Kortom; die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal sal namens 'n geaffekteerde verbruiker(s) uitspraak lewer oor sake wat deur die program aangevoer word. Die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal is dus 'n bykomende diensleweringintervensie deur die program wat tot gevolg sal hê dat mense met onopgeloste verbruikersgeskille nou deur die Verbruikersbeskermer in formele regsdinge by die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal verteenwoordig sal word. Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer sal dus sodanige geïdentifiseerde en onopgeloste verbruikersgeskille ondersoek, die vereiste bewyse versamel en saamvat, deskundiges se menings/advies inwin waar nodig en uiteindelik sodanige geskil by die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal vervolg. Hierdie diens sal beide die geaffekteerde persoon en die besigheid van 'n doeltreffende en koste-effektiewe meganisme voorsien waardeur onopgeloste geskille formeel beslis kan word. Die beslissing van die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal kan dan dien as 'n manier waarvolgens 'n geaffekteerde verbruiker geskilbeslegting en finaliteit oor 'n betwiste saak kan verkry via ingryping deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer. Die 2024/25-boekjaar sal die eerste jaar van volle operasionalisering van die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal wees en daar is behoorlik kennis geneem van die prosesse en tydraamwerke wat nodig is vir die beregting van sodanige geskille. Gevolglik is die uitsetteikens vir die 2024/25-boekjaar 30 sake. Daar word verwag dat namate die prosesse en prosedures van die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal in die komende jare verbeter die uitsetteikens dienoreenkomstig sal toeneem.

## Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die program is uit die aard van die saak 'n kliëntgerigte diensleweringafdeling van die Departement. Al die diensaanbiedinge van die program fokus op mense as die primêre begunstigdes van die diensaanbiedinge. Daar moet kennis geneem word dat alle dienste gratis is en ontwerp is om aan die een kant mense met verbruikersgeskille by te staan, maar dan ook belangrike en waardevolle inligting oor verskeie belangrike verbruikersonderwerpe aan mense te verskaf. Dit is egter nie net gewone mense wat uit die dienste van die program voordeel trek nie. Ander groepe begunstigdes word ook bereik deur middel van die verskillende dienste wat deur die program verskaf word. In hierdie verband is besigheid ook 'n begunstigde aangesien die program inligting oor verbruikersbeskermingsaangeleenthede aan besighede verskaf. Daar kan dus gesê word dat die program 'n burgergesentreerde afdeling van die Departement is met raakpunte oor die spektrum van Wes-Kaapse burgers en besighede heen.

Die program, as 'n burgergesentreerde afdeling van die Departement, het ook die behoefte aan spesifieke en geteikende veldtogte vir geïdentifiseerde prioriteitsgroepe geïdentifiseer. Gevolglik is programme binne die subdirekoraat vir verbruikersopvoeding vir spesifieke implementering ten opsigte van hierdie geïdentifiseerde prioriteitsgroepe ontwerp, wat vroue, die jeug, mense met gestremdhede en bejaardes insluit.

### 8.2.3 Subprogram 4.1: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike	Verbruikersopvoedingsintervensies aangebied	4.1 Getal verbruikersopvoedingintervensies aangebied	329	292	215	300			

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
sakepraktyke en ingeligte verbruikers	Mense deur algemene verbruikersopvoedingsintervensies bereik	4.1.1 Getal mense deur algemene verbruikersopvoedingsintervensies bereik					1 000	2 000	3 000
	Mense deur intervensies oor basiese finansiële geletterdheid bereik	4.1.2 Getal mense deur intervensies oor basiese finansiële geletterdheid bereik					2 500	3 000	4 000
Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers	Verbruikersklagtes opgelos	4.2 Persentasie verbruikersklagtes opgelos (getal klagtes opgelos/getal klagtes ontvang)	87%	93% (1 250/ 1 342)	94%	80%	85%	85%	90%
	Verbruikersaktribunaal gestig	4.3 Stigting van die Verbruikersaktribunaal			(Tribunaal nie gestig nie)				
	Operasionalisering van die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal	4.4 Getal sake by die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal vir oorweging ingedien				5	30	100	200

#### 8.2.4 Subprogram 4.1: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.1.1 Getal mense deur algemene verbruikersopvoedingsintervensies bereik	1 000	500		500	
4.1.2 Getal mense deur intervensies oor basiese finansiële geletterdheid bereik	2 500		1 000		1 500
4.2 Persentasie verbruikersklagtes opgelos (getal klagtes opgelos/getal klagtes ontvang)	85%				85%
4.4 Getal sake by die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal vir oorweging ingedien	30				30

## 8.2.5 Subprogram 4.1: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
<p>Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers</p>	<p>Verbruikersopvoedingprogramme: Die onvermoë om effektiewe en volgehoue verbruikersopvoedingprogramme oral in die provinsie te implementeer weens onvoldoende hulpbronne (menslik, infrastruktuur en finansieel) wat lei tot 'n afname in bewustheidsvlakke betreffende verbruikersregte en 'n versuim om dienstandaarde te behaal.</p>	<p>Versterking van strategiese skakels met verskeie belanghebbendes en vennote binne die verbruikersbeskermingsomgewing.</p> <p>Benutting van verskillende mediabronne, bv. radio, gedrukte media, werksessies, inligtingsessies, openbare skakelings, sosialemediaplatforms, ens., om inligting te versprei.</p>
<p>Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers</p>	<p>'n Versuim om sake op te los weens die inkonsekwente interpretering van bepalings in nasionale en provinsiale verbruikersbeskermingswetgewing wat 'n impak het op die verbruiker se reg om effektiewe geskilbeslegting vir klagtes te verkry en wat dienslewering deur die provinsiale kantoor belemmer.</p> <p>Die onvermoë om verbruikersklagtes by die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal in te dien weens 'n gebrek aan geskikte sake met meriete.</p>	<p>Stigting van 'n staande advieskomitee oor die Wet op Verbruikersbeskerming deur die Nasionale Kommissaris.</p> <p>Kwartaallikse gevallebestuurvergadering tussen provinsies.</p> <p>Gereelde verslagdoening aan die Nasionale Verbruikerskommissie oor prestasieverwante aangeleenthede.</p> <p>Stigting van 'n provinsiale verbruikertribunaal wat beregting vir onopgeloste klagtes sal verskaf.</p> <p>Die implementering van 'n saaksiftingsmeganisme wat onopgeloste sake met meriete proaktief sal identifiseer vir oorweging deur die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal.</p>

## 8.3 Programhulpbronoorwegings

### Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 4 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%-verandering vanaf hersiene beraming	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
Verbruikersbeskerming	7 248	9 545	10 431	11 667	12 375	12 375	11 837	4,35	12 570	13 696
Totale betalings en beramings	7 248	9 545	10 431	11 667	12 375	12 375	11 837	4,35	12 570	13 696

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die program is 'n afdeling met 'n wetgewende mandaat en die primêre funksie om verbruikersbeskermingsdienste aan burgers en besighede in die Wes-Kaap te lewer. Die Eenheid vir Alternatiewe Geskilbeslegting verskaf 'n tolvrye kontaksentrum waardeur burgers geskille kan indien en terugvoer kan kry. Die begrotingstoewysing vir die Eenheid vir Alternatiewe Geskilbeslegting is R650 000. Die statutêre beregtingsrol sal vervul word deur die Wes-Kaapse Verbruikersaktribunaal wat geoperasionaliseer sal word. Hierdie inisiatief sal 'n aandeel daaraan hê om dit te vergemaklik om sake in die Wes-Kaap te doen. 'n Begroting van R200 000 is vir hierdie projek bewillig. Benewens bogenoemde sal die program voortgaan om sy programme vir verbruikersopvoeding en basiese finansiële geletterdheid oral in die provinsie te implementeer. Die program skakel met Wes-Kaapse burgers oor belangrike onderwerpe rakende die bewustheid van verbruikersregte sowel as basiese finansiële geletterdheid. 'n Begroting van R700 000 is vir die program bewillig vir die implementering van projekte oor verbruikersopvoeding en basiese finansiële geletterdheid.

## 9. Program 5: Ekonomiese Beplanning

### 9.1 Doel

- Om ondersteuning aan die provinsiale leierskap te verskaf en ekonomiese groei moontlik te maak deur die generering en koördinerende van ekonomiese navorsing en beplanning, en deur die aktiewe ondersteuning van belangrike ekonomiese tematiese drywers en instaatstellers wat ekonomiese groei binne die hele ekonomie en binne sektore van die ekonomie sal stimuleer.

#### 9.1.1 Belyning met nasionale en provinsiale strategieë

##### Belyning met nasionale strategieë

Program 5, bestaande uit 'n aantal transversale instaatstellers en versnellers, hou spesifiek verband met Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit 9, wat verwys na die bou van veerkragtige infrastruktuur, die bevordering van inklusiewe en volhoubare industrialisering en die bevordering van innovasie. Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit 8 verwys ook na die bevordering van volgehoue, inklusiewe en volhoubare ekonomiese groei, volle en produktiewe indiensneming

en waardige werk vir almal. Hierdie twee doelwitte is nou belyn aangesien daar sterk afhanklikhede is soos dit in die VOD verwoord word en 'n reeks belangrike VOD-fokusgebiede word deur Program 5 onderneem.

Binne die raamwerk van die VOD's is Program 5 belyn met, en ondersteun dit, 'n reeks belangrike nasionale strategieë, beleide en planne. Met betrekking tot ekonomiese infrastruktuur beklemtoon die Nasionale Ontwikkelingsplan, binne die tema van die ekonomie en indiensneming, die behoefte aan infrastruktuurinvestering om die koste van sake doen te verlaag. Die NOP word verder aangevul deur die Wet op Infrastruktuurontwikkeling, 2014 (Wet 23 van 2014), wat gepromulgeer is om die fasilitering en koördinerende van investering in openbare infrastruktuur te versterk, om te verseker dat infrastruktuurontwikkeling geprioritiseer word en om onder meer die ontwikkelingsdoelwitte van die regering deur middel van infrastruktuurontwikkeling te bevorder. Die Nasionale Infrastruktuurplan (NIP) vir 2050 (2022) is daarop gemik om die doelwitte van die NOP te bereik en fokus op vier kritieke netwerksektore wat 'n platform vir ekonomiese groei bied – energie, vragvervoer, water en digitale infrastruktuur. Die dtic, tesame met die NIP, dryf die Spesiale Ekonomiese Sones en die agenda vir ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuur, wat op die benutting van infrastruktuur fokus om die mededingendheid van die ekonomie te verbeter. Program 5 het ten doel om die doelwitte van hierdie nasionale strategieë te ondersteun en te bereik deur die identifisering en ontwikkeling van infrastruktuurgerigte intervensies om belangrike geleenthede vir groei te ondersteun. Die program sal verder aktief aan strukture en inisiatiewe vir infrastruktuurbeplanning deelneem om te verseker dat die behoeftes van besighede en die ekonomie ten opsigte van ruimtelike en infrastruktuurbeplanning en -ontwikkeling in ag geneem word.

Een van die belangrike dryfkragte van die program hou verband met vennootskappe en koördinerende. Die Nasionale Ontwikkelingsplan dui aan dat “only through effective partnerships across society can a virtuous cycle of rising confidence, rising investment, higher employment, rising productivity and incomes be generated”. In die hersiening van die Nasionale Ontwikkelingsplan is die gebrek aan vordering met die NOP-doelwitte egter toegeskryf aan die “failure to implement policies and the absence of broad partnerships” sowel as “the lack of trust between government, business and labour”.<sup>20</sup> Die program, tesame met ander eenhede binne die Departement, beoog om hierdie imperatiewe aan te roep deur vennootskappe in die streeks-, nasionale en internasionale ekonomie te bevorder en te ondersteun.

Die digitale ekonomie, breëband en innovasie, veral vir besighede en groei, word in die Nasionale Ontwikkelingsplan beklemtoon, wat aandui dat “a substantial research and development sector, with support for the commercialisation of innovation, is essential.”<sup>21</sup> Die NOP dui ook op die uitdaging vir groei ten opsigte van die digitale kloof wat op die bevordering van hoëtegnologievaardighede moet fokus. Die program beoog om die doelwitte van die NOP te verwezenlik deur die versterking van navorsing- en ontwikkelingsondersteuning vir produkontwikkeling, -innovasie en -kommersialisering, asook die versterking van die “wider system of innovation that links universities, science council and other research and development role players with priority areas of the economy”.<sup>22</sup> Die NDP het meer as 10 jaar gelede reeds erken dat “The use of digital communications has changed society in ways that are not yet fully understood”. Die laaste dekade, veral die afgelope drie jaar, het trouens getoon hoe dramaties hierdie veranderinge was en dat die intensiteit van verandering besig is om toe te neem. Die ongelooflike spoed waarmee kunsmatige intelligensie, veral groot generatiewe KI-taalmodelle soos ChatGPT, byvoorbeeld die onlangse diskoers oorheers het en innovasie en ontwrigting in die sakektor tot gevolg gaan hê, kan nie geïgnoreer word nie. Vir hierdie doel sal die program op die ontwikkeling en versterking van die nodige vennootskappe fokus om tegnologiese innovasie te versnel en die beperkings wat die private sektor ervaar die hoof te bied.

Die groen-ekonomie word as uiters belangrik beskou in die Nasionale Ontwikkelingsplan, wat daarop dui dat “shifting to a green economy is shifting to a more sustainable economic growth and development path”.<sup>23</sup> Die program beoog om 'n aantal NOP-prioriteite (en -uitkomstes) binne die groen-ekonomie as tema in die “Economy and Employment”-tema sowel as die “Equitable transition to a low-carbon economy” te verwezenlik. Die groen-ekonomie sluit ook aan by die topprioriteitsgebied van die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan (Oktober 2020) om die volgende te verseker:



- enigiessekerheid, veral verbetering van die betroubaarheid van lewering, om generering vir eie gebruik moontlik maak, die skeiding en ontbondeling van Eskom en implementering van die IRP om diversifisering van hulpbronne te verseker, en die invoerraamwerk en -argitektuur vir vloeibare aardgas;
- prioriteitsgebiede ten opsigte van infrastruktuur, veral massawaterinfrastruktuur en enigiessektorhervormings;
- prioriteitsgebiede ten opsigte van die groen-ekonomie, veral die toenemende benutting van finansiële meganismes en groenklimatefondse om koolstofvoetspore te verminder en 'n regverdigde oorgang te finansier; en
- prioriteitsgebiede ten opsigte van voedselsekerheid, veral klimaatsveranderingaanpassings in die landbou- en agriverwerkingsektor.

Die bevordering van die benaderings tot die verbetering van energie- en waterveerkragtigheid in die Wes-Kaap sal die Provinsie se bydrae tot die nasionale agenda verseker. Die belangrike strategiese intervensies wat in die program onderneem sal word om die uitdagings rakende hulpbronneveerkragtigheid die hoof te bied wat in die Nasionale Planne beklemtoon word, sluit die volgende in: (a) strategiese en belanghebbekoördinerings om die besigheid- en belanghebberekosisteme te versterk; (b) direkte ondersteuning aan besighede en munisipaliteite; (c) ontsluiting van sistemiese struikelblokke; en (d) kennisbestuur en kommunikasie.

### Belyning met provinsiale strategieë en die Departement se mandaat

Die G4J-strategie is 'n topprioriteit van die Wes-Kaapse Regering. Van die sewe prioriteitsfokusgebiede (PFG) word drie deur die program gedryf en/of ondersteun, naamlik (1) tegnologie en innovasie, (2) infrastruktuur en die gekoppelde ekonomie, (3) energie en, sover dit besigheidsmededingendheid betref, (4) water. Die program sal leiding bied en lewering verseker rakende die sleutelintervensies ten einde die ambisieuse doelwitte te bereik wat in die strategie uiteengesit is, en waar implementering by ander departemente binne die Ekonomiese Kluster berus, sal die program daardie departemente soos nodig ondersteun en verseker dat voorsiening gemaak word vir die behoeftes van besighede.

Alhoewel infrastruktuur en die gekoppelde ekonomie as prioriteitsfokusgebied deur die WK se Departement van Infrastruktuur bestuur word, is daar 'n aantal intervensies wat deur die program bestuur of ondersteun sal word. Die program sal verseker dat infrastruktuurontwikkeling (a) reageer op geleenthede vir besigheid en groei en verbeterde mededingendheid kan fasiliteer, (b) waar die Departement belangrike geleenthede vir groei geïdentifiseer het wat deur infrastruktuurinstaatstelling gekataliseer of versnel kan word of (c) waar beperkings wat deur besighede ervaar word deur middel van infrastruktuur te bowe gekom kan word.

Die doel van tegnologie en innovasie as prioriteitsfokusgebied is vir die Wes-Kaap om Afrika se hoofstad vir tegnologie, begin- en waagkapitaal, en ontwerp en innovasie te wees. Dit sal bereik word deur sterk tegnologiegefokusde ekosisteme en sentrums van uitnemendheid, sowel as deur middel van 'n ondersteunende instaatstellingsomgewing. Die program staan aan die stuur daarvan om lewering te verseker rakende tegnologie en innovasie as prioriteitsfokusgebied, en sal op medium en langer termyn poog om die ambisieuse PFG-doelwit te verwesenlik deur (a) die gemak van sake doen te versterk en ekosisteme van tegnologie en innovasie te bevorder; (b) die Wes-Kaap as 'n waagkapitaalsentrum te vestig; (c) die groei van en vraag na innovasie en tegnologie te stimuleer; en (d) menslikekapitaalontwikkeling te ondersteun soos dit met tegnologie en innovasie verband hou. Vir die 2024/25-boekjaar sal kritieke boustene as grondslag gevestig word om die vinnige mobilisering van intervensies in latere jare moontlik te maak.

Die prioriteitsfokusgebied van energieveerkragtigheid en die oorgang na netto-nul koolstof en die prioriteitsfokusgebied van watersekerheid en -veerkragtigheid word binne die komponent vir die groen-ekonomie in die program byeengebring. Die G4J-strategie stel dit duidelik dat die energiekrisis die ekonomie se belangrikste bindende beperking is en die program dryf nie net die energieagenda nie – hetsy binne die Departement of deur ander departemente binne die Ekonomiese Kluster – maar verseker ook dat die Provinsie die geleenthede optimaliseer wat laekoolstofenergie bied. Met betrekking tot watersekerheid en -veerkragtigheid as prioriteitsfokusgebied is die program deel van 'n wyer WKR-ekosisteme vir die verwesenliking van die PFG-doelwit om die hoeveelheid water wat vir sekondêre en tersiêre sektore (hoofsaaklik vir nieproduktiewe gebruik) beskikbaar

is, te verdubbel teen 2035 en bestaande toekennings ten opsigte van landbou gestand te doen. Die rol wat die program speel, is dié van die besigheidskoppelvlak. Dit sal koördinerend en die bevordering van intervensies insluit wat 'n direkte impak op maatskappye het.

Ten laaste identifiseer die G4J-strategie, as 'n kernbeginsel, sowel as kritiese intervensies oor alle PFG's heen, die behoefte aan bewysgebaseerde datagedrewe besluitneming en die noodsaaklikheid van versterkte vennootskappe en ekosisteme. Een van die kernfunksies van die program is die generering en koördinerend van navorsing en ekonomiese intelligensie om grondige beleidsformulering moontlik te maak en te rig, asook die koördinerend en versterking van vennootskappe en samewerking.

## 9.2 Subprogram 5.1: Ekonomiese beleid en beplanning

### 9.2.1 Doel

- Om die ontwikkeling van provinsiale ekonomiese beleide en strategieë te ondersteun.

#### 9.2.1.1 Subprogram 5.2: Navorsing en ontwikkeling

#### 9.2.1.2 Doel

- Om ekonomiese navorsing te doen.

Let wel: Die uitsette van subprogram 5.1 en 5.2 sal in die tabel hier onder gekombineer word.

### 9.2.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Ekonomiese intelligensie (IK) ondersteun ekonomiese groei en werkskepping deur strategieondersteuning, navorsing en ekonomiese beplanning. Dit identifiseer markgapings, ekonomiese geleenthede en ruimtelike tendense en is die sleutel tot die bestuur van ekonomiese beleid. 'n Belangrike komponent van ekonomiese IK behels die versameling van data en die versekering dat dit transversaal beskikbaar gestel word vir relevante ekonomiese belanghebbendes. Dit behels ook die interpretasie en ontleding van 'n wye stel data om besluitneming sowel as die werk van beleidmakers te ondersteun.

Die eenheid se rol in ekonomiese intelligensie (IK) is om ekonomiese IK binne die Provinsie te bevorder en te koördineer. Dit sal hoofsaaklik gedoen word deur ekonomiese ontleding, strategiese ondersteuning, inligtingdeling, leierskapforums, inligtinggenerering, koördinerend van transversale data, ekonomiese impakbeoordelings, asook die ondersteuning van die G4J-prioriteitsfokusgebiede.

Die REPP-eenheid sal ekonomiese IK dryf deur middel van inligtinggenerering, -bevordering en -koördinerend. Dit sal egter nie alleen verantwoordelik wees vir die generering van alle ekonomiese intelligensie oor die WKR heen nie. Ekonomiese IK is 'n transversale hefboominstrument omdat navorsingskapasiteit, oor 'n reeks G4J-PFG's, in departemente oral in die WKR sowel as sy entiteite soos Wesgro bestaan. Die DvL se navorsingspan het byvoorbeeld 'n duidelike begrip van die sleuteluitvoere, veral landbou-uitvoere en Wesgro het 'n omvattende begrip van investeringsbevordering. Vir hierdie doel sal die samewerkingshoofboom vir vennootskappe en ekosisteme ontplooi word. Die data en inligting wat deur die subprogram gegeneer of versamel word, sal voorts ook die vertrouebouhefboom steun deur die nodige bewyse en navorsing te verskaf om ingeligte en hopelik positiewe besluitneming moontlik te maak.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Deur ekonomiese leierskap en besluitneming te ondersteun, sal die dienste wat deur die eenheid verskaf word ekonomiese diskoers in die provinsie lei en vorm, wat ekonomiese groei en werkskepping vir burgers sal bevorder. Gegewe die Departement se rol om ekonomiese beleid en beplanning binne die provinsie te lei, sal die eenheid se werk al die burgers van die Wes-Kaap ondersteun deur die ontwikkeling van artefakte vir ekonomiese intelligensie,

wat ontledingsverslae en -aanbiedings, hersiening van beleide, wetgewende hersiening, ekonomiese impakbeoordelings, meningstukke en -artikels, strategiese raamwerke, datakontroleskerms en aktiewe deelname aan geleentede insluit.

### 9.2.3 Subprogram 5.1 en 5.2: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verhoogde randwaarde van investering	Artefakte vir ekonomiese intelligensie ontwikkel	5.1.1 Getal artefakte vir ekonomiese intelligensie ontwikkel	10	5	5	10	10	10	10
Toename in uitvoere	Ekonomiese impakbeoordelings	5.1.2 Getal ekonomiese impakbeoordelings uitgevoer				1			

### 9.2.4 Subprogram 5.1 en 5.2: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.1.1 Getal artefakte vir ekonomiese intelligensie ontwikkel	10				10

## 9.2.5 Subprogram 5.1 en 5.2: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verhoogde randwaarde van investering	WKR-bewysgebaseerde beplanning en implementering vind nie plaas nie weens onvoldoende hulpbronne, data en analitiese stelsels, wat lei tot swak beleid en implementering wat hulpbronne vermors en die doelwitte van die bereiking van ekonomiese groei ondermyn.	Verseker die instandhouding van 'n transversale ekonomiese IK-stelsel om bewysgebaseerde beplanning en implementering te ondersteun vir die bevordering van ekonomiese groei.
	Gevalle van 'n gebrek aan geskikte data vir ekonomiese intelligensieverslae en ekonomiese impakbeoordelings, veral tydens krisistye, ondermyn beleid en reaksies, wat lei tot laer ekonomiese groei.	Benutting van indirekte data om prestasie ten opsigte van 'n beleidsgebied te meet sonder om die hoofmetriek in daardie gebied te meet. Dit kan "breë skattings" verskaf wat op aannames gebaseer is wanneer geen ander data beskikbaar is nie, wat die eenheid se vermoë ondersteun om voldoende antwoorde te verskaf.

## 9.3 Subprogram 5.3: Kennisbestuur

### 9.3.1 Doel

Om die koördinerende van die ekonomiese ekosisteem en ekonomiese voorspraak te fasiliteer.

### Ontwikkeling van die Groei vir Werk-strategie

As leidende koördinerende departement van die WKR se Ekonomiese Kluster, het die DEOT die ontwikkeling van die Groei vir Werk- (G4J)-strategie en sy implementeringsplan van drie jaar bestuur en gefasiliteer. Die DEOT, deur middel van die G4J- strategiese koördinerende-en-uitvoeringskantoor, het interdepartementele verhoudings en samewerking tussen die Ekonomiese Kluster-departemente, susterdepartemente en hul entiteite gefasiliteer en ondersteun om te verseker dat die doelwitte van die G4J-strategie verwesenlik word.

Ten einde horisontale instaatstelling en integrasie van die G4J-strategie en navorsing te verseker, het die DEOT 15 samewerking- en leweringvennootskappe gesmee wat met die implementering van die G4J-strategie bely is. Die DEOT het 114 skakelings met belanghebbendes onderneem as deel van medeontwerp en bewusmaking, en het 'n aantal ekonomiese ekosisteemskakelings aangebied, insluitende 'n suksesvolle mediabekendstelling met die Premier, bekendstellingstoerskakelings met AHI en hul besigheidslede, 'n sakeontbyt met Accelerate Cape Town en Business Western Cape en hul hoëvlak- korporatiewe lede en vennote, asook skakelings met die Kaapse Sakekamer se Netwerk van Netwerke wat uit sektorale liggamme bestaan. Wat mediadekking betref, het die G4J-mediabekendstelling 198 mediastories gegeneer, wat 'n AVE-meting van R5,9 miljoen se dekking gegeneer het en met 'n oorweldigende positiewe sentiment, volgens die ontleding van sosiale media.



### 9.3.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Ekosisteme is medeontwikkelende en dinamiese gemeenskappe van diverse belanghebbendes wat nuwe waarde skep en vaslê deur inligting te deel en saam te werk om geleenthede te verwesenlik en uitdagings te bowe te kom.

Ekosisteme kan kragtige meganismes wees om inligting- en netwerkmarkmislukkings te bowe te kom en om vertroue te bou, sakevertroue te bevorder en mededingendheid te verbeter.

Deur middel van hierdie vennootskapskakels sal die ekonomiese netwerk uitgebrei word, vertroue sal versterk en sakevertroue sal 'n hupstoot kry. Vir hierdie doel sal die subprogram die koördinerende van die verskillende ekonomiese ekosisteme dryf, wat die aantal belanghebbendes sal uitbrei en in staat stel om ekonomiese voorspraakmakers van die Wes-Kaap te word.

Die subprogram sal gedurende die boekjaar bewustheid ten opsigte van die G4J-strategie verhoog en die verskillende intervensies binne die G4J-strategie benut om transversale en spesifieke vennootskappe en samewerking rakende die implementering van die G4J-strategie te bevorder. Die subprogram sal soos en waar van toepassing ook verskeie departemente van die Wes-Kaapse Regering ten opsigte van lewering ondersteun deur die samewerking van verskeie G4J-intervensies en deur inligting oor hierdie belanghebbervenootskappe saam te vat en byeen te bring sodat netwerke geoptimaliseer en gedeel kan word. Die subprogram sal verder ook die ekosisteemplatforms gebruik om voorspraak en steunwerwing vir positiewe verandering te doen, om vertroue onder ekonomiese belanghebbendes te bou en, waar moontlik, om nasionale, privaatsektor- en ander hulpbronne te benut.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Samewerking en vennootskappe behels nie net die private sektor nie, maar ook die akademiese wêreld, ander regeringsfere en die burgerlike samelewing. Samewerking maak gebruik van kollektiewe insigte en benut gesamentlike hulpbronne, wat die sukses en volhoubaarheid van intervensies verhoog. Nie alle intervensies leen hulle egter daartoe om burgers (vroue, die jeug, mense met gestremdhede en bejaardes) direk by die ontwerp, beplanning en uitvoering of selfs direk as begunstigdes te betrek nie. Die subprogram sal nietemin, waar moontlik, uitdruklik kennis neem van die vooropstelling van menseregte en verseker dat, waar moontlik, die provinsie se geprioritiseerde kwesbares voordeel trek uit sy werksaamhede en projekte.

### 9.3.3 Subprogram 5.3: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verhoogde randwaarde van investering	Samewerkingsooreenkomste ten opsigte van Groei vir Werk-prioriteite ondersteun	5.2.1 Getal samewerkingsooreenkomste ten opsigte van Groei vir Werk-prioriteite ondersteun	25	15	15	15	8	8	8
	Ekonomiese ekosisteemskakelings uitgevoer	5.2.2 Getal ekonomiese ekosisteemskakelings uitgevoer				2			

### 9.3.4 Subprogram 5.3: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens	K1	K2	K3	K4
5.2.1 Getal samewerkingsooreenkomste ten opsigte van Groei vir Werk-prioriteite ondersteun	8				8

### 9.3.5 Subprogram 5.3: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verhoogde randwaarde van investering	Sommige vennote is nie in staat nie/is huiwerig om hul tot planne en implementeringsinisiatiewe te verbind weens verskeie faktore, insluitende finansiële beperkings en 'n gebrek aan inligting, wat die uitsette en uitkomstteikens van die verskillende programme kan vertraag.	Sterk verhoudings via vertroude en gevestigde kommunikasieplatforms sal help om die moontlike impak van eksterne faktore teen te werk, aangesien dit hoë vlakke van vertroue en soliede inligtingsvloei verseker en die negatiewe sentiment demp wat teengewerk word deur bewyse van sukses, gedeelde waarde en/of impakgeskikte kontekstualisering.

## Subprogram: 5.4: Monitering en evaluering

Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitering en evaluering sal by Subprogram 5.2: Navorsing en ontwikkeling geïnkorporeer word.

## 9.4 Subprogram 5.5: Instaatstelling van infrastruktuur groei en -inisiatiewe

### 9.4.1 Doel

- Om 'n ekonomiese instaatstellingsomgewing deur middel van katalitiese intervensies en infrastruktuur te ontwikkel en/of te stimuleer.

### 9.4.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Mededingende stede en streke oor die wêreld heen erken die belangrikheid van infrastruktuurontwikkeling en -vernuwing, waarvan die implementering 'n komplekse stel maatskaplike, ekonomiese, beplanning-, konstruksie- en bestuursaktiwiteite vereis. Die waarde van grootskaalse infrastruktuurprojekte word nie net gedefinieer deur die infrastruktuur/eiendom wat ontwikkel word nie, maar hoe dit groei en ontwikkeling in en oor nywerhede en sektore heen beïnvloed en kataliseer, sowel as in die ruimtelike konteks daarvan.

Die Groei vir Werk- (G4J)-strategie beklemtoon ook die rol van toepaslike infrastruktuur in die streek as die voorkeurinvesteringbestemming vir plaaslike en internasionale beleggers rakende 'n reeks geleenthede vir groei. Infrastruktuur, soos wat in die Spesiale Ekonomiese Sones voorsien word, skep 'n instaatstellingsomgewing en sterk ekosisteemnetwerke. Die G4J-strategie erken ook die rol wat die private sektor in infrastruktuurontwikkeling in SES'e moet speel om ekonomiese groei te help bevorder.

Freeport Saldanha en die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone dek twee prioriteitsfokusgebiede: investering en infrastruktuur. Freeport Saldanha en die ASES word as deel van 'n nasionale nywerheidsbeleidsprogram geïmplementeer, wat poog om deur die ontwikkeling van mededingende en wêreldklas-SES'e in Suid-Afrika 'n

beduidende impak te hê op 'n volhoubare vermindering in armoede en ongelykheid, sowel as verhoogde inklusiwiteit in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Ondanks die uitdagings wat ervaar is weens veranderinge in die markte wat die twee SES'e dien, is beide inisiatiewe op die punt om aansienlike investering in sleutelsektore te ontsluit. Die Wes-Kaap (tesame met die Noord-Kaap) het 'n belangrike fokuspunt vir investering in groenwaterstof geword. Saldanha is deur 'n aantal internasionale studies as 'n uitstekende globale bestemming geïdentifiseer, wat versterk word deur die teenwoordigheid van Freeport Saldanha, en die WKR het sy voorneme aangedui om die groenwaterstofekonomie vir die Provinsie te ontgin deur 'n standpuntgeskrif oor groenwaterstof te publiseer, deur 'n hoofde van ooreenkoms met die Noord-Kaap te sluit, en deur die ondertekening van 'n memorandum van verstandhouding met die Noord-Kaap en die Oos-Kaap. Potensiële beleggers in grootskaalse groenwaterstofprojekte het die investeringspyplyn van Freeport Saldanha laat toeneem en groot industriële beleggers (plaaslik en internasionaal) het begin met werk aan megaprojekte in die area vir die produksie van hernubare energie en groenwaterstof. Die vordering wat die ASES met infrastruktuurgereedheid gemaak het, beteken terselfdertyd dat dit gereed is om beleggers te lok wat deur die toename in hernubare-energie-technologie na die streek aangelok word.

Die DEOT ondersteun hierdie programme deur:

- koördinerende van samewerking en vennootskappe met ander departemente in al drie regeringsfere rakende die lewering van projekte;
- fasilitering van befondsing van die provinsiale regering vir projekte, asook die fasilitering van toegang tot ander bronne van befondsing;
- toesighouding oor die implementering van openbare entiteite;
- generering van ekonomiese intelligensie deur skakeling met belanghebbendes en ontleding om geleenthede te help identifiseer en die sukses van inisiatiewe te rig;
- voorspraak en steunwerwing, waar toepaslik, vir die inisiëring, implementering en bedryf van katalitiese projekte;
- generering van of kommentaar op die nodige regulasies en wetgewing, waar toepaslik; en
- insette oor stedelike en landelike ruimtelike beplanning by te dra en te verskaf, soos dit verband hou met ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuur, om te verseker dat beplanning geprojekteerde en ekonomiese groei op sistemiese en beleidsvlak akkommodeer.

### Freeport Saldanha

Die DEOT sit sy toesighoudende rol oor Freeport Saldanha voort, insluitende raadgewing oor die beleidsrigting (veral G4J) en die verskaffing van ondersteuning rakende projekgebiede en belanghebbekoppelvlakke. Die dtic se beleidsverskuiwing in die Konsepstrategie vir Ruimtelike Nywerheidsontwikkeling het 'n belangrike gebied van die koppelvlak met die nasionale regering gevorm, sowel as van die prioriteitskoppelvlak met die adjunkministers wat onderskeidelik vir die Weskus-distrik en die SES-program verantwoordelik is.

Freeport Saldanha se strategie fokus steeds op hul twee belangrikste marksegmente, naamlik maritiem en energie. Hierdie markte het sedert die COVID-19-pandemie aansienlik verander en sommige beleggers het aan huurooreenkomste onttrek. Verdragings met sommige prosesse van die nasionale regering (veral die REIPPP-bodronde en Operasie Phakisa se infrastruktuurprojekte) het verder 'n beduidende uitwerking op die entiteit se inkomste gehad. Dit het vereis dat Freeport Saldanha op inkomstegenererende aktiwiteite moes fokus en kostebesparingsmaatreëls moes instel – wat hul bedryfsuitgawes met sowat 20% verminder het. Die entiteit het ook met die mark geskakel om die vereiste kapitaal en befondsing na die sone te lok.

Verdere positiewe ontwikkelings sluit die investeringspyplyn van Freeport Saldanha in, wat steeds sterk vertoon – veral ten opsigte van die groenwaterstofmark. Dit word beklemtoon deur aankondigings van grootskaalse beleggers en samewerkingsooreenkomste met Freeport Saldanha, asook die vordering van spesifieke beleggersprojekte deur hul voorafuitvoerbaarheid- en haalbaarheidsfasies. Die voorafuitvoerbaarheidstudie oor nul-koolstof-bunkerbrandstowwe wat deur die Wêreldbank geborg is, is ook voltooi en is gereed om befondsing vir die haalbaarheidstudiefase te lok. Die infrastruktuurontplooingsprogram is ook voortgesit en SES-befondsingstoekennings is toegepas om bykomende pakhuse vir potensiële beleggers te bou, in reaksie op die behoefte wat deur markopnames aangedui is.



Freeport Saldanha speel ook 'n leidende rol in die gekoördineerde groenwaterstofwerk van die Wes-Kaapse Regering. Die entiteit, tesame met Wesgro, Atlantis SES en die DEOT, het aan 'n reeks studies en bemarkingspogings deelgeneem, wat meestal deur internasionale ontwikkelingsagentskappe en ander vennootorganisasies befonds is. Hierdie studies en direkte projekskakelings met grootskaalse beleggers het daartoe bygedra dat die Saldanha-groenwaterstofsentrum as konsep in die Nasionale Groenwaterstof-kommersialiseringstrategie en ander toonaangewende beleid- en bemarkingspublikasies verskyn het.

## Ontwikkeling van die Freeport Saldanha-investeringspyplyn

Saldanha is 'n globale fokuspunt geword nadat dit in 'n aantal internasionale studies verskyn het en is as een van die vyf prioriteitkussentrums in Suid-Afrika se Groenwaterstof-kommersialiseringstrategie geïdentifiseer. Die private sektor het ook aansienlik vordering gemaak met investering in grootskaalse projekte in Saldanha, soos daar tydens die 2de Suid-Afrikaanse Groenwaterstofberaad in Oktober 2023 aangekondig is. 'n Mylpaalsamewerkingsooreenkoms is by die beraad tussen die drie Kaapprovinsies onderteken om die instelling van 'n groenwaterstofkorridor te bevorder.

Ander ontwikkelings sluit die volgende in: die aankondiging van 'n nuwe belegging van R47 biljoen deur 'n Ierse energiemaatskappy, die voorafuitvoerbaarheidswerk wat deur ArcelorMittal en Sasol oor groenstaal gedoen word en die voorafuitvoerbaarheidstudie oor groenbunkerbrandstowwe wat deur die Wêreldbank befonds en voltooi is.

In reaksie op aanduidings van belangstelling van die mark het Freeport Saldanha die ontwikkeling van sy investeringspyplyn voortgesit en befondsing vir bykomende beleggersfasiliteite bekom. Dit is 'n voortsetting van die sone se infrastruktuurprogram om sy waardeaanbod te verbeter.



logo's

### Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone

Die DEOT is die toesighoudingsentiteit oor die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) vir groentegnologie. Groentegnologie kan gedefinieer word as tegnologie wat bedoel is om die uitwerking van menslike aktiwiteite op die omgewing te versag of om te keer. Hierdie definisie sluit in, maar is nie beperk nie tot, tegnologieë wat verband hou met hernubare energie, energieberging, energiedoeltreffendheid, waterdoeltreffendheid en -bestuur, groener verpakking, herwinning, "groen" chemikalieë, ens. Hulpbrondoeltreffende produsente gebruik prosesse, produkte en dienste om die hulpbrondoeltreffendheid van produksie te verhoog, om besoedeling te verminder en om negatiewe uitwerkings op mense en die omgewing te minimaliseer.

Die DEOT ondersteun die inisiatief deur middel van tegniese insette vanuit 'n WKR-perspektief. Dit skakel ook met die nasionale regering om 'n beleggingsvriendelike beleidsomgewing te bewerkstellig. Ten laaste is die DEOT voortdurend in gesprek met beleggers en ander rolspelers in die bedryf ter ondersteuning van groentegnologievervaardiging en -dienste – wat die fokus van die ASES is. Die ASES is ook belyd met die WKR se Klimaatsverandering-reaksiestrategie: Visie 2050, wat poog om 'n regverdige oorgang na 'n laekoolstof- en klimaatbestande ekonomie moontlik te maak en om die groengroeitrajek te versnel sodat ons nul vrystellings teen 2050 in die provinsie kan bereik.

Die installering van siviele infrastruktuur in die ASES het in die 2023/24-boekjaar begin en is ontwerp om voorsiening te maak vir 'n aantal klein besighede om aan hierdie werk deel te neem. Daarbenewens is daar met die konstruksie van die eerste nuwe fabriek begin en huurders is vir nog 'n fabriek in die ASES bekom.

Die ASES sal voortgaan met die implementering van sy plan om investering te lok vir sy teiken van R3 biljoen oor vyf jaar. Sleutelbeleggings word op die gebied van groen-agriferwerking, bioafbreekbare verpakkingsmateriaal, komponente vir die hernubare-energiesektor en batterytegnologie verwag.

Infrastruktuurontwikkeling wat investering lok, soos die ASES, word as 'n inset tot die Groei vir Werk- (G4J)-strategie erken. In sy doelwitstelling word daar aangedui dat die doel is om die nodige infrastruktuur daar te stel om teen 2035 'n ekonomie van R1 triljoen te ondersteun en moontlik te maak. Die ASES verskaf harde en sagte infrastruktuur as deel van sy horisontale instaatstellingsfunksie. Benewens die geboude infrastruktuur bied die ASES die geleentheid om innovasies in tegnologie te implementeer, terwyl dit terselfdertyd verseker dat jongmense van Atlantis toegang kry tot die regte ontwikkeling- en ondersteuningsprogramme vir tegniese vaardighede, wat beleggers in staat sal stel om van 'n geskoolde arbeidspoel wat werks gereed is gebruik te maak.

## Ondersteuning van groentegnologie

Die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) maak aansienlik vordering met die inisiëring van sy eerste konstruksiefase, naamlik die installering van siviele infrastruktuur vir Sone 1. Die werkpakkette vir siviele infrastruktuur (omheining, grondstabilisering, installering van riool- en ander nutsdienskonneksies en interne padkonstruksie) het deelname deur plaaslike besighede gelok en werkpakkette met 'n kontrakwaarde van meer as R12 miljoen is aan KMMO's toegeken. Die infrastruktuurontwikkelingsfase sal in die 2024/25-boekjaar verder uitbrei met die voltooiing van siviele infrastruktuur vir Sone 1 en die bou van 'n nuwe fabriek vir 'n belegger. Vordering in Sone 1 het beleggersvertroue 'n hupstoot gegee, met die ASES se investeringspyplyn wat tot 18 moontlike projekte binne die SES gegroei het. Die Departement sal voortgaan om insette te lewer oor die ontwikkeling van groentegnologie-infrastruktuur in die ASES, sowel as oor die investeringsgoedkeuringsproses.



### Ontluikende katalitiese intervensies en beleidsrigting met betrekking tot infrastruktuurontwikkeling

Namate die aanvanklike fase van die Groei vir Werk-strategie aan die gang kom, sal die subprogram die verkenning van ontluikende katalitiese intervensies inisieer, wat geleenthede vir groei sal ondersteun of ekonomiese beperkings te bowe sal kom. Voorts, namate infrastruktuur en ruimtelike beplanning in ander departemente of regeringsfere ontwikkel, sal die subprogram insette lewer om te verseker dat strategieë en benaderings die behoeftes en vereistes van die private sektor akkommodeer. Twee spesifieke inisiatiewe waarin die subprogram 'n aktiewe rol sal speel, is die koördinering van regeringsondersteuning vir ontwikkeling by die Biovac Institute en samewerking met die Departement van Infrastruktuur om onderbenutte staatsgrond te identifiseer sowel as bates/geboue wat ekonomiese geleenthede kan ontsluit.

Die Biovac-ontwikkeling bied 'n groot geleentheid vir die Wes-Kaap om sy kapasiteit te versterk vir die vervaardiging van entstowwe vir plaaslike gebruik en vir uitvoer, en die ontwikkelings kan 'n belegging van R2 biljoen oor 10 jaar ontsluit. Die subprogram beoog om gedurende die boekjaar vordering te maak met die uitruiling van eiendom tussen die Provinsie en die Stad Kaapstad, en die Stad en Biovac. Met betrekking tot die identifisering van geleenthede vir groei wat sal baat by toegang tot geskikte en goedgeleë onbenutte (en indien nodig onderbenutte) WKR-grond en -geboue, sal die fokus wees om een of twee geleenthede vir groei te identifiseer wat deur infrastruktuurtoegang versnel kan word en om beskikbare staatsgrond en -geboue by hierdie geleenthede te pas, in ooreenstemming met wetlike voorskrifte.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die SES-program fokus daarop om investering in vervaardiging te lok en in hierdie sin word die eerste direkte impak daarvan ervaar ten opsigte van die werksgeleenthede wat geskep word – in konstruksie sowel as werklike vervaardigingswerksgeleenthede. Volgens die nasionale benadering en internasionale beste praktyk moet Spesiale Ekonomiese Sones egter goeie "burgers" in die gemeenskappe wees waarin hulle geleë is en proaktief stappe doen om die sone in hul onderskeie liggings te integreer, asook vaardigheid- en besigheidsontwikkeling in hul

gemeenskappe aktief onderneem en/of ondersteun. Gegewe die noodsaaklikheid van die vooropstelling van menseregte sal dit 'n spesiale fokus op vroue, mense met gestremdhede en die jeug insluit.

### 9.4.3 Subprogram 5.5: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verhoogde randwaarde van investering	Katalitiese infrastruktuurprojekte ondersteun	5.3 Getal katalitiese infrastruktuurprojekte ondersteun	5	5	3		2	3	4
	Toesigverslae oor Spesiale Ekonomiese Sones saamgestel	5.3.1 Getal toesigverslae oor Spesiale Ekonomiese Sones saamgestel				8	6	6	6
	Logistiekprioriteite vir Kaapstad-hawe gefasiliteer	5.3.2 Getal logistiekprioriteite vir Kaapstad-hawe gefasiliteer *				4			
	Nuwe katalitiese projekte (finansieel en niefinansieel) tydens die beplanningsfase ondersteun	5.3.3 Getal nuwe katalitiese projekte (finansieel en niefinansieel) tydens die beplanningsfase ondersteun				2			

\* Hierdie intervensie het na Program 3 verskuif.

### 9.4.4 Subprogram 5.5: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.3 Getal katalitiese infrastruktuurprojekte gesteun	2				2
5.3.1 Getal toesigverslae oor Spesiale Ekonomiese Sones saamgestel	6		2	2	2

## 9.4.5 Subprogram 5.5: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verhoogde randwaarde van investering	<p>Ekonomiese potensiaal vir werkskepping en BBP-groei word nie verweselik nie weens 'n gebrek aan beleggers in infrastruktuur.</p> <p>Beleggingsklimaat bly konserwatief of verswak weens omstrede nasionale beleidsbesluite.</p>	Koördinerings van insette deur nasionale en internasionale befondsing- en beleidsvennote (bv. die dtic, IDC en internasionale befonders) om huidige katalitiese infrastruktuurinvesteringprojekte te versterk en te bespoedig om nuwe markgeleenthede te ontsluit.
	Indien die ASES nie die nodige befondsing vir grootmaatinfrastruktuur in die hele sone bekom nie, word sy vermoë belemmer om beleggers te lok.	Die ASES moet 'n alternatiewe model vir die befondsing van grootmaatinfrastruktuur implementeer, wat medefinansiering deur die private sektor moontlik sal maak.

## 9.5 Subprogram 5.6: Breëband vir die ekonomie

### 9.5.1 Doel

- Om die gebruik, gereedheid vir en toeganklikheid van digitale tegnologie deur burgers en besighede te ondersteun en te stimuleer.

### 9.5.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Ondersteuning van die digitale ekonomie belyn met die DEOT se verklaarde mandaat deur innovasie, nywerheidsbevordering, ekonomiese groei en werkskepping in die provinsie te bevorder. Hierdie mandaat is op 'n spesifieke manier genuanseer om die besondere behoeftes en geleenthede in die Wes-Kaap die hoof te bied. Die bevordering van die digitale ekonomie kan lei tot verskeie voordele soos verhoogde produktiwiteit, nuwe besighedsgeleenthede en verbeterde toegang tot markte, veral vir KMMO's wat dikwels as die hoeksteen van die ekonomie beskou word.

Tegnologie en innovasie is een van die sewe geïdentifiseerde PFG's (prioriteitsfokusgebiede) van die Groei vir Werk-(G4J)-strategie. Dit is meer omvattend as die tradisionele werk van die Eenheid vir Digitale Ekonomie wat verband hou met hierdie en verskeie ander PFG's, veral investering, uitvoere, energie, infrastruktuur en indiensneembaarheid.

Die DEOT het duidelik gekies om 'n meer eksplisiete en sigbare leierskapsrol in te neem om ekonomiese ontwikkeling in die Wes-Kaap moontlik te maak, en poog om hierdie rol doelgerig te vervul deur 'n gesaghebbende, sameroeper en gerespekteerde professionele deskundige ten opsigte van ekonomiese groei in die Wes-Kaap te word. By uitbreiding geld dit ook vir tegnologie en innovasie as prioriteitsfokusgebied waar die DEOT die aangewese leidende departement is.

Wat die aktiewe bevordering van die digitale ekonomie betref, is die Wes-Kaapse Regering 'n voorloper en vroeë gebruiker. Die Provinsie se breëbandnetwerkbenadering met byna 2 000 terreine gekoppel aan hoëspoedbreëband en meer as 1 600 openbare Wi-Fi-terreine, wat meer as 'n dekade gelede as 'n katalitiese intervensie deur die DEOT geïnisieer is en tans deur die Departement van die Premier bestuur word, is aansienlik voor die ander provinsies. Die Wes-Kaap is stellig die enigste provinsie wat die teikens in die SA Connect-breëbandbeleid (2013) bereik en oorskry het. Die rol van die digitale ekonomie is om te baat by hierdie investering en besighede te posisioneer en hul mededingendheid te verhoog sowel as om die lewensbestaan van burgers te verbeter.

Innovasie is ook doelbewus 'n essensiële deel van die kultuur en waardes van die Wes-Kaapse Regering. Daar is 'n ooglopende begeerte om dit deel van die organisasie se "DNS" te maak. Die erkenning van die tweelingkonsepte van tegnologie en innovasie in die G4J-strategie is 'n duidelike teken vir die mark en burgery dat die Provinsie ernstig daarvoor is om ekonomiese groei anders te benader.

Deur in digitale infrastruktuur te investeer, tegnologiegebruik in alle sektore te bevorder en entrepreneurskap in die tegnologie-sektor aan te moedig, kan die Departement help om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer en die Wes-Kaap as 'n sentrum vir innovasie te posisioneer. Hierdie benadering komplementeer die breër doelwitte van die provinsiale regering en die Grondwet van Suid-Afrika deur by te dra tot volhoubare ontwikkeling, werksgeleentheid en algehele welvaart in die streek.

Tegnologie en innovasie is as 'n prioriteitsfokusgebied (PFG) in die G4J-strategie geïdentifiseer. Die temas wat in die prioriteitsfokusgebied vir tegnologie en innovasie geïdentifiseer is, is om:

- die gemak van sake doen te versterk en ekosisteme van tegnologie en innovasie te bevorder;
- die groei van en vraag na innovasie en tegnologiebeginondernemings en -skaalondernemings te stimuleer;
- menslikekapitaalontwikkeling te ondersteun; en
- die Wes-Kaap as 'n waagkapitaalsentrum vir begin- en skaalondernemings te vestig.

Spesifieke aktiwiteite wat onderneem moet word om bogenoemde te verwesenlik, sluit die vorming van 'n groeikoalisie met begin- en skaalinkubators in sowel as die identifisering van sleutelinisiatiewe om verdere potensiaal te ontsluit. Dit sal aangevul word deur die vorming van 'n groeialiansie met die bestaande waagkapitaalfirmas en die saamstel van 'n plan om die vloeï van waagkapitaalfondsmandate te verhoog om finansiering vir Wes-Kaapse maatskappye te ontsluit. Aktiwiteite sluit skakeling met individuele plaaslike finansiële instellings in met die oog op die verkryging van waagkapitaalmandate om finansiering vir begin- en skaalondernemings te ontsluit, navorsing te doen om internasionale beste praktyke van institusionele finansieringskorporasies se investering in waagkapitaal te bepaal en voorbereiding van 'n voorleggingskyfiepak waar toepaslik.

Ter ondersteuning van innovasie sal die eenheid met belanghebbendes saamwerk om 'n innovasie- en R&D-samewerkingsnetwerk met die akademiese wêreld en die private sektor te vorm. Dit sal ook 'n duidelike begrip ontwikkel van die finansiële aansporings wat vir KMMO's toeganklik is en verseker dat dit gekatalogiseer en doeltreffend gekommunikeer word. Dit sal verseker dat die KMMO's in die Wes-Kaap bewus is van hierdie aansporings en maklike toegang het tot die beste kans op sukses om vir hierdie aansporings aansoek te doen.

Die eenheid sal begin met die beplanning van 'n Innovasie-uitdagingsfonds met die oog daarop om samewerking ten opsigte van R&D en innovasie tussen die private sektor, die regering, die akademiese wêreld en die publiek te stimuleer. Die konneksies tussen die vier lede van die heliks (die akademiese wêreld, die besigheidswêreld, die regering en die samelewing) is tans swak. Gevolglik is R&D-besteding min en swak gefokus, ontwikkelings word nie gekommersialiseer nie en die voordele word nie deur die openbare en private sektor gerealiseer nie. Hierdie werksaamhede fokus daarop om bogenoemde te begryp, die weg vorentoe te bepaal en besteding deur middel van 'n WKR-geborgde uitdagingsfonds te teiken. Die betrekking van ooreenstemmende befondsing sal 'n essensiële deel van die ontwerp wees.

Ten opsigte van die versterking van die gemak van sake doen en die bevordering van ekosisteme van tegnologie en innovasie sal die subprogram vordering maak met die werk om 'n gidshommeltuigsandput/-korridorone in die Wes-Kaap te ontwikkel, wat 'n omgewing sal bied vir die toetsing, navorsing, opleiding en validasie van regulasies en sertifisering. Dit sal voortbou op die beduidende momentum wat reeds ten opsigte hiervan geskep is. Die WKR speel 'n kritieke rol, nie net ten opsigte van steunwerwing vir regulatoriese verandering nie, maar om die kritiese sameroepingsfunksie uit te oefen en die geleentheid aan te dryf, terwyl die diverse rolle wat deur belanghebbendes gespeel word, erken word deur hulle met betrekking tot 'n wedersydse voordelige doelwit te verenig. Die sukses van hierdie inisiatief is afhanklik van hierdie samewerking.

Menslikekapitaalontwikkeling sal ondersteun word deur skakeling met en bevordering van leidende programme in die private en openbare sektor. Dit sal in noue samewerking met Program 7 gedoen word.

Bykomend tot bogenoemde speel die eenheid 'n leidende rol in die koördinerende van tegnologie en innovasie as prioriteitsfokusgebied en die verwante portefeulje van projekte. Dit sluit projekte van binne die DEOT in plus ander van die WKOD, DvdP, DOSOB, DvL en Wesgro.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Daar was baie vooruitgang en innovasies in digitale tegnologieë wat toeganklikheid en bruikbaarheid vir prioriteitsgroepe bevorder. Alhoewel die eenheid dit nie aktief bemark nie, is dit vir die algemene publiek beskikbaar, hetsy as deel van digitale hulpmiddels of as handelsdiensaanbiedinge wat die gebruikerervaring verbeter.

Die eenheid sal ondernemings ondersteun deur met besighede en ander belanghebbendes te vergader vir die ontwikkeling van agendas om die groei van tegnologie en innovasie in die Wes-Kaap te bevorder. Hierdie gefokusde gebiede sal R&D, waagkapitaal en tegnologiese sektorvertikale insluit. Vorige werk op hierdie gebied het aangewese groepe geteiken en dit sal weer in die beplanning vir enige relevante geleenthede met hierdie vertikale in ag geneem word om verteenwoordiging te verseker.

### 9.5.3 Subprogram 5.6: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verhoogde randwaarde van investering	Projekte rakende die digitale ekonomie ondersteun	5.4.1 Getal persone met vaardighede in digitale geletterdheid ondersteun			78				
	Individue met saaistadium-besigheidsvaardighede ondersteun	5.4.2 Getal individue met saaistadium-besigheidsvaardighede ondersteun			(15)	15			
	Besighede betrek by die bevordering van die agenda vir digitale transformasie in die Wes-Kaap	5.4.3 Getal besighede betrek by die bevordering van digitale transformasie in die Wes-Kaap				330			
Toename in uitvoere	Besighede met intervensies vir digitale produktiwiteit bygestaan	5.4.4 Getal besighede met intervensies vir digitale produktiwiteit bygestaan				100			

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verbeterde gemak van sake doen	Regulatoriese hervormings rakende digitale transformasie voorgestel	5.4.5 Getal regulatoriese hervormings rakende digitale transformasie voorgestel				3			
Verhoogde randwaarde van investering	Uitvoerbaarheidstudies oor kredietverbeteringsmeganismes met betrekking tot die Wes-Kaapse tegnologie- en innovasiesektor	5.4.6 Getal uitvoerbaarheidstudies oor kredietverbeteringsmeganismes voltooi				1			
Verbeterde gemak van sake doen	Regulatoriese verbeterings rakende "Tegnologie en Innovasie" ontwikkel	5.4.7 Getal regulatoriese verbeterings rakende "Tegnologie en Innovasie" ingedien					2	2	2
Verbeterde gemak van sake doen	Ekosisteme vir "Tegnologie en Innovasie" met versterkingsinisiatiewe ondersteun	5.4.8 Getal ekosisteme vir "Tegnologie en Innovasie" met versterkingsinisiatiewe ondersteun					4	4	5
	Ekonomiese IK-verslae met 'n fokus op "Tegnologie en Innovasie" geproduseer	5.4.9 Getal ekonomiese IK-verslae met 'n fokus op "Tegnologie en Innovasie" geproduseer					1	1	1



### 9.5.4 Subprogram 5.6: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.7 Getal regulatoriese verbeterings rakende “Tegnologie en Innovasie” ingedien	2				2
5.4.8 Getal ekosisteme vir “Tegnologie en Innovasie” met versterkingsinisiatiewe ondersteun	4				4
5.4.9 Getal ekonomiese IK-verslae met ’n fokus op “Tegnologie en Innovasie” geproduseer	1				1

### Baanbrekersprojek om die hommeltuigtegnologiesektor te bevorder

Die Wes-Kaap werk nou saam met die private sektor rakende ’n baanbrekersprojek om die hommeltuigtegnologiesektor te bevorder. Die inisiatief is daarop gemik om ’n beheerde toetsomgewing en regulatoriese ondersteuning te verskaf en die ontwikkeling van die nuutste hommeltuigoplossings te bevorder, met verwagte uitkomstes wat ekonomiese diversifikasie, tegnologiese vooruitgang en beduidende werkskepping insluit. Die projek sal voordeel trek uit inklusiewe ekonomiese ontwikkeling, die ontwikkeling van stedelike lugmobilititeit en die toetsing van nuwe tegnologieë. Verder poog dit om plaaslike tegnologie te integreer, STEM-vaardigheidsontwikkeling te bevorder en ekonomiese groei in buitestedelike en landelike gebiede te stimuleer, wat geleenthede vir entrepreneurs en ondervertegenwoordigde groepe sal bied. Deur buitelandse direkte investering te lok, beoog die Wes-Kaap om Suid-Afrika as ’n leier in die hommeltuigtegnologiebedryf te positioneer deur ’n samewerkende praktykgemeenskap te benut om die streek aan die voorpunt van hierdie transformerende tegnologie te plaas. Die inisiatief belooft nie net ekonomiese en tegnologiese voordele nie, maar ook ’n lewendige ekosisteem van innovasie en vooruitgang.

Die Departement, tesame met sy medewerkers, sal in die toekoms die ontwikkeling van ’n sakegeval vir die hommeltuig-/UAV-sandput nastrewe, waarvolgens reguleerders, besighede en die akademiese wêreld sal saamwerk rakende die verfyning van die regulatoriese kontroles en bedryfsmodel vir die sandput, wat dit ’n eerste in Suid-Afrika sal maak.



### 9.5.5 Subprogram 5.6: Bygewerkte sleutelrisiko’s en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko’s	Risikoversagtingsmaatreëls
Verhoogde randwaarde van investering	Terreine soos digitale leierskap en bewustheid van voordele en opsies ontbreek, wat daartoe lei dat die digitale transformasie van die Wes-Kaap	Verstaan en ontleed die mark, insluitende streek- en wêreldtendense. Ontwikkel relevante response wat vir die Wes-Kaap aangepas is en investeer toepaslik in terreine soos

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
	<p>onvoldoende is, wat verder 'n onmededingende ekonomie tot gevolg het.</p>	<p>digitale leierskap, opvoeding en kommunikasie, soos gelei deur markbewyse.</p>
	<p>'n Verlies aan momentum rakende die behoud van die posisie as Afrika se tegnologiehoofstad en mededingendheidsverbeterende ekosisteme weens 'n gebrekkige respons deur die DEOT en sy vennote in verband met tegnologie en innovasie as prioriteitsfokusgebied.</p>	<p>In ooreenstemming met die doelwitte en teikens van tegnologie en innovasie as prioriteitsfokusgebied, verskaf die nodige aandag en reageer met gepaardgaande hulpbronne (hoofsaaklik menslikehulpbronskapasiteit plus bemerking en kommunikasie).</p>
<p>Verhoogde randwaarde van investering</p>	<p>Daar is min vertroue by belanghebbendes rakende die Wes-Kaapse Regering se respons ten opsigte van die tegnologie- en innovasiesektore gegewe die deprioritisering die afgelope paar jaar, wat lei tot 'n hoë vlak van twyfel in die hernieude belangstelling.</p>	<p>Die G4J het die belangrikheid van tegnologie en innovasie beklemtoon. Die DEOT moet dit as 'n openbare verklaring van sy verbintenis tot die sektor gebruik. Daarbenewens sal die DEOT se teenwoordigheid en betrokkenheid by skakelings met sleutelbelanghebbendes en hul netwerke ons begeerte herbevestig om op die behoeftes van besighede rakende tegnologie en innovasie te reageer.</p>

## 9.6 Subprogram 5.7: Groen-ekonomie

### 9.6.1 Doel

Om die ontwikkeling van die groen-ekonomie en verwante nywerhede te stimuleer en om verbeterde hulpbronveerkragtigheid te fasiliteer ten einde die mededingendheid en veerkragtigheid van die hele ekonomie te verbeter.

### 9.6.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Energie is die belangrikste bindende beperking in die Wes-Kaapse en nasionale ekonomie. Ten einde die krisis te bowe te kom, word 'n gesamentlike en gekoördineerde poging vanoor die hele Wes-Kaapse Regering vereis om die intervensies en planne te lewer soos dit deur die G4J-strategie uiteengesit word. Dit sal die samevoeging van hulpbronne en kapasiteit vereis, waar die program 'n groot ondersteunende en leierskapsrol sal speel.

Verder sal aansienlike investering in die private en openbare sektor nodig wees om bykomende elektrisiteitsvoorsiening op te wek. Die subprogram sal die geleenthede vir groei voortspruitend uit energieveerkragtigheid en die oorgang na netto-nul koolstof as prioriteitsfokusgebiede moet dryf en aktief optimaliseer. Ter ondersteuning van die doelwit van hierdie PFG om tussen R20 biljoen en R70 biljoen te genereer, sal die program die investering- en werksgeleenthede ondersteun en optimaliseer wat energieveerkragtigheid bied, insluitende die ontwikkeling van groenwaterstof en die aansienlike infrastruktuurinvestering wat dit waarskynlik sal genereer. Groenwaterstof het na vore gekom as die globale alternatiewe, skoner voorkeurenergiebron, veral vir daardie moeilik-om-te-verminder-nywerhede wat gesamentlik vir 32% van globale CO<sub>2</sub>-vrystellings verantwoordelik is. Met sy gevestigde infrastruktuurbasis en hawe beskik die Wes-Kaap oor die nasionale sleutel om die land se vroeëbewegervoordele in die globale groenwaterstof- (GH<sub>2</sub>)-mark te ontsluit. Maar spoed en responsiwiteit is van kritieke belang om die Wes-Kaap se posisionering ten opsigte van die waterstofgeleentheid te verseker en dit sal vir die onmiddellike toekoms die ontwikkeling van die Saldanha GH<sub>2</sub>-sentrum vereis. Die subprogram sal nou saamwerk met ons entiteite en hul onderskeie mandate om groenwaterstof-ekosisteme en -vennootskappe te koördineer en/of te bestuur, insluitende die relevante werkstrome voortspruitend uit die memorandum van verstandhouding met die Noord- en Oos-Kaap, sowel as om die betrokke beleidskwessies te steun wat 'n instaatstellingsomgewing vir beleggers sal skep.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die ruimtelike verspreiding van hernubare energie sal waarskynlik gemeenskappe in die landelike streke buite die metropool bevoordeel. Verder sal die verpligtinge van beleggers wat van voorneme is om die internasionale Regverdige Oorgang-befondsing en die REIPP-botte te benut, verrekenings vereis wat groot voordele vir die betrokke gemeenskappe bied. Die subprogram beoog om leiding te bied aan beleggers in hernubare energie om die geleenthede te maksimaliseer wat die WKR se geïdentifiseerde prioriteitsgroepe kan baat.

### 9.6.3 Subprogram 5.7: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Verbetering van hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie	Besighede met hulpbronveerkragtigheidsverbeterings (energie en water) bygestaan	5.6 Getal besighede met hulpbronveerkragtigheidsverbeterings (energie en water) bygestaan			218				
	Munisipaliteite met hulpbronveerkragtigheidsverbeterings (energie en water) bygestaan	5.7 Getal munisipaliteite met hulpbronveerkragtigheidsverbeterings (energie en water) bygestaan			25				
	Energieveerkragtigheidsprojekte ondersteun	5.8 Getal energieveerkragtigheidsprojekte ondersteun			5	2			
	Waterveerkragtigheidsprojekte ondersteun	5.9 Getal waterveerkragtigheidsprojekte ondersteun							
Verhoogde randwaarde van investering	Groeigeleenthede ten opsigte van energieveerkragtigheid ondersteun	5.10 Getal groeigeleenthede ten opsigte van energieveerkragtigheid ondersteun					1	1	1

### 9.6.4 Subprogram 5.7: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.10 Getal groeigeleenthede ten opsigte van energieveerkragtigheid ondersteun	1				1

## 9.6.5 Subprogram 5.7: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Verbetering van hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie	Die energiekrisis is tot 'n nasionale ramp verklaar met geen onmiddellike grootskaalse verligting in die vooruitsig nie. Die energiekrisis knou die ekonomie en energie is 'n bindende beperking vir toekomstige ekonomiese groei. Ondanks veranderinge in die regulatoriese landskap, sukkel munisipaliteite en die private sektor steeds om nuwe energiegeleenthede te verkry, moontlik te maak en te dryf.	<p>Lei die implementering van gekose energieprojekte soos die volgende: Beplan vir verhoogde investering in die regverdige energieoorgang, bevorder plaaslike produksie en montering van energiestelsels en -komponente en steun die ontwikkeling van die groenwaterstofbedryf.</p> <p>Lei die ontwikkeling van die WK se Investeringsplan vir Regverdige Energieoorgang wat gebruik sal word om die finansiering en befondsing te lok wat vir die implementering van die WK se Energieveerkragtigheidsprogram benodig word.</p> <p>Koördineer ekonomiese belanghebbendes rakende die bestuur van die krisis – verskaf inligting, maak ondersteuning van besighede moontlik en tree op as kanaal tussen die rolspelers in die ekonomiese sektor en die WKR.</p>
Verbetering van hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie	Beleggers in die groen-ekonomie investeer nie weens die voortdurend veranderende en/of beleggersonvriendelike beleid van die nasionale regering en OSB's, wat lei tot minder investering in die groen-ekonomie in die Provinsie.	Voorsien beleggers van die nodige inligting om beleidsverskuiwings te kan navigeer, vertrou in die WK se Energieveerkragtigheidsprogram en neem beleggingsbesluite in die Wes-Kaap op grond van vergelykende koste en ekonomiese impak.

## 9.7 Programhulpbronorwegings

### Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 5 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting 2023/24	Aangesuiwerde begroting 2023/24	Hersiene beraming 2023/24	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%- verandering vanaf hersiene beraming 2023/24	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
Ekonomiese beleid en beplanning	2 752	6 157	8 385	4 572	4 636	4 636	4 871	5,07	4 622	4 877
Navorsing en ontwikkeling	8 706	8 487	7 169	4 947	6 047	6048	11 144	84,26	10 620	10 951
Kennisbestuur			1	1	1		1		1	1

Program 5 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2024/25	%-verandering vanaf hersiene beraming	2025/26	2026/27
	2020/21	2021/22	2022/23							
Monitoring en evaluering										
Instaatstelling van infrastruktuurgroei en -inisiatiewe	81 002	91 181	87 757	58 966	56 832	56 832	64 808	14,03	45 482	47 561
Breëband vir die ekonomie	15 754	9 249	8 486	15 232	11 481	10 975	7 375	(32,80)	7 541	7 966
Groen-ekonomie	21 398	25 076	17 982	33 601	14 991	15 497	10 507	(32,20)	11 064	11 780
Totale betalings en beramings	129 612	140 150	129 780	117 319	93 988	93 988	98 706	5,02	79 330	83 136

## Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die Eenheid vir Nywerheidskoördineringsondersteun Freeport Saldanha deur middel van projek- en bedryfsbefondsing (soos en indien van toepassing). Dit verskaf ook die inligting wat deur die provinsiale hoofbestuur met betrekking tot Freeport Saldanha benodig word, insluitende die ondersteuning van belanghebbende- en beleggersverhoudings, asook die verskaffing van toesighouding oor die Freeport Saldanha-bestuursentiteit. Die projekbefondsing stel die entiteit in staat om die nodige infrastruktuurbeplanning uit te voer om spesifieke investering na die sone te lok.

Die Kaapse Katalisator-eenheid ondersteun die ASES deur middel van bedryfsbefondsing, asook deur die fasilitering van besluite deur die provinsiale hoofbestuur soos vereis deur die ASES, die ondersteuning van belanghebbende verhoudings, die verskaffing van insette op 'n tegniese vlak en die verskaffing van toesighouding oor die ASES-bestuursentiteit. Die bedryfsbefondsing stel die ASES in staat om investering na die groentegologiesektor te lok. Hierdie begroting is verminder vanaf die laaste boekjaar en daar word verwag dat die ASES hul werksaamhede toenemend uit ander bronne as die provinsiale fiskus sal finansier. Die Kaapse Katalisator-span bestaan uit 'n waarnemende direkteur.

## 9.8 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Belyning met DEOT-uitkomste	Sleuteluitsette	Huidige jaarlikse begroting (R duisende)
Freeport Saldanha NOS	Ekonomiese groei en werkskepping	Verhoogde randwaarde van investering	Huurder- en operateurhuurkontrakte geteken	20 000
Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone	Bestuur van Spesiale Ekonomiese Sone vir Groentegnologie	Verhoogde randwaarde van investering	Investering gerealiseer Handelsdienste geïnisieer	39 324

## 10. Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak

### 10.1 Doel

- Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestrategie te fasiliteer wat sal lei tot volgehoue en toenemende groei en werkskepping in die toerismebedryf.

#### 10.1.1 Belyning met nasionale en provinsiale strategieë

##### Belyning met nasionale strategieë

Program 6 is gemoeid met baie van die strategiese imperatiewe wat in die NOP geïdentifiseer is deur voorspraak te maak en steun te werf vir die hervorming van visum- en lugvervoerbeleide, investering in hoëopbrengsvorms van toerisme om besteding te bevorder, die nasporing van lewering en instandhouding van toerismeinfrastruktuur en die faslitering, deur Wesgro, van toegang tot nuwe ontspannings- en besigheidsmarkte.

Beide die NOP en die Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) beklemtoon ook die landelike/toerismeskakeling gegewe die bedryf se unieke vermoë om landelike plekgebaseerde ekonomieë te stimuleer. Program 6 gee gehoor aan die noodsaaklikheid om landelike toerisme te stimuleer deur investering in die streeksprodukaanbieding (buite die Kaapse Metropol) en deur ruimtelike en tematiese skakels oral in die provinsie te versterk deur middel van roeteontwikkeling en streeksbestemmingsbemarking. Program 6 werk ook saam met ander befonders soos die Departement van Toerisme om te verseker dat kapasiteit onder prioriteitsgroepe in landelike gebiede ontwikkel word. Die maritieme toerisme-ekonomie is een so 'n ruimte wat groot groeipotensiaal inhou en wat aktief deur die DEOT ondersteun word.

Die Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS) identifiseer vyf strategiese pilare. In reaksie op Pilaar 3 investeer Program 6 in hoëgroei-, hoëopbrengsvorms van toerisme, insluitende halaal-geleenthede, plesierwaarte, avontuur en kos, asook wyntoerisme. Program 6 implementeer ook 'n bestemmingsbestuursprogram (Pilaar 4) met die klem op toerismeveiligheid, gehalteversekering en toerismeinfrastruktuurbeplanning, -lewering en -instandhouding. Pilare 1 en 2 word deur Wesgro en die Kaapstad Lugtoegang- en Cruise Cape Town-inisiatiewe verwesenlik. Ten opsigte van die skep van geleenthede vir toerismeondernemings is die DEOT bewus van die behoefte om die inklusiwiteit van die bedryf te versterk deur inisiatiewe te ondersteun wat prioriteitsgroepe bevoordeel en sodoende Pilaar 5 bevorder.

Benewens die NTSS, rapporteer die DEOT ook aan die Departement van Toerisme oor aksies wat deur die Provinsie ingestel is om die Toerismesektorherstelplan (2020) ten opsigte van die drie strategiese temas te verwesenlik, naamlik:

- heraansporing van aanvraag;
- verbetering van aanbod; en
- versterking van instaatstellingsvermoë.

### Toerismeveiligheid

Provinsies het 'n mandaat rakende sekere toerismeveiligheidsfunksies kragtens die NTSS en die Nasionale Toerismeveiligheidsstrategie. In reaksie hierop is 'n provinsiale toerismeveiligheidsstrategie in 2019 ontwikkel om die risiko's wat besoekende toeriste aan die Wes-Kaap affekteer die hoof te bied deur vennootskappe met private organisasies te bewerkstellig. Die doelwitte van die Toerismeveiligheidsstrategie is die volgende:

- vermindering van misdaad wat toeriste in die Wes-Kaap raak;
- verbetering in die handelsmerkbeeld van Kaapstad en die Wes-Kaap vanuit 'n veiligheid-/sekuriteit-/misdaadperspektief;
- ontwikkeling van 'n multibelanghebber- en samewerkingsoplossing wat die openbare sektor en private rolspelers byeenbring;
- ontwikkeling van 'n gevoel van vertroue in die rol van die regering om 'n verskil te maak rakende sleutelkwessies wat ons ekonomie en die samelewing raak;
- skep van 'n bestespraktykmodel vir misdaadvermindering wat elders geïmplementeer kan word om misdaad vir alle Suid-Afrikaners te verminder; en
- verbetering in die vlak van gereedheid en paraatheid rakende veiligheid en sekuriteit in die toerismebedryf – besienswaardighede en toerismebesighede (soos toeroperateurs, venues, gidse).

Die program bereik hierdie doelwitte deur:

- verskaffing van befondsing aan die Stad Kaapstad wat dit in staat stel om 'n doelgebonde toerismewetstoepassingseenheid by toerismebrandpunte in Kaapstad se SSB te ontplooi;
- samewerking in vennootskap met openbare en private belanghebbendes;
- verskaffing van 'n toerismeveiligheidsondersteuningsprogram om bewustheid van toerismeveiligheidspraktyke te verhoog en om op toeriste in nood te reageer; en
- kapasiteitsbou vir risikovermindering ten opsigte van die breër bedryf.

Laastens moet daarop gelet word dat die Departement van Toerisme 'n konsepgroenskrif oor toerisme gepubliseer het, sowel as 'n konseptoerismemeesterplan wat die Nasionale Toerismesektorstrategie en die Toerismesektorherstelplan sal vervang sodra dit aanvaar is. Die DEOT sal strategiese en programmatiese belyning verseker sodra hierdie dokumente gefinaliseer en formeel aanvaar is.

### Belyning met provinsiale strategieë en die Departement se mandaat

Die Provinsiale Strategiese Plan identifiseer toerisme as 'n belangrike uitvoersektor vir die Wes-Kaap en het die WKR daartoe verbind om met ander vennote saam te werk om die groei van hierdie arbeidsintensiewe bedryf te verhoog. Die PSP vind dus weerklank in die doelwitte van die NOP en MTSR ten opsigte van die stimulering van uitvoerverdienste deur middel van toerisme. Dit vind ook uitdrukking in die DEOT se vyfjaar- Strategiese Plan (2020-2025).

Op soortgelyke wyse gee die G4J-strategie erkenning aan die behoefte om markgroei deur uitvoere en plaaslike markte te stimuleer. "Tourism is the most obvious service export", erken die dokument. Die uitbreiding van die uitvoer van produkte en dienste (insluitende internasionale toerisme) en toegang tot globale markte is die sleutel om suksesvolle ekonomiese groei vir die Wes-Kaapse ekonomie moontlik te maak.

Toerisme speel dus 'n beduidende rol in die bereiking van een van die prioriteitsfokusgebiede van G4J – suksesvolle groei in uitvoere. Daarbenewens erken G4J dat toerisme die merkwaardige vermoë het om van internasionale en nasionale skokke te herstel. Toerisme in die provinsie het herstel van COVID-19 en het beter as nasionale en selfs internasionale tendense presteer. Toerisme in die Wes-Kaap is veerkragtig.



Die ontwikkeling van die uitvoerpotensiaal van die toerismebedryf vereis egter dat sekere uitdagings te bowe gekom moet word en geleenthede aangegryp moet word. Dit sluit die volgende in:

- verbetering van beperkte lugtoegang wat toerismemarkte affekteer;
- nastrewing van winsgewende groeimarkte op die Afrika-kontinent – bv. medies en opvoedkundige toerisme;
- koördinering en benutting van die aktiwiteite van ander provinsiale departemente om die toerismeuitvoerbasis te versterk;
- ontwikkeling en implementering van uitvoerstrategieë en -planne met insluiting van toerisme;
- versterking van ekonomiese IK ten opsigte van plaaslike toerismemarkte; en
- benutting van die relatiewe krag van die Wes-Kaap se toerismehandelsmerk om die provinsie se algehele handelsmerk en waardeaanbod te versterk.

In reaksie op bogenoemde implementeer Program 6 holistiese bestemmingsbestuur en bemarkingsinisiatiewe. Ambisieuse groeiteikens vir die bedryf is ook aanvaar ten opsigte waarvan die DEOT prestasie sal naspoor, monitor en daarvoor verslag doen.

## 10.2 Subprogram 6.1: Toerismebeplanning

### 10.2.1 Doel

Om die strategiese toerisme-agenda te ontwikkel en te koördineer.

### 10.2.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Program 6 gee gehoor aan PFG 2: Stimulering van markgroeï deur uitvoere en ontwikkeling van plaaslike markte, asook spesifiek die tema: Ontsluiting van 'n bemagtigende en mededingende uitvoeromgewing. Dit word gedoen deur strategieë na te strew wat internasionale en plaaslike aankomste na die provinsie sal verhoog. Die maksimalisering van besoekersaankomste (internasionaal en plaaslik) vereis dat:

- dit maklik en gerieflik vir toeriste is om hier uit te kom; en
- dit maklik en gerieflik vir die toerismebedryf is om in die behoeftes van toeriste te voorsien.

Die DEOT werk saam met alle regeringsfere om die bemagtigende regulatoriese omgewing te verskaf deur dit vir die toerismebedryf makliker te maak om te funksioneer en te floreer. Dit behels die vermindering van rompslomp, die verbetering van die gemak van sake doen en om aanhoudende struikelblokke uit die weg te ruim in verband met:

- beperkte lugtoeganklikheid;
- 'n onmededingende visumregime; en
- die koolstofintensiteit van reis.

Vir hierdie doel het die DEOT in 2023 navorsing gedoen om Suid-Afrika met portuurbestemmings ten opsigte van toeristevisums te vergelyk. Op grond van hierdie werk sal Program 6 voortgaan om 'n raamwerk vir voorspraak en steunwerwing te implementeer ten einde nasionale immigrasiebeleid te beïnvloed. Program 6 sal ook met 'n oorsig van Suid-Afrika se bilaterale lugooreenkomste begin om moontlike nasionale hervormings te identifiseer wat meer lugvervoer vir die Wes-Kaap tot gevolg sal hê.

In reaksie op die behoefte om die bestemming te dekarboniseer, sal 'n volhoubare bestemmingsbestuursraamwerk ontwikkel word wat die langtermynstrategie vir skoon groei in die toerismebedryf uiteensit.

Daarbenewens sal 'n beplanningsforum byeengeroep word om munisipaliteite met verbeterde bestemmingsbeplanning en institusionele ontwikkeling by te staan ten einde die bestuur van plaaslike toerisme op 'n volhoubare wyse te versterk. Deur hierdie intervensies sal 'n beter instaatstellersomgewing geskep word wat vinniger groei in die toerisme-ekonomie sal stimuleer.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die tema van groei en werksgeleentheid van die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024) beoog 'n instaatstellersomgewing vir die private sektor en markte om groei te bevorder en werk te skep. Deur die gemak van toegang te verbeter, sal die Wes-Kaap in staat wees om die beduidende uitvoerverdienste en die potensiaal vir opname in die arbeidsmark ten opsigte van toerisme te ontsluit. Hierdie doelwit is ook met die G4J-strategie belyn wat regulatoriese en wetlike hervorming ten opsigte van Suid-Afrika se visumregime vereis. Voorts belyn die verbetering van internasionale reisgermobilititeit na die Wes-Kaap met die mobiliteitsinstitaatstellersdoelwit van die G4J-strategie.

Op soortgelyke wyse is die vermindering van rompslomp in die toerismebedryf en die verbetering van die gemak van sake doen hoeksteenprioriteite van die Provinsiale Strategiese Plan, wat PSP-fokusgebied 3 (Groeï van die ekonomie deur toename in uitvoere) ondersteun, sowel as die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan wat 'n instaatstellersomgewing as 'n strategiese fokusgebied identifiseer. Dit is eweneens belyn met die G4J-strategie wat die volgende in verband met regulasies vereis: "designed and redesigned with a view to maximising the ease of doing business in order to unlock growth".

Deur dit vir toeriste makliker te maak om die provinsie te besoek en vir toerismeondernemings om te funksioneer, sal 'n meer billike en inklusiewe bedryf moontlik wees wat groter geleentheid vir prioriteitsgroepe sal skep.

### 10.2.3 Subprogram 6.1: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Toename in uitvoere	Ontwikkelingsinisiatiewe vir die toerismesektor geïmplementeer	6.1 Getal verslae oor die inisiatiewe vir die toerismesektor ontwikkel	2	2	2				
	Toerismeverwante regulatoriese hervormings voorgestel	6.1.1 Getal toerismeverwante regulatoriese hervormings voorgestel				2	1	1	1

### 10.2.4 Subprogram 6.1: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.1.1 Getal toerismeverwante regulatoriese hervormings voorgestel	1				1

## 10.2.5 Subprogram 6.1: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Toename in uitvoere	<p>Visum- en lugvervoerbeperkings belemmer die realisering van suksesvolle groei in aankomste.</p> <p>Vlugskaamte en koolstofprysbepaling lei tot 'n afname in internasionale aankomste vanaf belangrike Europese en Noord-Amerikaanse bronmarkte.</p>	<p>Implementering van 'n geïntegreerde raamwerk vir voorspraak en steunwerwing om visum- en lugvervoerstruikelblokke uit die weg te ruim.</p> <p>Inligtingversameling om die saak vir die verdere liberalisering van lugvervoerregimes te versterk.</p> <p>Ontwikkeling en implementering van 'n volhoubare bestemmingsbestuursraamwerk.</p>

## 10.3 Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling

### 10.3.1 Doel

- Om die groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.
- Om die gehalte van die besoekerservaring by 'n bestemming te verbeter deur die voorsiening van toerismesteundienste van gehalte.

### 10.3.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Die stimulering van markgroei deur uitvoer- en plaaslike markte vereis groter investering in die bestemming om te verseker dat produkte aanklank vind by die veranderende behoeftes van toeriste en dat die vereiste besoekersinfrastruktuur daargestel is. Dit is in ooreenstemming met departementele doelwitte gemoeid met die diversifikasie van produkte en markte om die uitvoerbasis uit te brei. Dit neem ook die feit in ag dat investering in toerisme histories agtergebly het ten opsigte van portuurbestemmings op die Afrika-kontinent.

Program 6 sal privaatektorgedrewe vennootskappe ondersteun wat daarop gemik is om hoëgroei-, hoëopbrengsvorme van toerisme te stimuleer, insluitende halaal, avontuur en gastronomie wat kos- en wyntoerisme insluit, deur middel van die G4J-uitdagingsfonds vir Toerisme. Die fonds sal ook die ontwikkeling en instandhouding van besoekersinfrastruktuur ondersteun, veral by gewilde besienswaardighede. Die fonds is 'n teenfonds wat poog om investering deur die openbare en private sektor in die bestemmingsprodukaanbieding aan te moedig en te bevorder. Die fonds word gesteun deur navorsing wat oor die streeksprodukaanbieding onderneem is en wat leemtes geïdentifiseer het in die bestaande bestemmingsaanbieding wat vir die mark beskikbaar is.

Hierdie program sal voortgaan om voorspraak te maak vir diensuitnemendheid oral in die provinsie. Ter bereiking hiervan werk die program saam met die Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika. Dit word gesteun deur die feit dat diensklagtes een van die topredes is waarom toeriste slegte ervarings in die Wes-Kaap rapporteer. Verbeterde kliëntediens sal ook bereik word deur opleiding in kliëntediens van frontliniepersoneel in gasvryheid en toerisme. Die Departement sal ook met ander belanghebbendes saamwerk, insluitende Suid-Afrikaanse Toerisme, om diensuitnemendheid te erken en te beloon deur middel van die jaarlikse Lilizela-toekennings.

Laastens het water- en energiebeperkings 'n direkte impak op die bedryfsdoeltreffendheid van toerismeondernemings. Die DEOT sal KMMO's ondersteun met die implementering van volhoubare

toerismepraktjke as deel van sy pogings om skoon groei in die toerismebedryf te ontsluit en om bedryfsveerkragtigheid in die lig van klimaatsverandering te bevorder.

Hierdie maatreëls sal geïmplementeer word met die oog op die bereiking van die tema van groei en werksgeleenthede (G4J) van die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024) met die klem op Fokusgebied 1 (Toename in investering) en Fokusgebied 3 (Groeï van die ekonomie deur toename in uitvoere), sowel as die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan se fokusgebiede van werkskepping (vaardighede en indiensneembaarheid), sektorale ontwikkeling en mededingendheid, investering en infrastruktuur.

Die subprogram sal ook bydra tot die bereiking van die G4J-strategie wat investering in infrastruktuur en vaardighede vereis as belangrike ondersteuningsgebiede om privaatsektorgedrewe groei moontlik te maak. Dit sal in samewerking met ander DEOT-programme en provinsiale departemente gedoen word.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die G4J-uitdagingsfonds vir Toerisme sal finansiële ondersteuning verskaf om samewerkingsprogramme en -projekte te verbeter en/of uit te brei, wat daarop gemik is om KMMO's met toerismeprodukontwikkeling te help. Dit sal gedoen word op 'n manier wat reageer op die behoeftes van prioriteitsgroepe en met die doel om 'n billike en inklusiewe toerismebedryf te ontwikkel.

## Stimulering van investering in toerismeprodukaanbieding

Die G4J-uitdagingsfonds vir Toerisme belê in die ontwikkeling van nuwe toerismeinfrastruktuur en -ervarings met die doel om privaatsektorinvestering in die produkaanbieding buite die Kaapse Metropol te stimuleer. Een so 'n begunstigde van die fonds, Birdlife South Africa, het 'n innoverende projek op die Tuinroete geïmplementeer wat tot die suksesvolle identifisering en bemarking van nuwe voëlkykroetes gelei het. As deel van die inisiatief het toergeridse en toeroperateurs aan persoonlike en aanlyn opleidingsprogramme deelgeneem wat hul kennis en vaardighede rakende die distrik se voëlkykroetes en -terreine ontwikkel het.

Avitoerisme, ook bekend as voëlkyktoerisme, is een van die mees gevestigde en vinnigste groeiende toerismemarkte in Suid-Afrika. Navorsing toon dat avitoeriste geneig is om langer reise aan te pak, meer te spandeer en landelike bestemmings meer omvattend te verken as ander toeristekategorieë. Voëlkykers is voorts dikwels deel van hoër demografiese segmente, wat die beduidende en potensieel winsgewende geleenthede in hierdie gespesialiseerde toerismesektor beklemtoon.

Ten spyte daarvan dat dit slegs 2% van die landmassa uitmaak, is die Tuinroete die tuiste van meer as die helfte van Suid-Afrika se voëlspesies. Die strategiese toeganklikheid van die area deur middel van hoofreissentrums soos Kaapstad, George en Gqeberha, tesame met 'n diverse toerismekaanbod, verseker holistiese natuurgebaseerde ervarings vir besoekers.

*Kayla Webster Nature's Valley*



10.3.3 Subprogram 6.2: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Toename in uitvoere	Fondse vir toerismeontwikkeling aangewend	6.2.1 Randwaarde van fondse vir toerismeontwikkeling aangewend				R5m	R4m	R4m	R4m
	Besighede met befondsing ondersteun	6.2.2 Getal besighede deur die G4J-uitdagingsfonds vir Toerisme ondersteun				30	15	15	15
	Gasvryheidsfrontliniepersoneel in diensuitnemendheid opgelei	6.2.3 Getal gasvryheidsfrontliniepersoneel in diensuitnemendheid opgelei				100	75	75	75
Toename in uitvoere	Besighede met volhoubare toerismepraktyke ondersteun	6.2.4 Getal besighede met volhoubare toerismepraktyke ondersteun					15	15	15
	Toerismeprodukte ontwikkel	6.3 Getal vorderingsverslae oor die implementering van die		2	2				

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
		toerismeprodukontwikkelingsprogram							

#### 10.3.4 Subprogram 6.2: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.2.1 Randwaarde van fondse vir toerismeontwikkeling aangewend	R4m				R4m
6.2.2 Getal besighede deur die G4J-uitdagingsfonds vir Toerisme ondersteun	15				15
6.2.3 Getal gasvryheidsfrontliniepersoneel in diensuitnemendheid opgelei	75		75		
6.2.4. Getal besighede met volhoubare toerismepraktyke ondersteun	15				15

#### 10.3.5 Subprogram 6.2: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Toename in uitvoere	<p>Onmededingende produkaanbieding belemmer die realisering van suksesvolle groei in aankomste.</p> <p>Swak kliëntediens belemmer die realisering van suksesvolle groei in aankomste.</p> <p>Toerismeondernemings is minder mededingend weens hoë insetkoste van water en energie.</p> <p>Belangrike Europese en Noord-Amerikaanse bronmarkte sien die Wes-Kaap as 'n koolstofintensiewe bestemming.</p>	<p>Stimuleer investering deur middel van 'n teenfonds.</p> <p>Investeer in toerismeinfrastruktuur en produkontwikkeling.</p> <p>Bied opleiding in kliëntediens aan gasvryheid- en toerisimefrontliniepersoneel.</p> <p>Doen voorspraak vir diensuitnemendheid.</p> <p>Bevorder die amptelike graderingskema.</p> <p>Bevorder die wydverspreide ingebruikneming van volhoubaarheidspraktyke in die toerismebedryf.</p>

## 10.4 Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie

### 10.4.1 Doel

- Om voorsiening te maak vir die doeltreffende registrasie en regulering van toergidse.
- Om die reputasie van die bestemming te beskerm deur verbeterde besoekerveiligheid en geïntegreerde bestemmingsbestuur.

### 10.4.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Die bevordering van die uitvoerpotensiaal van toerisme vereis die dienste van 'n professionele toergidsgemeenskap met die toepaslike vaardighede sowel as goeie bestemmingsbestuurspraktyke ten opsigte van besoekerveiligheid, toerismeinfrastruktuur (soos naamborde) en gehalteversekering.

Die toergidsbedryf is 'n geregleerde bedryf ingevolge die Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014) en die onderskeie regulasies vir toergidse (gepubliseer as Goewermentskennisgewing R641 in Staatskoerant 15607 van 8 April 1994 en Regulasies No. R. 744 van 2001 in Staatskoerant 22563 van 17 Augustus 2001). Soos dit in die wet en regulasies uiteengesit word, is die Nasionale Registrateur en die Provinsiale Registrateurs van toergidse verantwoordelik vir die registrasie, regulering en ontwikkeling van toergidse. Program 6 voldoen aan hierdie mandaat deur:

- 'n professionele registrasiediens aan die toergidsgemeenskap te verskaf;
- in die opleiding van nuwe en bestaande toergidse te belê;
- inspeksies uit te voer ten opsigte van onwettige toergidse;
- professionalisering van die bedryf aan te moedig deur die aktiwiteite van professionele verenigings te ondersteun; en
- navorsing en verslagdoening oor bedryfstendense te doen.

Benewens die regulering van die toergidsbedryf, implementeer Program 6 ook 'n omvattende toerismeveiligheidsprogram wat met die nasionale en provinsiale toerismeveiligheidsstrategieë belyn is. Die werk word ook gesteun deur die feit dat data van SA Toerisme toon dat persoonlike veiligheid en veiligheid- en sekuriteitsbepoelings die toeriste is waarom internasionale toeriste slegte ervarings in die Wes-Kaap ondervind. Die doelwitte van die Toerismeveiligheidsstrategie is die volgende:

- vermindering van misdaad en ander veiligheidsverwante voorvalle wat toeriste in die Wes-Kaap affekteer;
- verbetering in die handelsmerkbeeld van Kaapstad en die Wes-Kaap vanuit 'n veiligheid-/sekuriteit-/misdaad-/gesondheidsperspektief;
- ontwikkeling van 'n multibelanghebber- en samewerkingsoplossing wat die openbare sektor en private rolspelers byeenbring;
- ontwikkeling van 'n gevoel van vertroue in die rol van die regering om 'n verskil te maak rakende sleutelkwessies wat toerisme raak;
- skep van 'n bestespraktykmodel vir misdaadvermindering wat elders geïmplementeer kan word om misdaad vir alle Suid-Afrikaners te verminder; en
- verbetering in die vlak van gereedheid en paraatheid rakende veiligheid en sekuriteit in die toerismebedryf – vanaf die bestemmingsvlak tot individuele besighede of besienswaardighede.

Program 6 bereik hierdie doelwitte deur middel van:

- samewerking met die bedryf rakende toerismeveiligheidsinisiatiewe;
- bevordering van toerismeveiligheidspraktyke ten opsigte van internasionale en plaaslike toeriste;
- bystand aan toeriste in nood;
- befondsing aan die Stad Kaapstad wat dit in staat stel om 'n toerismewetstoepassingseenheid by toerismebrandpunte in Kaapstad se SSB te ontplooi;
- implementering van 'n omvattende seisoengereedheidsplan vir die somerpiekseisoen;

- bevordering van beste praktyke ten opsigte van toerismeveiligheid en risikobestuur;
- implementering van 'n holistiese reputasiebestuursprogram deur Wesgro DBO; en
- fasilitering van toerismenaamborde wat help om bestemmings en besienswaardighede meer toeganklik te maak terwyl besoekerveiligheid ook verbeter word.

Alhoewel 'n toerismepolisiemag in verskeie nasionale beleidsdokumente voorgestel is, is die DEOT-befondsde Toerismeveiligheidswetstoepassingseenheid, wat deur die Stad Kaapstad geïmplementeer is, die naaste aan 'n toerismepolisiemag in die land. Die DEOT glo dat hierdie model elders gedupliseer kan word en sal daarom navorsing laat doen om die sosio-ekonomiese impak van die eenheid te bepaal.

Deur middel van hierdie intervensies dra Program 6 by tot die bereiking van suksesvolle groei in uitvoere weens toerisme.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die DEOT lewer 'n diens aan Wes-Kaapse inwoners wat wetlik gekwalifiseerde toergidse is. Die DEOT help ook 'n beperkte aantal individue jaarliks om gekwalifiseerde toergidse te word in gebiede waar daar 'n aanvraag na meer gidse is.

Die DEOT probeer om met die ontwikkeling van individue aan die spesifieke behoeftes van prioriteitsgroepe te voldoen.

Deur die vooropstelling van toerismeveiligheidspraktyke word gemeenskappe nie net vir besoekers nie, maar ook vir plaaslike inwoners veiliger gemaak. Namate bestemmings veiliger word, sal meer ekonomiese geleenthede ook vir burgers deur middel van toerisme verwesenlik word.

## Ondersteuning van toerismeveiligheid

Benewens die stimulering van investering in toerismeprodukte, belê die Departement ook in toerismeveiligheid. Dit het gedurende die 2023/24-boekjaar bygedra tot die bedryfsbegroting van die Stad Kaapstad se toerismewetstoepassingseenheid. Die toelae van R2 miljoen stel die Stad Kaapstad in staat om beamptes oortyd te betaal wat verseker dat hoëprofielbesienswaardighede soos Leeukop, Seinheuwel en die Bo-Kaap veilig is vir toeriste buite dagligure. Vyf beamptes en een inspekteur is deur middel van hierdie inisiatief ontplooi. Hierdie projek sal in 2024/25 voortgesit word.



### 10.4.3 Subprogram 6.3: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens



Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Toename in uitvoere	Toergidse opgelei	6.4 Getal toergidse opgelei	43	35	89	100	100	100	100
	Individue as toergidse geregistreer	6.5 Getal individue as toergidse geregistreer	502	697	1 500	1 200	1 200	1 200	1 200
	Toergidse geïnspekteer	6.6 Getal toergidse geïnspekteer	20	72	110		200	200	200
	Begunstigdes met toerismeveiligheidsdienste ondersteun	6.7 Getal begunstigdes met toerismeveiligheidsdienste ondersteun	389	306	139	300	300	300	300
	Toesighouding oor die instelling van die Toerismeveiligheidswetstoepassings eenheid in vennootskap met die Stad Kaapstad	6.8 Getal toesigverslae oor die instelling van die Toerismeveiligheidswetstoepassings eenheid	4	4	1				
	Ontplooiing van Toerismeveiligheidswetstoepassings beamptes in Kaapstad	6.8.1 Getal Toerismeveiligheidswetstoepassings beamptes in Kaapstad ontplooi					6	6	6
	Toerismeveiligheidsstrategie geïmplementeer	6.9 Getal implementeringsverslae oor die Toerismeveiligheidsstrategie	4	2	2				

#### 10.4.4 Subprogram 6.3: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.4 Getal toergidse opgelei	100		100		
6.5 Getal individue as toergidse geregistreer	1 200	300	300	300	300
6.6 Getal toergidse geïnspekteer	200	40	40	60	60

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.7 Getal begunstigdes met toerismeveiligheidsdienste ondersteun	300	75	75	75	75
6.8.1 Getal Toerismeveiligheidwetstoepassingsbeamptes in Kaapstad ontplooi	6				6

#### 10.4.5 Subprogram 6.3: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomst	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Toename in uitvoere	<p>Toergidse hou nie tred met veranderende verbruikersverwagtinge nie, wat die mededingendheid van die bestemming verminder.</p> <p>Toeriste ondervind negatiewe persoonlike veiligheidservarings wat die reputasie en mededingendheid van die provinsie beïnvloed.</p> <p>Onvanpaste of ondoeltreffende benutting van die hulpbronne ten bate van die Stad Kaapstad.</p>	<p>Voortdurende investering in vaardigheidsontwikkeling vir beide nuwe en gevestigde toergidse.</p> <p>Verskaf 'n omvattende toerismeveiligheidsondersteuningsdiens aan internasionale en plaaslike toeriste.</p> <p>Verminder misdaad by besienswaardighede met hoë volumes in Kaapstad se SSB.</p> <p>Robuuste toesigprosedures word geïmplementeer om potensiële risiko's te minimaliseer en te verseker dat fondse benut word soos bedoel.</p>

### 10.5 Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking

#### 10.5.1 Doel

- Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en investering te verskaf vir die uitvoering van sy mandaat, soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

#### 10.5.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Bestemmingsbemarking is 'n sleutelvereiste vir die stimulering van markgroei deur middel van uitvoere en plaaslike markte. Die Wes-Kaapse toerismebedryf is sterk aangewese op Europese en Noord-Amerikaanse kernmarkte. Bemarking behels dus om nie net boaan die lys in kernmarkte te wees nie, maar ook om na nuwe markte te diversifiseer.

Die DEOT verskaf strategiese toesighouding oor Wesgro ten opsigte van bestemmingsbemarking sowel as strategiese projekte om die provinsie se lugvervoer- en plesiervaartkonnektiwiteit te verbeter – wat noodsaaklik is vir die verbetering van marktoegang.

Wesgro se Bestemmingsbemarkingsorganisasie se doel is om die Wes-Kaap onder 'n verenigde handelsmerk te bemark deur middel van strategiese bemarkingsveldtogte, internasionaal en plaaslik, om sodoende die aantal besoekers te verhoog. Wesgro gee hierdeur uitvoering aan G4J wat die belangrikheid van 'n sterk bestemmingshandelsmerk vir die Wes-Kaap beklemtoon.

Wesgro werk in vennootskap met ander bestemmingsbemarkingsorganisasies, insluitende Suid-Afrikaanse Toerisme, Kaapstad Toerisme (en ander streeks- en plaaslike toerismeorganisasies) sowel as die private sektor. In

hierdie verband speel dit 'n kritieke rol om die provinsiale handelsmerk te verenig en die G4J-strategie te verwezenlik vir die stimulering van toerismemarkte deur vertrouwe en handelsmerkontwikkeling.

Wesgro speel ook 'n belangrike rol in die verbetering van bestemmingstoeganklikheid deur die Cruise Cape Town- en Kaapstad Lugtoegang-inisiatiewe wat die agentskap in vennootskap met ander belanghebbendes dryf. Die uitbreiding van die Lugtoegang-inisiatief is 'n projek wat deur G4J geïdentifiseer is.

Die verhouding tussen die entiteit en die Departement word deur 'n oordragbetalingssooreenkoms (OBO) beheer wat jaarliks onderteken word. Die beheermeganismes wat deur die OBO ingestel is om doeltreffende besteding te monitor is as volg:

- *Sakeplan:* Voordat die OBO onderteken word, word 'n sakeplan voorgelê wat die nodige besonderhede verskaf soos dit betrekking het op projekte en programme vir die betrokke boekjaar. Die DEOT word die geleentheid gebied om op die sakeplan kommentaar te lewer voordat dit deur die Wesgro-direksie goedgekeur word ten einde strategiese belyning met departementele planne en prioriteite te verseker.
- *Prestasieverslagdoening:* Wesgro het kwartaallikse prestasieteikens ingevolge hul JPP en ten opsigte waarvan daar verslag gedoen moet word. Wesgro se kwartaallikse vorderingsverslae word deur die DEOT hersien en terugvoer word verskaf indien nodig. Alle prestasievereistes word in die OBO uiteengesit.
- *Finansiële verslagdoening:* Benewens kwartaallikse bewyse, moet Wesgro kwartaallikse finansiële verslae oor uitgawes verskaf. Wesgro moet ook van tyd tot tyd die DEOT van banksaldo's, geouditeerde finansiële state en ander finansiële inligting voorsien sodat die DEOT oordragbetalings kan verwerk.
- *Bykomende toesighoudingmeganismes:* Die Departement hou kwartaallikse toesighoudingvergaderings sowel as halfjaarlikse bilaterale vergaderings tussen Wesgro se uitvoerende bestuur en betrokke senior DEOT-amptenare om terugvoer oor die vorige kwartaal se prestasie te verskaf, te verduidelik en te hersien. DEOT-amptenare dien ook op bestuurs- en projekkomitees van belangrike strategiese projekte soos Kaapstad Lugtoegang en Cruise Cape Town. Dit maak voorsiening vir projekspesifieke toesighouding.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Wesgro is getaak om die Wes-Kaap as 'n voorkeurlangafstandbestemming vir internasionale toeriste en 'n voorkeurkortafstandbestemming vir streeks- en plaaslike toeriste te bevorder. Deur meer toeriste te lok deur middel van inspirerende veldtogte, ondersteun Wesgro die toerismebedryf om werksgeleenthede vir die burgers van die provinsie te skep. Hoe meer toeriste die Wes-Kaap besoek, hoe meer werksgeleenthede word gegenereer. Wesgro bevorder ook bestemmings en gebeure buite die metropool en regdeur die jaar wat help om geleenthede vir burgers in al die distrikte van die provinsie en regdeur die kalenderjaar te skep.

### 10.5.3 Subprogram 6.4: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Toename in uitvoere	Toesigverslae oor Wesgro se toerismebestemmingsbemarkingsfunksie saamgestel	6.11 Getal toesigverslae oor Wesgro se toerismebestemmingsbemarkingsfunksie saamgestel	2	2	2	2	2	2	2

### 10.5.4 Subprogram 6.4: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.11 Getal toesigverslae oor Wesgro se toerismebestemmingsbemarkingsfunksie saamgestel	2		1		1

### 10.5.5 Subprogram 6.4: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Toename in uitvoere	Onvanpaste of ondoeltreffende benutting van die hulpbronne ten bate van Wesgro.	Robuuste toesigbeleide en -prosedures word geïmplementeer om potensiële risiko's te minimaliseer en strategiese belyning van projekte en programme te verseker.

## 10.6 Programhulpbronorwegings

### Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Die aktiwiteite wat hier bo uiteengesit is, sal bereik word deur die gesamentlike pogings van die program se span – in samewerking met Wesgro se Bestemmingsbemarkingsorganisasie.

Alhoewel dit 'n klein eenheid is gegewe sy mandaat van 'n wye reeks verantwoordelikhede vir bestemmingsbestuur en -ontwikkeling, beskik die DEOT-span oor 'n diverse stel toepaslike vaardighede vir die bestuur en implementering van projekte ter ondersteuning van die toerisme-ekonomie. Sleutelvaardighede sluit in sektornavorsing, projekbeplanning, belanghebbestuur, projekverslagdoening, finansiële bestuur, mensebestuur, kontrakbestuur, regulasies, bestemmingsbestuur, bestemmingsbeplanning, bestemmingsontwikkeling, toerismeveiligheid en -bemarking en -kommunikasie.

Relatief gesproke, belê die Wes-Kaapse Regering minder in bestemmingsbemarking en -bestuur as baie ander provinsies, maar maatreëls is in werking om te verseker dat elke rand wat in toerisme belê word met optimale gevolg ontplooi word.

Daarbenewens is die G4J-uitdagingsfonds vir Toerisme en Cruise Cape Town-inisiatief bewyse van hoe privaatsektorinvestering ontsluit kan word deur middel van vennootskappe om bedryfsgroei te stimuleer.

Program 6 R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming				
	Geoudit	Geoudit	Geoudit					%-verandering vanaf hersiene beraming			
	2020/21	2021/22	2022/23				2023/24	2023/24	2023/24	2024/25	2023/24
1. Toerismebeplanning											
2. Toerismegroei en -ontwikkeling	19 480	15 763	8 301	18 411	19 946	19 946	20 781	4,19	19 061	19 022	
3. Toerismesektortransformasie											
4. Toerismebestemmingsbemarking	57 098	58 398	63 573	55 982	53 529	53 529	52 853	(1,26)	54 925	57 397	
Totale betalings en beramings	76 578	74 161	71 874	74 393	73 475	73 475	73 634	0,22	73 986	76 419	

## Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die begrotingstoewysing in Program 6 het vanaf 2023/24 toegeneem. Die prioriteite sal wees dat die hulpbronne op die prioriteite volgens G4J reageer, aangesien toerisme bydra tot uitvoere as prioriteitsfokusgebied. In die 2024/25-boekjaar sal investering aangewend word vir toerismeverwante produkte en infrastruktuur, tesame met reaksie op GvSD-beperkings wat verband hou met lugvervoer en ander beleidstruikelblokke wat ook gekoppel is aan investering as prioriteitsfokusgebied. Daarbenewens is die vaardigheidsopgradering van toergidse en toerisme-ondernemings in verband met kliëntediens en toerismeveiligheid ook 'n prioriteit. Die meerderheid van die begroting in die program sal aan bestemmingsbemarkingsaktiwiteite toegewys word, wat die mandaat van Wesgro is sowel as 'n kritieke komponent om suksesvolle groei te stimuleer met die doel om toeristaankomste teen 2035 te verdubbel. Alhoewel groei deur markstimulasie belangrik is, is broodnodige investering in die ontwikkeling van 'n volhoubare, mededingende en goed bestuurde bestemming uiters belangrik as ons die G4J-visie van die bereiking van suksesvolle ekonomiese groei wil verwesenlik.

## 10.7 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Belyning met DEOT-uitkomste	Sleuteluitsette	Huidige jaarlikse begroting (R duisende)
Wesgro	Bestemmingsbemarking	Toename in uitvoere	Strategiese veldtogte Botte bekom	52 853

## 11. Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie

### 11.1 Doel

- Om die voorsiening van mensekapitaal- en innovasievaardighede te fasiliteer om in die behoefte aan ekonomiese mensehulpbronontwikkeling in die Wes-Kaap te voldoen.

#### 11.1.1 Belyning met nasionale en provinsiale strategieë

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP, 2030) is steeds Suid-Afrika se voorste rigtinggewende dokument ter ondersteuning van G4J. Daarin erken en ondersteun dit dat “strengthening the capabilities of the workforce” en “improving quality education and skills” noodsaaklike voorwaardes is vir “raising employment through faster economic growth”. Dit wys ook op die belangrikheid van uitvoere en mededingendheid in die strewe na ’n toekoms waar almal hul volle potensiaal kan bereik.

Die Mediumtermyn-strategieraamwerk (2019-2024), gesteun deur die NOP 2030, stel ’n teiken om werkloosheid teen 2030 tot 6% te verminder met ’n doelbewuste fokus op die fasilitering van werkverskaffing aan die jeug, inklusiewe groei, die hantering van die gebrek aan vaardighede wat die koste van sake doen verhoog en die negatiewe impak daarvan op mededingendheid. Met betrekking tot die belangrikheid van vaardigheidsontwikkeling vir groei en werksgeleenthede, en in lyn met die NOP 2030 en MTSR 2019, is die voorste provinsiale strategieë die Provinsiale Strategiese Plan: Visiegeïnspireerde doelwit 2 (VIP) en die Provinsiale G4J-strategie: PFG vir verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid (PFG 7). VIP 2 stel ’n doelwit van 20 000 werksgeleenthede teen 2024, terwyl PFG 7 leiding bied oor hoe om uitvoering te gee aan groei in indiensneming.

Die program se strewe na mededingendheid, toename in uitvoere en groei in indiensneming is ter volle ondersteuning van en belyning met die nasionale en provinsiale strategieë. Met betrekking tot die leiding wat in G4J verskaf word, is die program se primêre instrument as onmiddellike reaksie op die werkloosheidsuitdaging en vaardigheidstekorte sy ervaringsleerprogramme wat langtermynwerksgeleenthede aan werklose jeugdige verskaf deur indiensopleiding, vaardigheidsontwikkeling, akkrediasie en ander sleutelinhibeerders vir maatskappye wat nie werklose jeugdige in diens neem nie. Deur uitdrukking te gee aan vaardigheidsuitdagings, fokus die program op die huidige vaardigheidstekorte en toekomstige vaardigheidsvereistes.

Die program erken fiskale beperkings en sal derhalwe die nodige finansiële hulpbronne uit die private sektor en ander befondsingsbronne benut om die omvang van sy ervaringsleerprogramme uit te brei.

Ter uitvoering van die G4J-strategie sal die program sistemiese uitdagings op medium en lang termyn in die vaardigheidsekosisteem hanteer deur te strewe na ’n vaardigheidsekosisteem wat outomaties korrigeer om in bedryfsbehoefes te voldoen deur die ontwikkeling en instandhouding van platforms wat outokorreksie in vaardigheidsprogramme en leweringsmodaliteite fasiliteer. Dit sal die vaardigheidsaanbod en vraag na intelligensie handhaaf met die doel om die funksionering van die ekosisteem te verbeter en wrywing in die toegang tot daardie intelligensie te verminder. Die program sal ook die ontwikkeling van nuwe instrumente bevorder, sowel as die wysiging van bestaande akademiese instrumente, en die ontwikkeling en ontplooiing van nuwe, meer effektiewe, leweringsmodaliteite.

### 11.2 Subprogram 7.1: Provinsiale vaardighede en vennootskap

#### 11.2.1 Doel

- Om vennootskappe en samewerking met belanghebbendes op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te koördineer ten einde sistemiese veranderinge te dryf, met die doel om die aanbod van relevante vaardighede te verhoog wat bely is met die huidige en toekomstige vaardigheidsaanvraag van prioriteitsgroei-sektore in die provinsie.

## 11.2.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Die G4J-strategie, veral PFG 7, sit uiteen dat die jeug aansienlike uitdagings in hul oorgang van skool en ná skool na werk in die gesig staar. Jongmense kort basiese vaardighede en het geen leiding om ingeligte loopbaanbesluite te neem wat met die behoeftes aan bedryfsvaardighede belyn nie.

Dit kan toegeskryf word aan die gebrek aan voldoende bande tussen werkgewers en kurrikulums wat deur die onderwysstelsel aangebied word, asook die versekering van bygewerkte pedagogiese kundigheid wat relevant is vir die bedryfswêreld se vaardigheidsvereistes. Hierdie wanverhouding tussen die bedryfswêreld en die akademiese wêreld kom tot uiting in die arbeidsmark, aangesien dit daartoe lei dat baie individue werkloos is en/of minder geleenthede bekom om aan arbeidsmarkbehoefte te voldoen.

Ter ondersteuning van die G4J-PFG 7 se veranderingstrategie om koördinerende binne die ekosisteem vir onderwys en opleiding te versterk, sal ons hoof fokus wees om vennote in die private en openbare sektor te steun om met die akademiese wêreld saam te werk om opleidingsmodaliteite te verfyn wat nuwe/hersiene kurrikulums en leweringmodaliteite insluit.

Dit behels beide vennote in die openbare en private sektor om met basiese onderwys en naskoolse opleiding (TVET's en tersiêre HOI's, gelei deur die private sektor) saam te werk as die meganisme om verandering te bewerkstellig. Dit sal 'n meer samehangende ekosisteem vir onderwys en opleiding moontlik maak deur kurrikulums by skole, naskoolse en tersiêre instellings aan te pas om in die ontwikkelende behoeftes van die werkplek te voorsien.

Dit sal die Provinsie help om die gewenste uitkomst van 'n outokorrigerende ekosisteem te bereik waarvolgens die vaardigheidsvoorsiening op die veranderende behoeftes van die bedryfswêreld reageer. Dit sal ook bydra tot die bereiking van die PFG 7-doelwit om toegang tot ekonomiese geleenthede te verhoog en indiensneembaarheid in die provinsie te verbeter.

Om bogenoemde te bereik sal die subprogram gestruktureerde skakelings en samewerking tussen basiese onderwys, naskoolse en tersiêre onderwys en die private sektor (insluitende SETA's) fasiliteer om huidige en toekomstige vaardigheidsvereistes te verstaan. Gesamentlik sal samewerkingsaksies wat die verfyning van opleidingsmodaliteite ondersteun om onderwysgebaseerde, bekwaamheid-, naskoolse en tersiêre onderwysroetes te verbeter, geïmplementeer word.

'n Belangrike skakelingstruktuur wat die subprogram sal lei, is die Premier se Raad oor Vaardighede (PCS). Hierdie struktuur is in wese die Provinsie se Provinsiale Menslikehulpbronontwikkelingsraad (PHRDC) as wetgewende mandaat. Dit word gelei deur die Premier en word deur die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede ondersteun.

Die PCS word halfjaarliks gehou om belanghebbendes gesamentlik te betrek oor aangeleenthede in verband met die vaardigheidsontwikkelingspylyn. Die subprogram is die Sekretariaat vir hierdie struktuur en is daarvoor verantwoordelik om sleuteluitkomstes tesame met sleutelbelanghebbendes in die provinsie te dryf.

Benewens die PCS, fasiliteer die subprogram ook ondersteunende skakelingstrukture wat forums insluit met sektorale onderwys-en-opleidingsowerhede (SETA's), tegniese en beroepsgerigte onderwys-en-opleidingskolleges (TVET's), die bedryfswêreld, hoërsonderwysinstellings (HOI's) en nasionale, internasionale en plaaslike entiteite.

Daar word beoog dat hierdie platforms beter samewerking tussen die private sektor en die akademiese wêreld sal aanmoedig om te help met die ontwerp van opleidingsmodaliteite wat deur private en openbare vennote befonds word. Hierdie nuwe kurrikulums sal deur akademiese instellings aangebied word wat oor die nodige omvang en voetspoor beskik om lewering te maksimaliseer. Deur hierdie private-publieke vennootskap ten opsigte van kurrikulumontwerp en -lewering, sal intervensies wat beter geskik is vir bedryfsvereistes die jeug en werkloos ondersteun om:



- ingeligte keuses uit te oefen in die nastrewing van loopbaanroetes in lyn met huidige en toekomstige vaardighede wat deur die bedryfswêreld in geprioritiseerde sektore vereis word; en
- toegang te kry tot ekonomiese geleenthede wat sal lei tot 'n sterk pyplyn van toepaslik gekwalifiseerde mense wat werks gereed is, wat in staat is om toegang tot beskikbare werk te kry en wat op volhoubare wyse vinnig in die arbeidsmark opgeneem kan word.

Om onderwysgebaseerde en bekwaamheidsgebaseerde roetes (op basiese onderwysvlak) te verbeter, sal die subprogram die onderwysgebaseerde en bekwaamheidsgebaseerde roetes ondersteun deur middel van sy samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). Die formele samewerking wat tussen die subprogram en die WKOD tot stand gebring is, het samewerking bewerkstellig tussen vennote in die openbare en die private sektor om die verfyning van opleidingsmodaliteite saam te ontwikkel wat die bekendstelling van verfynde kurrikulums en nuwe leweringmodaliteite insluit wat deur samewerking met vennote in die privaat en publieke sektor (insluitende SETA's) gerealiseer is.

Voorbeelde van opleidingsmodaliteite wat gerealiseer is, sluit in die implementering van 'n doelgemaakte loodsprogram vir Bekwaamheidsgebaseerde Modulêre Opleiding (CBMT) by 'n tegniese hoërskool. Die kurrikulums vir hierdie loodsprogram is deur die bedryfswêreld in vennootskap met die WKOD ontwikkel. Dit het leerders wat die loodsprogram voltooi het die geleentheid gebied om ná hul matriekjaar toegang te verkry tot befondsde vakleerlingskappe by naskoolse TVET's.

Die subprogram sal voortgaan om die verfyning van opleidingsmodaliteite te dryf om leerpedagogieë te verbeter om die ontplooiing van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se model van drie strome te versnel, wat fokus op tegniese, beroepsgerigte en werksloopbaanroetes binne die basiese onderwysstelsel. Dit sluit in die beduidende werk wat gedoen word rakende die stigting van loopbaanclubs by alle skole in die provinsie om die aanbieding van die Lewensoriënteringkurrikulum by skole te verbeter. Ondersteuning is reeds in hierdie verband vanaf die private sektor verkry, aangesien dit belangrike grondliggende bedryfsverwante praktiese vaardighede in gespesialiseerde vaardigheidsaanbiedinge sal verskaf. Dit behels kurrikulums wat ekstra inhoud oor loopbane en werk gereedheidsbekwaamhede bied. Dit sal leerders in staat stel om groter ondersteuning te verkry vir loopbaanontwikkeling wat bedryfsgedrewe is vir beter artikulasie van skool tot naskoolse opleiding, tersiêre onderwys, entrepreneurskapsgeleenthede en die wêreld van werk.

Dit sluit in die ondersteuning van tegnologie om die gebruik van digitale platforms en innovasie te verbeter deur middel van industrie- en skoolvennootskappe via gemengde leer, om leer deur 'n tegniese medium te verbeter en om die toegang tot en die verkryging van digitale vaardighede te verbeter.

Geteikende intervensies wat onderneem moet word, sluit meganismes in om onderrigpedagogieë te verbeter om opvoeders/dosente/leerders te bemagtig deur hulle bloot te stel aan bedryfsrelevante opleidingsbehoefte. Dit sal die gehalte, relevansie en toegang van vaardigheidsaanbiedinge verbeter om bedryfsvaardigheidsvereistes die beste die hoof te bied wat tot meer werksgeleenthede sal lei.

Die subprogram het reeds sukses op hierdie gebied behaal deur die fasilitering van 'n meerjarige vennootskap tussen die FoodBev SETA en die WKOD om Wiskunde- en Wetenskap-leweringmodaliteite te ondersteun wat leerders se vordering sal verbeter ten opsigte van naskoolse opleiding in verband met wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en ander verwante naskoolse studieveldde.

Ter ondersteuning van die G4J-PFG 7 se veranderingsstrategie om naskoolse en tersiêre onderwysroetes te verbeter, het die subprogram vennootskappe met die openbare en private sektor aangegaan om nuwe kurrikulums te ontwikkel om die prioriteitsektore van hernubare energie en tegnologie en innovasie te ondersteun.

Om die roete vanaf onderrig na die wêreld van werk verder te versterk, fasiliteer die subprogram vennootskappe tussen die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys (CHEC), tegniese en beroepsgerigte onderwys- en opleidingskolleges (TVET) en die Beierse regering rakende die vooropstelling van dubbele beroepsopleiding in die provinsie. Hierdeur beoog die subprogram om die produktiewe potensiaal van gegradueerdes te fasiliteer deur die

aanbod van die akademiese wêreld (naskoolse en tersiêre instellings) en werkplekopleidingsgeleenthede nouer met die behoeftes van die ekonomie te bely. Dit sal die verhoging van die deurvloei en toegang tot vaardigheidsaanbiedinge/werkplekblootstelling moontlik maak wat tot indiensneming en/of selfwerkzaamheid sal lei, asook werkgewersonsekerheid en risiko's wat met nuwe marktoetreders geassosieer word die hoof bied.

Die subprogram sal voortgaan om skakeling tussen die private en openbare sektor (insluitende SETA's) te lei om bedryfsgedrewe vaardigheidsaanbiedinge in naskoolse (TVET's en CET's) en tersiêre onderwys (HOI's) uit te brei. Dit sal vaardigheidsbeplanning en befondsing rig om die verfyning van opleidingsmodaliteite te ondersteun wat meer gespesialiseerde aanbiedinge sal verseker. Daar sal gefokus word op tegniese en beroepsvaardighede sowel as digitale leer, jeugentrepreneurskap wat beter bely is met die verwagte gedragswerksmag se gespesialiseerde vaardighede en eienskappe wat deur die bedryfswêreld vereis word om die opname van die jeug ná skool in werksgeleenthede te verhoog.

### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Die doel van die PFG en die algehele G4J-strategie is om die toegang van burgers tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid deur ten minste een roete te verbeter. Roetes moet verbeterde indiensneembaarheidsbates (kennis, vaardighede, ervaring en/of bekwaamhede), loopbaanbestuursvaardighede, werkplekgereedheidsvermoëns en -vaardighede, sowel as ekonomiese geleenthede bied wat meer toeganklik is vir gemeenskappe.

Die subprogram sal leiding bied met intervensies vir die vestiging van vennootskappe tussen openbare en privaatsektorinstellings om die lewering van vaardigheidsmodaliteite saam te skep en nuwe/verfynde kurrikulums en vaardigheidsprogramme in te stel wat meer met die vraagkantvereistes bely is.

Dit sal ons in staat stel om by te dra tot die verbetering van die vaardigheidsekosisteem met betrekking tot relevante vaardighede van gehalte, ervaring en kurrikulumontwikkeling, tesame met geskikte opleidingsmodaliteite wat verbeterde gedragseienskappe (kognitiewe vaardighede – kritiese denke en digitale vaardighede) onder nuwe marktoetreders sal aanmoedig. Dit sal lei tot die opgradering van burgers se vaardighede, veral die jeug, om beter toegang tot bedryfsverwante vaardighede te verkry, wat voorsiening maak vir beter artikulاسie/vordering van skoolleerders na naskoolse aanbiedinge sowel as toegang vir naskoolse, tersiêre leerders en gegraduateerdes om toegang tot werkplekblootstelling te verkry wat tot werksgeleenthede lei.

In ooreenstemming met die strategiese imperatiewe van die G4J-strategie se tema van die verbetering van ekonomiese geleenthede en die verhoging van indiensneembaarheid asook om te verseker dat voldoende en toepaslike vaardighede geproduseer word, sal die subprogram sistemies uitdagings binne die onderwys- en opleidingskosisteem uit die weg ruim, wat 'n meer samehangende ekosisteem vir opleiding en ontwikkeling moontlik sal maak deur beter belyning tussen die bedryfswêreld en die akademiese wêreld te verseker wat die jeug sal lei rakende die vaardighede wat ontwikkelende sektore van die ekonomie vereis, wat sodoende 'n sterker talentpylyn sal ontwikkel vanaf skool tot naskoolse opleiding vir die ontwikkeling van toepaslik gekwalifiseerde mense wat werksgered is.

### 11.2.3 Subprogram 7.1: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Ondersteuning vir verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes	Vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe ondersteuning	7.2.1 Getal vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe ondersteuning om die vaardigheidswanverhoeding tussen die vaardigheidsvoorsiening en bedryfsvaardigheidsbehoefte te bied			5				
	Opleidingsmodaliteite verfyn	7.2.2 Getal opleidingsmodaliteite verfyn				4	4	6	6

### 11.2.4 Subprogram 7.1: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
7.2.2 Getal opleidingsmodaliteite verfyn	4				4

### 11.2.5 Subprogram 7.1: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Ondersteuning vir verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes	<p>Onvermoë om samewerking tussen vennote in die openbare en private sektor en die akademiese wêreld (basiese, naskoolse en tersiêre onderwys) te verseker om die opleidingsmodaliteit by die geteikende opvoedkundige instelling saam te ontwerp en te loods.</p> <p>Dit kan toegeskryf word aan die nuwe/verfynde kurrikulums en leweringsmodaliteitkeuse wat nie geskik is vir een of albei vennote om te ontwikkel nie, gebrek aan finansiële en niefinansiële hulpbronne en/of bereidwilligheid deur vennote om hul tot die volle duur van die loodsprogram te verbind.</p>	<p>Verseker dat vennote in die publieke en private sektor formele ooreenkomste met die akademiese wêreld sluit wat beide vennote se verbintenis tot 'n ooreengekome medeontwerpte opleidingsmodaliteit uiteensit, asook versekerde befondsing deur vennote, waar van toepassing, om te verseker dat die loodsprogram binne 'n ooreengekome tydraamwerk geïmplementeer word.</p> <p>Roep belanghebbende forums byeen om met die vennote te skakel om vordering na te spoor, uitdagings te hanteer en gesamentlik oplossings te identifiseer om te verseker dat die ooreengekome medeontwerpte opleidingsmodaliteit binne die ooreengekome tydraamwerke geïmplementeer word.</p>

## 11.3 Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte

### 11.3.1 Doel

- Om werklose of onderbesette jeugdiges te fasiliteer/ondersteun om toegang tot werksgeleenthede te kry.

### 11.3.2 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynperiode

Die subprogram is belyn met en word gerig in sy prioriteite en strategieë om huidige en toekomstige uitdagings in die arbeidsmag te hanteer deur die G4J-indiensnemingsfokusegebied. Die subprogram gee uitdrukking aan verbeterde werkplekvaardighede en produktiwiteitsroetes sowel as verbeterde werkservaring vir die jeug om potensiële werksgeleenthede te ontsluit in ooreenstemming met G4J-strategieë.

#### Verbeterde werkplekvaardighede en produktiwiteitsroetes

Deur hierdie reeks intervensies sal die jeug die geleentheid kry om waardevolle werkplekervaring op te doen terwyl hulle opleiding ontvang en 'n toelae verdien. Die Departement sal deur middel van ons program op maatskappye se behoeftes aan geskoolde arbeid reageer. Gasheermaatskappye sal opleiding aan die jeug verskaf terwyl hulle in die werkplek is en dit sal sommige van die vaardigheidstekorte wat in die G4J-strategie geïdentifiseer is die hoof bied. Geakkrediteerde, niegeakkrediteerde, verskaffer- en doelgemaakte opleiding sal deel vorm van die werkplekopleiding wat maatskappyproduktiwiteit op kort en lang termyn sal verbeter. Aangesien die fokus van die intervensies vir die subprogram op werklose jeugdige is, is die doel om die werkloosheidsyfer in hierdie kwesbare bevolkingsgroep die hoof te bied en te verseker dat hierdie burgers van die Wes-Kaap ekonomies aktief raak voordat hulle ongewenste gedrag begin toon of voordat hulle van die wêreld van werk onttrek.

#### Verbeterde werkservaring vir die jeug om potensiële werksgeleenthede te ontsluit

Gasheermaatskappye moet werksgeleenthede verskaf aan jeugdige wat hul werkplekopleiding voltooi het om te verseker dat die jeugdige waarin die gasheermaatskappye belê het in die maatskappy sal aanbly nadat die intervensie geëindig het. Die werk wat in vorige jare binne die SPU-sektor gedoen is, het bewys dat opleiding deur die bedryf vir die bedryf 'n model is wat werk en hierdie model moet na ander sektore uitgebrei word vir groter impak. In 'n onlangse impakstudie deur die Provinsiale Tesourie en Nasionale Tesourie se GTAC is daar getoon dat die Departement se ervaringsleerprogramme indiensneming teen minder as R15 500 per pos fasiliteer, wat daarop dui dat die programme een van die mees koste-effektiewe werkskeppingsprogramme in die land is, met ongeveer 80% van deelnemers wat die program voltooi wat verdere voltydse poste beklee.

Werkgewers soek toenemend mense met praktiese ervaring sowel as akademiese prestasies en deur hierdie werkplasingprogram sal die jeug eerstehandse ervaring kan opdoen terwyl hulle addisionele sagte en tegniese vaardighede ontwikkel. Werkplasing is tussen 3 en 18 maande na gelang van die bedryfsbehoefte en opleiding wat deur die begunstigde onderneem word.

Die oorsake van werkloosheid sluit onder andere die volgende in: vaardigheidstekorte, gebrek aan akkreditasie, gebrek aan werkservaring, verhoogde lone wat mededingendheid verlaag en gedragsuitdagings. Die subprogram se intervensies sal sommige van die bogenoemde uitdagings onder die loep neem deur geleenthede aan werklose jeugdige te bied om hul huidige vaardighede te verbeter. Dit sal daartoe lei dat hulle meer indiensneembaar sal wees en kan bydra tot die samelewing, die ekonomie en die provinsie as geheel. Die werkplasing en opleiding sal 'n meer geskoolde arbeidsmag moontlik maak wat die vaardigheidswanverhouding die hoof sal bied en wat sal lei tot 'n toename in maatskappyproduktiwiteit in die provinsie.

#### Dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap

Deur openbare-private vennootskappe sal die jeug van die Wes-Kaap werkplekervaring opdoen wat sal verseker dat hulle ekonomies aktief word en werksgeleenthede bekom. Jeugdige sal waardevolle werkplekervaring opdoen wat sal lei tot werksgeleenthede in die private sektor. Vennootskappe met gasheermaatskappye en ander relevante vennote sal verseker dat meer jeugdige privaatsektorgefokuste opleiding ontvang terwyl hulle werkservaring opdoen.

Die subprogram se intervensies sal besighede ook help om toegang te verkry tot 'n talentpoel wat dalk in die verlede onbereikbaar was weens die gebrek aan vaardighede. Die besighede het die geleentheid om jeugdiges op te lei in maatskappy- of bedryfspesifieke vaardighede wat benodig word, terwyl hulle verseker dat hul produktiwiteitsvlakke verhoog weens die bykomende arbeidsmag.

### 11.3.3 Subprogram 7.2: Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTBR-teikens		
			2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
Ondersteuning vir verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes	Werklose persone in werksgeleentheidsgeplaas	7.3 Getal werklose persone in werksgeleentheidsgeplaas	4 153	2 429	4 684	2 700	2 900	3 600	4 000
	Besighede met geskoolde arbeid ondersteun	7.3.1 Getal besighede met geskoolde arbeid ondersteun					28	40	50

### 11.3.4 Subprogram 7.2: Uitsetaanwysers: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
7.3 Getal werklose persone in werksgeleentheidsgeplaas	2 900		1 400		1 500
7.3.1 Getal besighede met geskoolde arbeid ondersteun	28		13		15

### 11.3.5 Subprogram 7.2: Bygewerkte sleutelrisiko's en versagtingsmaatreëls uit die SP

Uitkomste	Sleutelrisiko's	Risikoversagtingsmaatreëls
Ondersteuning vir verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes	Die jeug kry nie werk nie weens vakkeuses wat nie in lyn is met bedryfsbehoefte nie en die gebrek aan basiese vaardighede binne die werkplek.	Opleiding in tegniese en sagte vaardighede vorm deel van die intervensie en werkplekopleiding om dit die hoof te bied.
